# DIE GESKIEDENIS VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM 1907 - 1982

DEUR
PHILLIPUS PETRUS DÉ BRUYN, HONNS. B.A.

VERHANDELING GOEDGEKEUR VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN

GESKIEDENIS IN DIE FAKULTEIT
LETTERE EN WYSBEGEERTE VAN DIE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIER : PROF. PF VAN DER SCHYFF

POTCHEFSTROOM

DESEMBER 1987

## ABSTRACT

G88/11219

The thesis deals with the history of Potchefstroom Gimnasium, as preparatory school initially and later on as a secondary school. The school was founded in 1907 as preparatory school, by the Theological School of the Reformed Church of Potchefstroom.

The history of its origin is hereby attended to against the background of the general teaching conditions in the Cape Colony and in Potchefstroom. The misappreciation of Christian-National education during the late nineteenth century offered the stimulus which led to the foundation of the Preparatory School in 1907. The Preparatory School was in character a church school in the period between 1907 and 1914. It was thus exclusively upheld by the Reformed Church.

When the schoolyear commenced in 1915, it was decided that the name Preparatory School be changed to Potchefstroom Gimnasium, and that it would serve under authority of the Government in future. It now contained two sections namely a primary section and a secondary section.

In 1918 the two sections were separated and they became two independent institutions. Under the principality of Mr JJA Coetsee, who had served in this post since the foundation of the school, it grew to become a worthy secondary school.

During the period 1938-1965 the school developed into becoming a modern secondary school under authority of its second, permanently appointed headmaster, Mr W de K Kruger. This process of growth was continued by principals AJ Combrink, ABJ Kruger, LA Dreyer and AN Grobler.

Finally, the origin and meaning of the schools symbols are discussed. When dealing with symbols, the author also refers to the motto, the emblem and the school song.

It has been determined that Potchefstroom Gimnasium had grown into becoming a school of traditions over the period between 1907 and 1982. It bears a fruitful history and shows that it is firmly rooted in the traditions of Christian Reformation and Afrikanerdom.

## DANKBETUIGINGS

Dit is met genoeë wat ek alle persone en instansies wil bedank wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie verhandeling te voltooi.

Prof. dr. PF van der Schyff vir sy sinvolle en inspirerende leiding, en as oud-leerling van Potchefstroom Gimnasium, vir sy entoesiasme en betrokkenheid by die onderwerp. Ek wil ook my besondere waardering teenoor hom uitspreek vir sy openheid en eerlikheid rakende my navorsing en skryfwerk, sowel as vir sy geduld en aanmoediging.

Dr. LA Dreyer wat as eertydse hoof van Potchefstroom Gimnasium my in die geleentheid gestel het om by hierdie navorsing betrokke te kon raak.

Die hoofde van Potchefstroom Gimnasium wat die skool se argief tot my beskikking gestel het.

Die familielede van wyle JV Coetzee vir die beskikbaarstelling van sy persoonlike dokumente.

Die talle oud-onderwysers, -leerlinge en ander betrokkenes vir die hulp wat hulle aan my verleen het.

My dank gaan ook aan my vrou, Ena, en my kinders, vir die opofferings waartoe hulle bereid was gedurende die vakansies en naweke wat ek voor die lessenaar deurgebring het.

Aan God kom al die eer toe vir Sy genade en vir gesondheid en kragte wat Hy aan my geskenk het.

INHOUDSOPGAWE

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| | INLEIDING | |
| 1. | DIE VROEGSTE ONTWIKKELINGE OP ONDERWYSGEBIED IN POTCHEFSTROOM EN BURGERSDORP, 1838-1905 | 1 |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Onderwysontwikkelinge in Potchefstroom, 1838-1860 | 1 |
| 1.3 | Vernuwing en groei van die onderwys in Potchefstroom, 1860-1880 | 5 |
| 1.4 | Ontwikkeling en uitbreiding van skole in Potchefstroom, 1881-1899 | 7 |
| 1.5 | Die Tweede Vryheidsoorlog en die CNO-beweging, 1899-1905 | 9 |
| 1.6 | Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Burgersdorp, 1859-1905 | 12 |
| 2. | DIE WORDINGSJARE VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL EN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1905-1917 | 16 |
| 2.1 | Die Teologiese Skool en die voorsiening van onderwys in Potchefstroom, 1905-1906 | 16 |
| 2.2 | Die aanvangsjare van die Voorbereidende Skool, 1907-1914 | 17 |
| 2.3 | Die ontstaan en ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium, 1915-1917 | 27 |
| 2.4 | Potchefstroom Gimnasium verander na 'n Afrikaansmedium skool | 33 |
| 2.5 | Ontwikkeling op kulturele en sportgebied | 35 |
| 2.5.1 | Die ontstaan van die eerste kultuurvereniging | 35 |
| 2.5.2 | Ontwikkeling op sportgebied | 36 |
| 2.6 | Ten slotte | 36 |
| 3. | POTCHEFSTROOM GIMNASIUM AS SEKONDêRE SKOOL, 1918-1938 | 38 |
| 3.1 | Potchefstroom Gimnasium kry beslag as sekondêre skool, 1918 | 38 |
| 3.2 | Fisiese ontwikkeling | 39 |
| 3.2.1 | Skoolgeboue en -terreine | 41 |
| 3.2.2 | Koshuisakkommodasie en uitbreiding | 48 |
| 3.2.3 | Die leerlingtal | 50 |
| 3.3 | Ontwikkeling op akademiese gebied | 51 |
| 3.4 | Kulturele en sportaktiwiteite | 60 |
| 3.4.1 | Kulturele aktiwiteite | 60 |
| 3.4.2 | Sportbedrywighede | 63 |
| 3.5 | JJA Coetsee en Potchefstroom Gimnasium | 65 |
| 4. | POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WORD 'N MODERNE SEKONDêRE SKOOL, 1938-1965 | 68 |
| 4.1 | Die mens W de K Kruger | 68 |
| 4.2 | Fisiese ontwikkeling | 70 |
| 4.2.1 | Skoolgeboue en -terreine | 70 |
| 4.2.2 | Koshuisakkommodasie en uitbreiding | 78 |
| 4.2.3 | Die leerlingtal | 79 |
| 4.3 | Ontwikkeling op akademiese gebied | 80 |
| 4.4 | Kulturele en sportaktiwiteite | 85 |
| 4.4.1 | Kulturele aktiwiteite | 85 |
| 4.4.2 | Sportbedrywighede | 87 |
| 4.5 | Ten slotte | 89 |

| | | |
|---|---|---|
| 5. | POTCHEFSTROOM GIMNASIUM SE JARE VAN WOELING EN WORDING, 1966-1982 | 91 |
| 5.1 | Die skoolhoofde | 91 |
| 5.2 | Fisiese ontwikkeling | 94 |
| 5.2.1 | Ontwikkeling van skoolgeboue en -terreine | 94 |
| 5.2.2 | Koshuisakkommodasie en uitbreiding | 99 |
| 5.2.3 | Die leerlingtal | 101 |
| 5.3 | Ontwikkeling op akademiese gebied | 102 |
| 5.4 | Kulturele en sportaktiwiteite | 106 |
| 5.4.1 | Kulturele aktiwiteite | 106 |
| 5.4.2 | Sportbedrywighede | 109 |
| 5.5 | Ten slotte | 111 |
| 6. | DIE SIMBOLE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1907-1982 | 114 |
| 7. | SAMEVATTING | 121 |
| | BYLAES | |
| | BRONNE | |

## INLEIDING

Potchefstroom Gimnasium is in 1907 gestig en het 'n lang en tradisieryke verlede. In 1982 is die skool se vyf-en-sewentigste bestaansjaar op luisterryke wyse gevier waartydens ook 'n gedenkalbum van die skool se geskiedenis uitgegee is. Hierdie album beeld die skool se geskiedenis uit en skrywer het 'n aansienlike aandeel in die opstel daarvan gehad. Dit is egter geen wetenskaplike geskrif nie maar eerder populêr van aard waarin tot 'n groot mate op fotomateriaal gefokus is. Skrywer se betrokkenheid by die opstel van die gedenkalbum het direk aanleiding gegee tot die opstel van 'n meer wetenskaplike werk oor die skool se geskiedenis.

In 1982 het LA Dreyer 'n M.Ed.-verhandeling die lig laat sien met die titel: "Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel". (Dreyer was die vyfde permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium). Hierdie is die eerste wetenskaplike geskrif met Potchefstroom Gimnasium as tema. Die doel van die navorsing was om die stigting, ontwikkeling, gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium aan die Christelik-nasionale onderwysbeginsel te toets. Hoewel Dreyer hom noodwendig besig gehou het met die skool se verlede, is slegs die historiese gegewens aangewend wat betrekking het op sy hipotese, naamlik dat Potchefstroom Gimnasium as 'n eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel beskou kan word. Die fokus in dié verhandeling is dus eerder op die opvoedkundige as op die historiese gerig.

Die doel van hierdie navorsing is die daarstel van 'n geskiedenis van Potchefstroom Gimnasium gedurende die jare 1907 tot 1982. Daarin val die soeklig veral op die ontwikkeling wat die skool gedurende hierdie tydperk op fisiese, akademiese, kulturele en sportgebied ondergaan het. Elke skoolhoof word verder indiwidueel bekend gestel waarna elkeen se dienstydperk aan die skool in hoofstukke drie tot vyf geëvalueer word.

Potchefstroom Gimnasium is een van die sewe sekondêre skole in Potchefstroom. As een van die oudste Afrikaansmedium sekondêre skole in Suid-Afrika strek die skool se aansien egter veel wyer as sy onmiddellike omgewing. Die teenwoordigheid van die Staatspresident as eregas tydens 'n dinee ter herdenking van die skool se 75e bestaansjaar in 1982, getuig grootliks hiervan.

Die ondersoekgebied is in ses hoofstukke verdeel en die indeling wat gevolg word is sowel chronologies as tematies. Hoofstukke een en twee handel oor die aanloop tot die stigting van Potchefstroom Gimnasium, die stigting self asook die ontwikkelinge wat daartoe lei dat die skool in 1918 'n selfstandige sekondêre skool geword het. In hoofstukke drie tot vyf kom die ontwikkeling as sekondêre skool aan die orde en in hoofstuk ses word die oorsprong en betekenis van die skool se simbole van nader belig. Die chronologiese indeling is onderskeidelik in ooreenstemming met die besonder lang verbintenis van JJA Coetsee en W de K Kruger met die skool. Die laaste vier hoofde word, vanweë hulle korter verbintenisse saam binne een hoofstuk gegroepeer. Elke afsonderlike hoofstuk word vanaf hoofstukke twee tot vyf tematies onderverdeel volgens die fisiese ontwikkeling, akademiese aangeleenthede en die ontwikkeling op kulturele en sportgebied.

In die ondersoek is daar in 'n groot mate gesteun op primêre bronne terwyl sekondêre bronne hoofsaaklik vir agtergrondsketsing aangewend is. Ongepubliseerde argivalia is verkry uit die argiewe van die Gereformeerde Kerk, die Potchefstroomse Skoolraad, Potchefstroom Gimnasium en die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Waardevolle inligting is ook bekom uit manuskripte van die JV Coetzee-versameling wat goedgunstiglik deur .. [illegible]d voorsien is. In die meeste gevalle was die argivalia en manuskripte egter ongeorden en gevolglik is verwysings daarna in die voetnote en bronnelys nie van nommers voorsien nie. Die primêre bronne was feitlik deurgaans uiters gefragmenteerd en onvoldoende, en by gebrek aan alternatiewe sekondêre bronne is heelwat probleme ondervind met die sintese van hierdie verhandeling. Hierdie probleem is gedeeltelik ondervang deur inligting wat uit koerantstudies en deur onderhoude bekom is.

Wat tegniese aspekte betref is daar slegs van enkele afkortings soos TOD vir Transvaalse Onderwysdepartement en TPA vir Transvaalse Provinsiale Administrasie gebruik gemaak. Waar getalle gebruik is word een tot negentien in woorde geskryf terwyl alle syfers vanaf 20 in syfers uitgedruk word.

# 1. DIE VROEGSTE ONTWIKKELINGE OP ONDERWYSGEBIED IN POTCHEFSTROOM EN BURGERSDORP, 1838 - 1905

## 1.1 INLEIDING

Die wortels van Potchefstroom Gimnasium lê diep ingebed in die negentiende eeuse onderwysontwikkelinge in die Kaapkolonie. Dit was daar waar die Burgersdorpers praktiese beslag gegee het aan die Christelik-nasionale onderwysgedagte met die oprigting van 'n voorbereidende skool in 1886. Op Potchefstroom is hierdie opvoedingsideaal ook reeds gedurende die vorige eeu doelbewus nagestreef, wat in 1905 op die oprigting van 'n soortgelyke voorbereidende skool uitgeloop het. Hierdie skool het sy ontstaan te danke gehad aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, wat ook die oprigter van die voorbereidende skool te Burgersdorp was. Die skool op Potchefstroom moet gesien word as die voorloper van die latere Potchefstroom Gimnasium.

Verwikkelinge op die gebied van onderwys in sowel Burgersdorp as op Potchefstroom gedurende die laat negentiende en vroeg 20e eeu, staan dus in noue verband met die oprigting van Potchefstroom Gimnasium.

## 1.2 ONDERWYSONTWIKKELINGE IN POTCHEFSTROOM, 1838 - 1860

Andries Hendrik Potgieter was een van die Voortrekkerleiers wat, soos vele ander Hollands-Afrikaanse grensboere, die oostelike Kaapkolonie na 1835 permanent verlaat het.[1] Hy en sy trekgeselskap het die gebied benoorde die Vaalrivier binnegetrek en hulle teen die einde van 1838 aan die Mooirivier gevestig.[2]

Die eerste jare van die nedersetting is veral bestee aan die bewoonbaarmaking van die land. Hiervoor is ook die kinders ingespan sodat daar min tyd was vir formele onderwys. Die nedersetters was egter gesteld op 'n sekere minimum van verstandelike ontwikkeling vir hulle kinders. Hulle moes kon lees, sing, skryf en reken wat verseker het dat hulle nie in ongeletterd-

---

1 CFJ Muller, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 162

2 WJ Badenhorst, "Die Geskiedenis van Potchefstroom" in AJH van der Walt e.a., Potchefstroom 1838-1938, pp. 16-18

heid verval het nie.[3] Die invloed van die kerk hierin was ook belangrik aangesien lees- en skryfkennis as 'n voorvereiste vir belydenisaflegging gestel is.[4]

Daar was gedurende die jare 1838 tot 1851 geen sprake van georganiseerde onderwys in die Potchefstroomse nedersetting nie.[5] Die moeder het meesal self haar kinders onderrig omdat onderwysers en predikante uiters skaars was. Enkele onderwysers het die trekgeselskappe vergesel, byvoorbeeld Macdonald en Tielman Roos wat saam met Potgieter getrek het. Roos het hom in 1839 op 'n plaas tussen Potchefstroom en die Magaliesberge gevestig, waarna hy gereeld onderwys verskaf het aan die kinders van verskillende families. In dieselfde tyd het 'n sekere tant Kootjie Basson ook onder die nedersetters rondbeweeg en onderwys aan die kinders gegee.[6]

Die onderrigmiddele het hoofsaaklik bestaan uit die "ABC"-boek, "Trap der Jeugd", "Het kort begrip der Christelijke leer", die Psalm- en Gesangeboek en Jacobus Borstius se "Enige korte vragen voor de kleine kinderen".[7]

Onderwys is gedurende hierdie vroeë jare bloot as 'n middel beskou om die kinders op kerklidmaatskap voor te berei. In 1842 reeds is doelgerigte pogings aangewend om predikante van die Hervormde Kerk en onderwysers uit Nederland te bekom. Predikante PE Faure en W Robinson het Potchefstroom gedurende 1848 besoek waartydens 142 kinders gedoop en 134 lidmate belydenis van die geloof afgelê het. Die groot getal belydenisafleggings dui daarop dat die onderrig beslis nie agterweë gebly het nie.[8]

---

3 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, pp. 123-124

4 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, p. 28

5 DJP Haasbroek, Die geskiedenis van Potchefstroom, p. 39

6 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, pp. 29-31

7 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 125

8 AH Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, p. 11; J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 126-127

Op staatkundige gebied was die totstandkoming van die "Zuid-Afrikaansche Republiek" (ZAR) in 1853 van besondere belang vir die onderwys op Potchefstroom.[9] Na verskeie onsuksesvolle pogings om onderwysers uit Nederland te bekom, het die Volksraad reeds in Julie 1852 vir Hendrik van der Linden as onderwyser op Potchefstroom aangestel.[10] Van der Linden het saam met sy aansoek ook 'n onderwysreglement by die Volksraad ingedien.[11] Die reglement wat aanvaar is, het aan kerkrade die verantwoordelikheid gegee om die stigting en instandhouding van asook die toesig oor skole te behartig.[12]

Van der Linden het op 19 Julie 1852 onderrig begin gee in die eerste openbare skool op Potchefstroom. Die skool, wat op die nuwe markplein geleë was,[13] het spoedig 85 leerlinge geakkommodeer.[14] Na enkele maande het sommige die skool weer verlaat wat daarop dui dat die nedersetters nog nie die waarde van formele onderwys ten volle besef het nie.

Die hoogste opvoedingsideaal wat hulle gekoester het, was dat hulle kinders moes kon lees en skryf ter voorbereiding op kerklidmaatskap. Om hierdie ideaal te kon verwesenlik was die minimum formele onderwys vir hulle heeltemal voldoende.[15] Tydens hulle besoek aan Potchefstroom in Maart 1852 het predikante A Murray en JH Neetling dan ook bevind dat daar slegs enkele

---

9 JS du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in CFJ Muller (red.) Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, pp. 256-257

10 AH Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, pp. 29-36

11 A Barnard, Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys (blank) in Transvaal, p. 8

12 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, pp. 35-36

13 Die markplein was geleë ten suide van die huidige Lombardstraat en wes van wat teenswoordig Gouwsstraat is.

14 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom, 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 161

15 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, p. 37

kandidate vir belydenisaflegging was wat nie kon lees nie.[16)]

Die eerste predikant op Potchefstroom was ds. Dirk van der Hoff wat in 1853 uit Nederland gekom het.[17)] Hy was ook die stigter van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR en het 'n sterk invloed op die onderwys in Potchefstroom uitgeoefen.[18)] In 1853 is hy deur die Volksraad aangestel as hoof van skool- en kerkaangeleenthede in Potchefstroom. Belangrik is die feit dat die Kerkraad onder sy leiding 'n reglement aangeneem het wat 'n groter mate van kerklike beheer oor die onderwys in Potchefstroom gewettig het.[19)]

Gedurende 1854 het allerlei twiste tussen ds. Van der Hoff en onderwyser Van der Linden daartoe gelei dat laasgenoemde uit sy pos bedank het. 'n Onbevredigende situasie het daarna tot 1859 voortgeduur deurdat die skool telkens gesluit en heropen is.[20)]

Die onderwys in die ZAR is vanaf 1858 onder staatsbeheer geplaas.[21)] Hierdie ontwikkeling was ten volle in ooreenstemming met die demokratiese beskouing van die volk.[22)] 'n Skoolkommissie is kort daarna in Potchefstroom aangestel bestaande uit staatspresident MW Pretorius, ds. D van der Hoff, AM Goetz, HS Lombard en B Poortman. Die Skoolkommissie het in 1859 'n nuwe onderwysreglement aan die Volksraad voorgelê wat na goedkeuring as onderwyswet vir die hele ZAR gegeld het.[23)]

---

16 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 130

17 G Jenkins, A Century of history: The story of Potchefstroom, p. 12

18 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, pp. 31-32

19 J Chris. Coetzee, Onderwys in Suid-Afrika, p. 263

20 AH Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, pp. 52-55

21 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 136

22 SP Engelbrecht, Thomas Francois Burgers, pp. 132-133

23 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, pp. 36-37

Die Staatskool in Potchefstroom is gedurende 1859 heropen en is goed onderstuen soos blyk uit die sowat honderd leerlinge wat toe reeds op skool was. Hendrik van der Linden het teruggekeer en is weer deur die regering as onderwyser aangestel.[24)]

## 1.3 VERNUWING EN GROEI VAN DIE ONDERWYS IN POTCHEFSTROOM, 1860 - 1880

In die vroeë jare sestig is die georganiseerde onderwys in die ZAR ernstig benadeel deur kerklike verdeeldheid en interne politieke twis. Dit het meegebring dat skole dikwels vir sekere tye gesluit is.[25)]

Die Staatskool op Potchefstroom is ook na 1860 gesluit en het eers in Julie 1862 heropen toe Van der Linden vir die derde keer as onderwyser aangestel is. In Oktober 1863 is Van der Linden tot Staatsekretaris van die ZAR benoem met die gevolg dat die skool weer eens tot stilstand gekom het. Dit is eers weer in Augustus 1864 heropen met JA Grimm se diensaanvaarding as onderwyser.[26)]

Die onderwysreglement van 1859 het bygedra tot die onmin deur die bepaling dat onderwysers van staatskole lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk moes wees. Dit was veral lidmate van die Gereformeerde Kerk wat hulle teen dié onderwysreëling verset het. In Potchefstroom en omgewing het Gereformeerdes uit protes geweier om hulle kinders na die plaaslike staatskool te stuur.[27)] Ouderling PJW Schutte van die plaas Buffeldoorns was so ontevrede met dié onderwysreëling dat hy sy kinders na die kerkskool van ds. Dirk Postma in Rustenburg gestuur het.[28)] In 1866 is hierdie bron van ontevredenheid uit die weg geruim toe die Volksraad 'n nuwe onderwyswet aanvaar

---

24 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 137-138

25 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, p. 50

26 AH Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, pp. 69-70

27 JV Coetzee en J Chris. Coetzee, Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom 1863-1938, p. 39

28 J Chris. Coetzee, Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in die Transvaal 1859-1937, p. 16

het. Dit het slegs bepaal dat onderwysers van staatskole lidmate van 'n Protestantse kerk moes wees.[29)]

Die kurrikulum van die Staatskool in Potchefstroom is in 1866 uitgebrei deur die toevoeging van Engels as vak. JH Roselt is as onderwyser aangestel om dié vak te onderrig.[30)] Dit het 'n vergrote leerlingtal meegebring wat aan die einde van 1866 bestaan het uit 22 Engels-, 20 Hollands- en 20 dubbelmedium leerlinge.[31)] Dit het spoedig geblyk dat die onderwysfasiliteite onvoldoende was om in die behoefte van die snel groeiende Engelssprekende gemeenskap op die dorp te voorsien. Engelssprekendes het daarom self die inisiatief geneem met die oprigting van eie skole. In 1867 en 1869 is die "St Mary's Church" en die "Potchefstroom College" onderskeidelik opgerig terwyl die "Public Day School" in 1872 opgerig is as 'n soort voorbereidende skool vir Engelssprekende kinders.[32)]

Daar was teen hierdie tyd al verskeie privaatskole op Potchefstroom wat met mekaar en met die Staatskool om leerlingtalle meegeding het. In die omgewing was daar ook enkele distriksonderwysers werksaam.[33)]

Die politieke woelinge wat in 1871 gevolg het op die bedanking van MW Pretorius as staatspresident van die ZAR[34)] het ook 'n duidelike merk op die onderwys in Potchefstroom nagelaat. Die swak uiterlike toestand waarin die gebou van die Staatskool verkeer het, dui op gebrekkige herstelwerk. In

---

29 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, pp. 51-54

30 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 149

31 AH Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, p. 80

32 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 148-153, 160-161

33 Die onderwyswet van 1866 het voorsiening gemaak vir distriksonderwysers op die plase, wat onderskei kan word van die rondgaande onderwysers wat meesal swak geskool en van twyfelagtige karakter was.
J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 148

34 JS du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek" in CFJ Muller, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 262

1873 het die leerlingtal afgeneem tot slegs dertien leerlinge wat die Hollandsmedium klasse bygewoon het.[35]

In Julie 1876 is die Staatskool op Potchefstroom omskep in wat toe as die Distrikskool bekend geword het. Die skool het toe 'n leerlingtal van 44 gehad met W Louis as hoof en FC Rex as hulponderwyser.[36]

Na die Britse oorname van die ZAR in April 1877 was daar 'n toename in Engelsmedium skole in Potchefstroom. Skole wat gedurende die jare tot 1880 ontstaan het, was naamlik die "Potchefstroom Ladies' Seminary" (47 leerlinge), die "Day School" (20 leerlinge) en 'n "High School". Die leerlingtal van die Distrikskool het daarteenoor afgeneem van 110 in 1878 tot 71 in 1880.[37]

## 1.4 ONTWIKKELING EN UITBREIDING VAN SKOLE IN POTCHEFSTROOM, 1881 - 1899

Die Eerste Vryheidsoorlog (1880 - 1881) het remmend ingewerk op onderwysgebeure in Potchefstroom en omgewing. Gedurende die oorlog het die onderwysers geen salaris en subsidie van die regering ontvang nie. Na die oorlog het slegs twee van die vier onderwysers voortgegaan om die tien klasse van die Distrikskool te onderrig.[38]

Die situasie het daarna nog verder verswak en in 1882 was W Louis die enigste onderwyser aan die Distrikskool waar sowat vyf tot 60 leerlinge onderrig ontvang het. Die Superintendent van Onderwys, ds. SJ du Toit, het egter nog in dieselfde jaar daarvoor gesorg dat die aantal onderwysers tot vier vermeerder is.[39]

---

35 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 162-163

36 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 170-173

37 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 180-185

38 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 187

39 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 184

Die Distrikskool en die "Ladies' Seminary" is in 1883 met mekaar verenig as "De Publieke School te Potchefstroom". Tog het dit nie die karakter van 'n gemengde skool gehad nie aangesien seuns en dogters afsonderlik van mekaar onderrig ontvang het. Ofskoon dit 'n Christelike skool was, is dogmatiese godsdiensonderrig nie daar toegelaat nie.[40] Vanweë sy uitgesproke Christelike karakter is die skool goed ontvang deur die Hollands-Afrikaanse gemeenskap van Potchefstroom. Op advies van die Algemene Kerkvergadering het selfs Gereformeerdes hulle kinders toenemend na die Publieke Skool gestuur.[41]

In Januarie 1889 het ds. ML Fick hom as leraar van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk op Potchefstroom gevestig. Hy was vir meer as 30 jaar in Potchefstroom woonagtig en 'n prominente figuur op onderwysgebied. In 1890 reeds het ds. Fick die leiding geneem met die oprigting van die "Armenschool"[42] in die suidelike deel van die dorp. Dit was 'n mindergegoede deel waar weinig kinders tot op daardie stadium onderwys ontvang het.[43]

Verskeie ander skole is gedurende hierdie tyd in Potchefstroom opgerig, waaronder die "Conventschool" (kloosterskool) wat in 1889 met 80 leerlinge begin is. Die skool het ook Hollands as vak aangebied. Dis merkwaardig dat die leerlingtal van die skool binne slegs een jaar tot 200 aangegroei het.[44]

Die Meriba-skool is in 1891 ook op inisiatief van ds. Fick opgerig. Die rede vir die oprigting daarvan was om vir leerlinge wat groot afstande na die Publieke Skool moes aflê, voorsiening te maak. 'n Sekere WJ Jooste het in 1896 £1000 aan hierdie skool bewillig vir die oprigting van 'n eie skoolge-

---

40 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 193

41 J Chris. Coetzee, Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in die Transvaal, pp. 21-22

42 Die skool was in 'n woonhuis aan die huidige Jeugdstraat gehuisves, op die plek waar die Laerskool ML Fick tans geleë is.

43 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 204

44 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 203

bou. Die skool het in 1897 geopen as die "WJ Jooste-Gift"-skool. Die naam daarvan is later na "North School" verander en nog later na die Laerskool President Pretorius.[45)]

In 1892 het die Superintendent van Onderwys in die ZAR, dr. N Mansvelt, 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel met Hollands as medium van onderwys van stapel gestuur, en ook die onderwysadministrasie op 'n hegter grondslag geplaas.[46)] Die Tweede Vryheidsoorlog het hierdie stelsel egter onder groot druk geplaas en gedurende die oorlog is die onderwys in Potchefstroom ook onder besonder moeilike omstandighede voortgesit.

## 1.5 DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG EN DIE C N O -BEWEGING, 1899 - 1905

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902) het talle onderwysers by die gewapende magte van die ZAR aangesluit. Uit Potchefstroom was daar selfs drie skoolhoofde wat hulle vir aktiewe diens aangemeld het, naamlik mnre. Viljoen, Bresler en Boersma.

In Potchefstroom het die skole gedurende die oorlog onder moeilike omstandighede gebuk gegaan. Die "Armenschool" het aanvanklik voortgegaan om te funksioneer met die hulp van die dowe Eduard Bosman en twee dames. Op 11 Junie 1900 het die Engelse Potchefstroom ingeneem en is die skoolgebou ingerig vir gevange huisgesinne. Die gevangenes is later in 1901 na die konsentrasiekamp elders in die dorp oorgeplaas. Die Publieke Skool is na die besetting van Potchefstroom in 1900 heropen as die "Central School" met G Newby as hoof en enkele Engelse onderwyseresse. Die "W.J. Jooste-Gift"-skool en die Kloosterskool het ook hulle werksaamhede tydens die oorlog met die hulp van Engelse onderwyseresse voortgesit.[47)]

Die Britse owerheid het vanaf 1901 begin met die oprigting van skole in die

---

45 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 254-255

46 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 210-221

47 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 226-227

verskillende konsentrasiekampe in Transvaal.[48] So 'n kampskool is reeds gedurende die eerste helfte van 1901 in Potchefstroom opgerig. Die hoof was A Law en hy is bygestaan deur 'n aantal dames. Die klaslokale was groot tente waarin ongeveer 400 leerlinge onderrig ontvang het. Na die vredesluiting by Vereeniging in 1902 is die skool gesluit waarna die skole van Potchefstroom weer redelik normaal gefunksioneer het.[49]

In 1903 het MM Bresler sy pligte as hoof van die "Armenschool", wat van toe af die "South School" genoem is, hervat. Die skool se personeel het uit nege lede bestaan met 'n leerlingtal van 354. Engels was voortaan die onderwysmedium. Die "North School" en die "Central School" het in 1903 onderskeidelik agt en sewe personeellede gehad met leerlingtalle van onderskeidelik 267 en 159.[50]

Vanaf 1903 is 'n gesentraliseerde onderwysstelsel vir die hele Suid-Afrika geïmplementeer wat in ooreenstemming was met Milner se liberalisties-imperialistiese staatsbeleid.[51] Milner het hom dit ten doel gestel om die Hollands-Afrikaanssprekende bevolking te denasionaliseer deur 'n ondergeskikte posisie aan hulle taal en godsdiens in die onderwys toe te ken.[52]

Die Christelik-nasionale onderwysbeweging (CNO), wat na 1901 in Transvaal beslag gekry het as 'n versetbeweging teen hierdie beleid,[53] het ook groot steun in Potchefstroom geniet. Die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk het in 1903 besluit om hom daadwerklik te beywer vir die bevordering van Christelik-nasionale onderwys. Dit was veral die nuwe predikant

---

48 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, pp. 115-117

49 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 228

50 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 229-230

51 SB Spies, "Heropbou en unifikasie, 1902-1910" in CFJ Muller, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 363

52 HJJ Bingle, "Die Gereformeerde Kerk en die laer en middelbare onderwys" in GCP van der Vyver(red.), Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959, p. 211

53 HJJ Bingle, "Die Gereformeerde Kerk en die laer en middelbare onderwys" in GCP van der Vyver(red.), Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959, p. 213

van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom, dr. JD du Toit, wat op 25 September 1903 bevestig is, wat hom doelbewus hiervoor beywer het. Hy het sy invloed gebruik om die (Gereformeerde) Teologiese Skool, wat beskou is as 'n besonder kragtige bolwerk vir Christelik-nasionale onderwys, in 1904 na Potchefstroom oorgeplaas te kry.[54] Die Kerkraad van die plaaslike Gereformeerde Kerk het homself ook vir Christelik-nasionale onderwys beywer en in 1904 besluit om die "Ou Kerkie"[55] beskikbaar te stel vir die oprigting van 'n Christelike privaatskool.

Teen 1904 het die volgende CNO-skole reeds in Potchefstroom en omgewing bestaan: Kaalplaats (22 leerlinge) met R Hoekstra as onderwyser; Boschhoek (14 leerlinge) met J van der Tak as onderwyser; Deelkraal (20 leerlinge) met AJ van der Walt as onderwyser; Potchefstroom (14 leerlinge) met H Dreyer as onderwyser.[56] In die daaropvolgende jaar het die aantal CNO-skole asook die leerlingtal in elke skool aanmerklik toegeneem:[57] Kaalplaats (24 leerlinge); Boschhoek (26 leerlinge); Buffeldoorns (16 leerlinge); Vlakplaats (24 leerlinge); Potchefstroom (32 leerlinge). Die meeste van hierdie skole het egter onder finansiële druk teen 1907 reeds verdwyn.[58]

In 1905 is die "Central School" in twee afsonderlike skole verdeel. CD Hope en mej. ME Burton is onderskeidelik aangestel as hoofde van die "College for Boys" en die "Potchefstroom Secondary School for Girls". Afgesien van die "North School" en die "South School", is die Vyfhoekskool ook in die jare voor 1905 in Potchefstroom opgerig.[59]

---

54 JV Coetzee en J Chris. Coetzee, Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom, pp. 49-50

55 Die sogenaamde "Ou Kerkie" was die eerste kerkgebou van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom. Dis op 12 Januarie 1867 in gebruik geneem.

56 Gereformeerde Kerk, Die Almanak, 1904, pp. 70-71

57 Gereformeerde Kerk, Die Almanak, 1905, p. 69

58 J Chris. Coetzee, "Die Voorbereidende Skool te Potchefstroom" in Koers no. 25, Oktober 1957, p. 130

59 J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, pp. 234-237

Die voorsiening van sekondêre onderwys op Potchefstroom was teen 1905 slegs tot Engelsmediumskole beperk. Daar was dus slegs primêre skole waarin voorsiening gemaak is vir die onderrig van Hollands-Afrikaanse leerlinge.[60)]

## 1.6 DIE GEREFORMEERDE KERK EN DIE ONDERWYS IN BURGERSDORP, 1859 - 1905

Die onderwys in Kaapland het sedert Britse kolonisasie in 1806 'n oorwegend Engelse karakter gedra. Hierbenewens was skole hoofsaaklik tot die dorpe en groter sentra beperk en dus buite die bereik van die bevolking in afgeleë plattelandse distrikte. Die enigste onderwys in hierdie gebiede is deur rondreisende onderwysers en deur ouers self verskaf.[61)] Die Britse onderwysstelsel het bowendien weinig ruimte gelaat vir die tradisies en gewoontes van die Hollands-Afrikaanse bevolking in die Kaapkolonie. So is alle dogmatiese godsdiensonderwys uit skole geweer en in 1865 is bepaal dat alle godsdiensonderwys buite skoolure moes plaasvind.[62)]

Dit was daarom 'n belangrike ontwikkeling toe die (Gereformeerde) Teologiese Skool in 1869 te Burgersdorp opgerig is.[63)] Hierdie Skool was van die begin af bestem om ook onderwysers op te lei wat volgens die Christelik-Gereformeerde tradisie onderrig kon verskaf.[64)]

Om die onderwys verder te bevorder het die Gereformeerde Kerke in die Kaapkolonie in 1870 gesamentlik besluit om kerkrade en gemeentes aan te moedig om kerkskole op te rig. Dis so genoem omdat sulke skole onder die toesig van die plaaslike kerkrade sou staan.[65)] Kerkskole is sodoende opgerig te

---

60 LA Dreyer, Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, pp. 102-103

61 PW Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, pp. 13-19

62 PW Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, pp. 30-31

63 GCP van der Vyver, My erfenis is vir my mooi, pp. 22-23

64 HJJ Bingle, "Die Gereformeerde Kerk en die laer en middelbare onderwys" in GCP van der Vyver, Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1939, p. 209

65 DH Cilliers, Die geskiedenis van Christelik-nasionale onderwys in Kaapland tot 1900, pp. 107-109

Kraaiplaats, Modderbult (Burgersdorp), Beschuitfontein en Osfontein. Hierdie skole het egter 'n opdraande stryd gevoer weens 'n gebrek aan geskikte onderwysers, finansiële laste en mededinging met staatsondersteunde skole.[66]

Die Gereformeerde Kerk van Burgersdorp het gedurende 1886 'n skool opgerig wat moes "beantwoorden aan de belangen van onze Hollandsche bevolking - door nl. het Godsdienst onderwijs door de hoofplaats te doen aannemen, de zolang miskende Hollandsche taal recht te doen wedervaren en tevens degelijk Elementaire onderwijs te verschaffen. De Bijbel en het Godsdienst-Onderwijs neemt een eerst plaas in. Alles moet doordrongen zijn van de Christelijken Gees".[67] Die skool was bekend as die Vrye Christelike Skool en PS Snyman die eerste onderwyser. Dit het 'n aanvanklike leerlingtal van sowat 20 gehad, maar dit het spoedig meer as verdubbel.[68] Ofskoon die skool vanaf 1891 finansiële hulp van staatsweë aanvaar het, is die toesig oor die skool steeds deur die plaaslike Kerkraad behartig. Die Vrye Christelike Skool het, anders as ander soortgelyke skole, teenslae soos die Tweede Vryheidsoorlog oorleef en selfs na die oorlog bly voortbestaan.[69]

Die Vrye Christelike Skool het hoofsaaklik gedien as voorbereidende skool vir toelating tot die Literariese Departement[70] van die Teologiese Skool. Voornemende predikante en onderwysers kon hulle dus daar gaan bekwaam om tot die Teologiese Skool vir verdere studie toegelaat te word.

Om toelating tot die Literariese Departement te verkry moes daar van 1873 af 'n admissie-eksamen afgelê word. Die vereistes vir toelating was 'n basiese kennis van Hollands, Engels, Wiskunde, Geskiedenis, Natuurstudie en

66 PW Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, p. 49

67 "De Maandbode", Oktober 1886 soos aangehaal in PW Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, pp. 94-95

68 DH Cilliers, Die geskiedenis van Christelik-nasionale onderwys in Kaapland tot 1900, p. 158

69 PW Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, pp. 92-93, 98

70 Die Literariese Departement het later ontwikkel tot 'n selfstandige universiteit, die Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Bybelse en Kerkgeskiedenis. Van 1879 af is die toelatingsvereistes verhoog tot 'n universiteitstoelatingsertifikaat.[71] Om in 'n klaarblyklike behoefte te voorsien het die Literariese Departement in 1894 daartoe oorgegaan om self sekondêre onderwys tot op standerd tien-vlak aan te bied. Sodoende het die Literariese Departement self kandidate op universiteitstoelating voorberei.

Die voorsiening van voorbereidende onderwys is in 1904 verder uitgebrei en waarskynlik ook duideliker as in 1894 omskryf. Prof. F Postma het in 1904 'n skema vir voorbereidende onderwys[72] opgestel wat vir vier standerds voorsiening gemaak het en wat grootliks ooreenstem met standerds sewe tot tien in sekondêre skole vandag.[73]

Die Literariese Departement het in 1904 kurrikulêr ook vir die onderrig van "ander vakken" voorsiening gemaak.[74] Daarmee is 'n aanvang gemaak met akademiese opleiding in ander beroepsrigtings as die teologie en onderwys.

Op versoek van ds. D Postma jr. en dr. JD du Toit is die Teologiese Skool aan die einde van 1904 na Potchefstroom verskuif. Die gebrek aan voldoende akkommodasiefasiliteite in Burgersdorp het klaarblyklik tot hierdie stap aanleiding gegee.[75] Verder was daar in die naweë van die Tweede Vryheidsoorlog in Transvaal veral 'n sterk behoefte aan Christelik-nasionale onder-

---

71 GCP van der Vyver, My erfenis is vir my mooi, pp. 30-31, 39

72 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 7.12.1904, art, 27 (kyk Bylae 1).
Die Teologiese Skool van die Christelike Gereformeerde Kerk te Grand Rapids in die VSA het soortgelyke voorbereidende onderwys verskaf. Die "John Calvin Junior College" het self 'n vierjarige voorbereidende kursus ("Seminary Preparatory Course") aangebied. Dis opvallend dat die kurrikulum van die voorbereidende kursus te Potchefstroom veel meer omvangryk was as dié van Grand Rapids. In beide skole het tale 'n belangrike plek ingeneem, hoewel daar weinig voorsiening vir wiskundige vakke aan die "Junior College" gemaak is. (kyk D Postma, "Het Gereformeerd Gymnasium in het Zuiden, voorbereidend tot de Theol. School" in Fac et Spera, 1.10.1908)

73 T Eloff, Die Gereformeerde Kerk en die Voorbereidende Skool, p. 8

74 J Chris. Coetzee, "Voorbereidende Skool te Potchefstroom" in Koers no. 25, Oktober 1957, pp. 129-130

75 Gereformeerde Kerk, Het Studentenblad, 27.4.1904

wys, wat beskou is as die "enigste redmiddel van onze verlamde ou volkie".[76)]

Dit is belangrik om daarop te let dat enkele leerlinge van die Vrye Christelike Skool die verhuising na Potchefstroom meegemaak het.[77)] Die Skool was bestem om in Potchefstroom 'n kragtige bres vir volk en taal te slaan.[78)] Die belang hiervan vir verdere onderwysontwikkelinge in Potchefstroom word in die volgende hoofstuk bespreek.

---

76 JV Coetzee, "Die oudste Afrikaans-medium skool" (manuskrip)

77 JV Coetzee, "Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium" (manuskrip), Februarie 1973, p. 2

78 GCP van der Vyver, My erfenis is vir my mooi, p. 106

# 2. DIE WORDINGSJARE VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL EN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1905 - 1917

## 2.1 DIE TEOLOGIESE SKOOL EN DIE VOORSIENING VAN ONDERWYS IN POTCHEFSTROOM, 1905 - 1906

Na die vestiging van die Teologiese Skool op Potchefstroom het die Literariese Departement sy voorbereidende kursus voortgesit. Die kursus het ook in 'n belangrike behoefte voorsien aangesien beide sekondêre skole op die dorp slegs Engels as onderrigmedium aangebied het. Die leerlinge wat in 1904 saam met die sewe teologiese studente van Burgersdorp af gekom het, twee matrikulante en sowat tien ander leerlinge,[1] kon dus met hulle akademiese opleiding op Potchefstroom voortgaan. Aangesien meisies toe nog nie toegelaat is om die voorbereidende kursus te volg nie, het prof. Jan Lion-Cachet, 'n dosent aan die Teologiese Skool, sy dogter in 1905 na die "Potchefstroom Secondary School for Girls" gestuur.[2]

In die Literariese Departement is vanaf 1905 duidelik onderskeid gemaak tussen "studenten" en "juniores".[3] Die "juniores" was die leerlinge wat die voorbereidende kursus gevolg het.

Dit het egter spoedig geblyk dat die onderwysbehoefte in Potchefstroom veel groter was as waarvoor die voorbereidende kursus voorsiening gemaak het. Die behoefte is veroorsaak deurdat die enigste CNO-skool op die dorp met Hollands as voertaal net leerlinge tot standerd drie geakkommodeer het. Daar was dus geen skole wat moedertaalonderrig aangebied het vir Hollands-Afrikaanssprekende leerlinge tussen standerds vier en ses nie.[4]

Die Kuratore van die Teologiese Skool het hierdie onderwysbehoefte alreeds gedurende die jaar 1905 daadwerklik aangespreek. In die Notule van die Ku-

---

1 JJA Coetsee, "Die Theologiese School in die jaar 1905" in Fac et Spera, Desember 1917, p. 7

2 JV Coetzee,"Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium"(manuskrip), Februarie 1973, p. 7

3 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 7.12.1904

4 JV Coetzee,"Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium"(manuskrip), Februarie 1973, pp. 5,10

ratore-vergadering gehou op 5 Desember 1905 staan opgeteken dat "Student J van der Walt is aangesteld voor een vergoeding van £27 per jaar en geeft drie uren les per dag aan de lagere klassen."[5] Uit die betrokke notule blyk dit dat die Kuratore Van der Walt aan die einde van 1905 vir 'n tweede keer in hierdie hoedanigheid aangestel het.[6] Dit is dus hoogs waarskynlik dat hy alreeds vroeër in dieselfde jaar vir die eerste keer aangestel is. Hiermee het die Teologiese Skool ook onderwys verskaf aan 'n verdere groep leerlinge vir wie daar andersins nie moedertaalonderwys op Potchefstroom beskikbaar was nie.

Gedurende 1905 - 1906 het die getal leerlinge wat onderrig deur die toedoen van die Teologiese Skool ontvang het, aansienlik toegeneem. In 1905 was daar "'n tiental leerlinge benede Matriek"[7] en in 1906 het die "juniores" reeds twintig getel.[8] Die aansoeke om toelating het bly toeneem en van die einde van 1905 af kon die professore van die Teologiese Skool self kontrole daaroor uitoefen.[9]

Die Kuratore het in Desember 1906 besluit om 'n selfstandige voorbereidende skool op te rig vir alle leerlinge wat deur die Teologiese Skool van onderwys voorsien is. Die matrikulante sou egter voorlopig steeds hulle onderrig aan die Literariese Departement ontvang.[10]

## 2.2 DIE AANVANGSJARE VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL, 1907 - 1914

Die voorgenome stigting van 'n voorbereidende skool moet gesien word teen die agtergrond van die ontwikkelinge op onderwysgebied in Transvaal. Die

---

5 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 5.12.1905, art. 17

6 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 5.12.1905, art. 17

7 JJA Coetsee, "Die Theologiese School in die jaar 1905" in Fac et Spera, Desember 1917, p. 8

8 Gereformeerde Kerk, "Almanak voor de Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika", 1906

9 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 5.12.1905, art. 7

10 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 19.12.1906

onderwyswet[11] wat in 1907 deur die Transvaalse Parlement goedgekeur is, het CNO-skole, wat nie onder staatsbeheer was nie, van enige regeringsubsidie uitgesluit. Hierna het die geesdrif vir die instandhouding van sulke skole aansienlik verflou.[12]

Daar is egter vanuit Potchefstroom sterk weerstand gebied teen die onderwyswet en die gevolge daarvan. Prof. J Lion-Cachet van die Teologiese Skool het die voortou geneem deur die uitgee van 'n brosjure waarin hy skerp gereageer het op die bepalings van die wet. Hy is gevolg deur die leraar van die plaaslike Gereformeerde Kerk, dr. JD du Toit, wat in 'n gepubliseerde lesing veral gepleit het vir dogmatiese godsdiensonderrig as bepaler van die gees en rigting vir skole.[13]

Hierdeur is die voorstanders van Christelik-nasionale onderwys tot nuwe dade aangevuur en is verskeie kongresse oor die aangeleentheid gehou. Vertoë wat tot die landsregering gerig is, het egter selfs na 1910 steeds op dowe ore geval.[14]

Die afwesigheid van staatshulp het daartoe gelei dat die CNO-beweging gedurende 1914 en 1915 tot stilstand gekom het. Van die groter CNO-skole, soos dié in die distrikte Krugersdorp, Bronkhorstspruit, Marico, Pretoria en Potchefstroom wat enduit volhard het, sou ook uiteindelik die stryd gewonne gee.[15] Die Voorbereidende Skool te Potchefstroom was een van hierdie bittereinders.

In Januarie 1907 het die Voorbereidende Skool as 'n selfstandige inrigting

---

11 Die Onderwyswet van 1907 het alle onderwys in Transvaal onder sentrale beheer van die staat geplaas. Verder het die wet bepaal dat Engels geleidelik as onderwysmedium op skool ingevoer sou word en het alle leerstellige godsdiensonderrig binne skoolure verbied.

12 SS Barnard en AG Coetzee, Blanke onderwys van Kaapland tot Transvaal, pp. 144-145, 150-152

13 J Chris. Coetzee, Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in die Transvaal, pp. 33-34

14 PW Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, pp. 190-191

15 PW Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, pp. 191, 210-211

ILLUSTRASIE 1 - DIE EERSTE GEBOU VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL VAN DIE GEREFORMEERDE KERK OP POTCHEFSTROOM



geopen met 'n aanvanklike leerlingtal van sewe of moontlik agt.[16] Aangesien daar nog geen skoolgebou beskikbaar was nie, is die biblioteek van die Teologiese Skool hiervoor ingeruim. (kyk Illustrasie 1) Volgens JV Coetzee[17] het die eerste leerlinge uit seuns alleen bestaan en meld hy dat sommige weliswaar al "baard draers" was. Van die leerlinge was afkomstig uit gebiede so ver as Pretoria en Nylstroom.

'n Eertydse student wat in 1905 vir die "lagere klassen" onderrig gegee het, ene HJJ van der Walt, is as die eerste tydelike onderwyser aan die Voorbereidende Skool aangestel. (kyk Illustrasie 2) Alle leerlinge tussen standerd vier en standerd sewe was onder sy sorg, terwyl die hoër standerds voorlopig nog by die Literariese Departement ingedeel was.[18]

Die oprigters van die Skool was J Kamp, APC Duvenage, J Lion-Cachet, F Postma en JD du Toit. Behalwe vir dr. JD du Toit, was almal aan die Teologiese Skool verbonde. Dit het meegebring dat die Voorbereidende Skool in sy geheel deur die Gereformeerde Kerk beheer en onderhou is.[19] In wese was dit niks anders nie as 'n kerkskool waar leerlinge volgens die leerstellings van die Gereformeerde Kerk onderrig is.[20]

---

16 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Skoolkommissie/Kuratore, 8.12.1915

17 JV Coetzee,"Hoër Gimnasium"(manuskrip)

18 JJA Coetsee, "Die voorgeskiedenis van die Hoër Gimnasium" in <u>Fac et Spera, 1907-1957</u> (Gedenkuitgawe), p. 26

19 PW Bingle, <u>Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika</u>, p. 211

20 J Chris. Coetzee, "Die Voorbereidende Skool te Potchefstroom" in <u>Koers no. 25</u>, Oktober 1957, p. 131

ILLUSTRASIE 2 - HJJ VAN DER WALT



Die Kuratore van die Teologiese Skool is vir die direkte toesig en beheer oor die Voorbereidende Skool verantwoordelik gehou. 'n Kommissie van die Kuratore het die Skool een keer per jaar besoek en daarna aan die Kuratore-vergadering verslag gelewer.[21)]

Die Kuratore het die bestaan van die Voorbereidende Skool reeds in 1907 aan die groter kerkverband bekend gestel. Dit is klaarblyklik gedoen om die finansiële behoeftes van die skool onder Gereformeerde gemeentes se aandag te bring. Die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk het

21 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 4.12.1907, art. 58

ILLUSTRASIE 3 - PROF. J LION-CACHET WAS EEN VAN DIE OPRIGTERS VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL TE POTCHEFSTROOM



dan ook in Januarie 1907 'n versoek tot kerkradegerig om jaarliks 'n finansiële bydrae van £1 per 100 lidmate te bewillig.[22] In Desember 1907 het die Kuratore weer eens 'n beroep op die Algemene Vergadering gedoen om die Voorbereidende Skool finansieel te ondersteun.[23] Hierna het die Kuratore jaarliks by die Algemene Vergadering aangeklop om finansiële ondersteuning en die reaksie was telkens baie gunstig.[24]

Daar het voortdurend noue skakeling tussen die Teologiese Skool en die Voorbereidende Skool plaasgevind. Die naam van die onderwyser word byvoorbeeld in 'n notule van die Kuratore saam met die van professore en dosente aangedui as personeellede van die Teologiese Skool.[25]

Van der Walt is aan die einde van 1907 vir 'n verdere jaar by die Voorbereidende Skool aangestel,[26] maar in Junie 1908 het hy as onderwyser bedank om 'n ander betrekking te aanvaar. Die Voorbereidende Skool het in Julie 1908 sy eerste permanente onderwyser gekry in die persoon van JJA Coetsee.[27]

Teen die einde van die jaar was daar alreeds 22 leerlinge, versprei van standerd vier af tot by standerd sewe. Hierdie leerlinge is voorberei vir toelating tot die Teologiese Skool waar hulle die res van hulle sekondêre skoolloopbaan kon voltooi. Aan die begin van 1909 het die leerlingtal tot 25 aangegroei.[28]

Die feit dat die leerlinge in die biblioteek van die Teologiese Skool geakkommodeer is, het die Kuratore al in 1907 voor 'n probleem gestel. Daar is toe reeds oorweging geskenk aan die moontlikheid om 'n gebou vir die Voorbereidende Skool op te rig. Die Kuratore het aan die einde van 1907 'n skool-

---

22 Gereformeerde Kerk, Notule van Algemene Vergadering van Transvaal, 14.1.1907, art. 84

23 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 4.12.1907, art. 46

24 T Eloff, Die Gereformeerde Kerk en die Voorbereidende Skool, pp. 10-11

25 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 8.3.1907

26 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 4.12.1907, art. 59

27 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 8

28 W de K Kruger, "Die Gimnasium Hoërskool, 1907-1957" in Fac et Spera 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p. 13

ILLUSTRASIE 4 - DIE GEBOU VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL NADAT DIT LATER GERESTOUREER IS



gebou in die vooruitsig gestel wat teen 'n beraamde koste van £400 opgerig kon word. Vir hierdie doel het die Kuratore self 'n bedrag van £250 bewillig asook 'n lening van £150.[29]

Gedurende 1908 is die masjinerie in werking gestel toe die Kuratore 'n boukommissie aangewys het.[30] Die gebou sou op die terrein van die Teologiese Skool opgerig word, nou bereken teen 'n bedrag van £450. Die Kuratore het egter ook 'n voorwaarde gestel, naamlik dat een lokaal in die gebou beskikbaar moes wees vir gebruik deur die Teologiese Skool.[31]

Die gebrek aan voldoende klaslokale het intussen ernstige afmetings aangeneem. In 1909 is een van die groter vertrekke vir die leerlinge van die Voorbereidende Skool ingeruim.[32] Die gebou van die Teologiese Skool het in geheel slegs uit vier vertrekke bestaan sodat dit onmoontlik geraak het om beide leerlinge en studente daarin te huisves. Om die nood tydelik te verlig is daar van dosente se studeerkamers gebruik gemaak. Hierdeur is akkommodasie aan sowel studente as senior leerlinge van die Voorbereidende Skool gebied.[33]

Dit was daarom 'n groot verligting toe die eerste gebou vir die Voorbereidende Skool in Januarie 1910 in gebruik geneem is. (kyk Illustrasie 4) Die druk op die Teologiese Skool is hierdeur aansienlik verlig, mede as gevolg daarvan dat die standerd agt-klas nou ook na die Voorbereidende Skool oorgeplaas is.[34]

'n Ander belangrike ontwikkeling wat reeds aan die einde van 1908 plaasgevind het, was die daarstel van 'n "eigen Bestuur" vir die Voorbereidende

---

29 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 4.12.1907, art. 58

30 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 2.12.1908, art. 40

31 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 2.12.1908, art. 6

32 JJA Coetsee, "Potchefstroom Gimnasium" in Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 8

33 JV Coetzee, "Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium" (manuskrip), Februarie 1973, p. 11

34 JJA Coetsee, "Potchefstroom Gimnasium" in Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 8

Skool.[35] Ofskoon die Kuratore steeds daarin verteenwoordig is, was dit die begin van 'n selfstandige skoolkommissie.

In 1910 is die personeel van die Voorbereidende Skool vergroot tot twee lede, nadat mej. E Postma as assistent aangestel is.[36]

Die leerlingtal aan die Voorbereidende Skool het na 1910 aansienlik toegeneem, wat waarskynlik verband hou met die sluiting van sommige CNO-skole. Nadat leerlinge onderkant die vlak van standerd vier in 1911 ook opgeneem is, het die leerlingtal binne slegs een jaar tot bykans eenhonderd aangegroei. Die onderwyspersoneel is daarmee tot vier vergroot met mej. Hester Coetzee, SG Yssel en GJ Munstra wat gedurende 1911 en 1912 diens aanvaar het.[37] Die vergrote leerlingtal het klaarblyklik ook heelwat meisies ingesluit, aangesien daar al in 1912 'n behoefte aan 'n meisieskoshuis bestaan het.[38]

Die leerlingtal aan die Teologiese Skool self het ook intussen vermeerder. 'n Aanduiding hiervan is die slaagsyfer van agt in 1911[39] teenoor die drie in 1909.[40]

Dit was die snelgroeiende leerlingtal aan sowel die Voorbereidende Skool as die Teologiese Skool wat 'n ernstige tekort aan akkommodasie in 1912 veroorsaak het. 'n Bykomende lokaal van die Teologiese Skool en 'n koshuisvertrek is daarop vir verdere onderrigdoeleindes ingeruim. Vir die studente van die Teologiese Skool is die ou kerkgebou van die Gereformeerde Kerk, wat

---

35 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 2.12.1908, art. 6

36 JJA Coetsee, "Potchefstroom Gimnasium" in <u>Fac et Spera</u>, No. 1, November 1916, p. 8

37 JJA Coetsee, "Potchefstroom Gimnasium" in <u>Fac et Spera</u>, No. 1, November 1916, p. 8

38 JV Coetzee,"Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium"(manuskrip), Februarie 1973, p. 11

39 JV Coetzee en J Chris. Coetzee, <u>Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom</u>, p. 55

40 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 7.12.1910, art. 5

ongerieflik ver geleë was, nou in 'n klaslokaal omskep.[41] Die gebou van die Teologiese Skool is dus nou feitlik in sy geheel deur die Voorbereidende Skool in beslag geneem.

Wat die finansiële versorging van die Voorbereidende Skool betref, het die Kerkraad van die plaaslike Gereformeerde Kerk toenemend daarby betrokke geraak. 'n Versoek om finansiële steun is gedurende Julie 1911 deur die Skoolkommissie van die Voorbereidende Skool tot die Kerkraad gerig. In antwoord daarop het die Kerkraad die sogenaamde "koeistelsel" in werking gestel. Daarvolgens is gemeentelede aangemoedig om geldelik by te dra tot die onderwysbehoeftes van beide die Voorbereidende en die Teologiese Skool, uit fondse wat bekom is uit veeverkope. Op hierdie wyse is die Kerkraad in 1912 in staat gestel om 'n studiebeurs van £25 aan 'n sekere MN Venter toe te ken vir studie aan die Voorbereidende Skool.[42]

Dit was egter nie alleen Gereformeerde Kerke wat tot die finansiële versorging van die Voorbereidende Skool bygedra het nie. By geleentheid is bedrae van £25 en £10 onderskeidelik uit Nederland en Noord-Amerika ontvang. Daar was ook indiwidue wat die skool goedgesind was, soos 'n sekere oom Jan Prinsloo van Pretoria wat £25 geskenk het, en ds. P Postma wat vir ses jaar lank die salaris van een onderwyser betaal het. Uit Potchefstroom het die alombekende "ou oom Boere Jood, ou Miervoet" (Meirowitz) maandeliks 5s aan die skool bewillig.[43] Ofskoon die Skoolkommissie die toesig en beheer oor die Voorbereidende Skool uitgeoefen het, was die Kerkraad van die Potchefstroomse Gereformeerde Kerk en die Kuratore van die Teologiese Skool ook ten nouste daarmee gemoeid. Die Kuratore is immers reeds sedert 1908 deur twee lede op die Skoolkommissie verteenwoordig.[44]

Oor watter sake die Kuratore beheer uitgeoefen het, blyk uit 'n verslag wat

---

41 JV Coetzee, "Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium" (manuskrip), Februarie 1973, p. 11

42 JV Coetzee en J Chris. Coetzee, <u>Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom</u>, pp. 55-56

43 JV Coetzee, "Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium" (manuskrip), Februarie 1973, p. 3

44 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 2.12.1908, art. 40

die skoolhoof, JJA Coetsee, in November 1912 aan die Kuratore-vergadering voorgelê het. Na behandeling van die verslag het die Kuratore die hoof versoek om meer besonderhede oor die volgende aspekte te verskaf:[45)]

"aantal leerlingen in elke standaard"
"Leermiddelen"
"Bevoegdhede personeel"
"Lokaliteit"
"Salarissen"

In 1913 het die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Transvaal besluit dat die Kerkraad van Potchefstroom ook deur twee lede op die Skoolkommissie verteenwoordig sou word.[46)] Die Kerkraad sou jaarliks verslag lewer aan die Algemene Vergadering oor die werksaamhede van die Voorbereidende Skool en op hierdie wyse het die Algemene Vergadering op indirekte wyse toesig en beheer oor die Voorbereidende Skool uitgeoefen.[47)]

Die leerlingtal aan die Voorbereidende Skool het tussen 1913 en 1914 van 131[48)] tot 150 aangegroei. Dit het meegebring dat die skoolgebou in 1914 deur aanbouing met twee bykomende lokale vergroot is terwyl die oorspronklike vertrek onderverdeel is in drie afsonderlike lokale. Aan die voorkant is twee gewels aangebou wat volgens JJA Coetsee aan die skool 'n "deftig uiterlik" besorg het.[49)] Die onderwyspersoneel van die Voorbereidende Skool het op daardie stadium uit JJA Coetsee (hoof), SG Yssel, GJ Munstra en mej. H Duvenage bestaan.

Gedurende die laaste maande van 1914 het finansiële laste 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die Voorbereidende Skool geword. Dit is waarskynlik veroorsaak deur die nadelige uitwerking wat die Eerste Wêreld-

---

45 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 27.11.1912, art. 36

46 Gereformeerde Kerk, Notule van Algemene Vergadering van Transvaal, Januarie 1913, art. 23

47 T Eloff, Die Gereformeerde Kerk en die Voorbereidende Skool, p. 18

48 JV Coetzee en J Chris. Coetzee, Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom, p. 59

49 JJA Coetsee, "Potchefstroom Gimnasium" in Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 9

oorlog op die landsekonomie in die algemeen gehad het. In 'n poging om finansieel te oorleef het die Skoolkommissie hom tot die Transvaalse Provinsiale Administrasie gewend. 'n Versoek om geldelike bystand is egter uit daardie oord afgewys.[50] Die Gereformeerde Kerke in Transvaal het ook nie hulle weg oopgesien om verdere hulp te verleen nie. Daarom het die Kuratore op 25 November 1914 besluit dat, by gebrek aan die nodige middele om die Voorbereidende Skool instand te hou, daar gepoog sou word "om staatsondersteuning te verkrijgen met behoud van eigen karakter".[51] Gevolglik is die Voorbereidende Skool teen die einde van 1914 onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement geplaas.[52] Daarmee het die laaste CNO-skool in Transvaal verdwyn.

JC Coetzee plaas die blaam vir die verdwyning van CNO-skole ondubbelsinnig op die skouers van die staat wat geweier het om hierdie skole finansieel te ondersteun:[53]

> "En so het die laaste vesting in Transvaal gekapituleer, en het die geskiedenis geleer dat 'n Vrye Skool - laer en middelbaar - selfs met enige staatsteun nie in stand gehou kan word nie, myns insiens omdat dit nie 'n juiste praktiese beleid is nie, want daar is 'n te groot ongelykheid tussen Vrye Skool en Staatskool - die een vra skoolgeld, die ander is skoolgeldvry, die een se fonds-bronne is beperk, die ander se fondse is staatswyd".

Tog maak JV Coetzee in 'n ongepubliseerde manuskrip[54] die stelling dat die Voorbereidende Skool net "oënskynlik" opgehou het om te bestaan. Daarmee wil hy sê dat die skool, ofskoon nà 1914 nie meer onder kerklike beheer nie, voortbestaan het sonder om sy eiesoortige karakter in te boet. Die hartlike verhouding tussen die skool aan die een kant, en die Teologiese Skool en die Gereformeerde Kerk aan die ander kant, het immers ongeskonde gebly. Bowendien was moedertaalonderrig sedert 1911 verpligtend in alle

---

50 J Chris. Coetzee, "Die Voorbereidende Skool te Potchefstroom" in <u>Koers no. 25</u>, Oktober 1957, p. 133

51 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 25.11.1914, art. 34

52 JV Coetzee, "Hoër Gimnasium" (manuskrip)

53 J Chris. Coetzee, <u>Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in die Transvaal</u>, p. 41

54 JV Coetzee, "Hoër Gimnasium" (manuskrip)

staatskole.[55]

Dit bly egter 'n feit dat die Voorbereidende Skool teen die einde van 1914 in 'n staatsbeheerde inrigting omskep is "om in 1915 feitelik as 'n nuwe skool met 'n nuwe naam te verrys".[56]

## 2.3 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1915 - 1917

Die Voorbereidende Skool was aan die einde van 1914 in hoofsaak 'n primêre skool maar het ook vir leerlinge tot standerd agt ("School Hoger") voorsiening gemaak.[57] Met die heropening van die skool op 25 Januarie 1915 is ook die junior en senior matriekklasse van die Teologiese Skool af oorgeplaas. Dit het gevolg nadat die Skoolkommissie aan die einde van 1914 besluit het "om er dan een complete zaak van te maken, door de twee Matriekklassen (Junior en Senior) bij de overgang in te sluit, zodat ook deze met Gouv. ondersteuning beter tot hun recht komen".[58] Die Kuratore het dieselfde standpunt gehuldig[59] en so is daar finaal 'n einde gemaak aan die voorsiening van sekondêre onderwys deur die Teologiese Skool. Die feit hiervan is in 1916 ook aan die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk gerapporteer.[60]

'n Uitvloeisel van die voorafgaande veranderings was dat die skool in Augustus 1915 onderverdeel is in twee afdelings onder beheer van die Potchefstroomse Skoolraad.[61] In die "Hoger Departement" (sekondêre afdeling) is leerlinge tussen standerd sewe en standerd tien geakkommodeer,[62] en in die

55 J Chris. Coetzee, Onderwys in Suid-Afrika, pp. 285-287

56 JV Coetzee, "Hoër Gimnasium" (manuskrip)

57 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Kuratore/Senaat, 4.11.1915

58 Potchefstroom Gimnasium, Notule van buitengewone vergadering van Skoolkommissie, 13.11.1914, p. 18

59 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 25.11.1914, art. 34

60 J Chris. Coetzee, "Die Voorbereidende Skool te Potchefstroom" in Koers no. 25, Oktober 1957, p. 134

61 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Skoolkommissie, 4.8.1915, art. 7

62 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal I, 27.1.1915, p. 2

"lagere school" (primêre afdeling), alle leerlinge onderkant die vlak van standerd sewe.[63] JJA Coetsee was hoof oor beide afdelings.[64]

ILLUSTRASIE 5 - JJA COETSEE



Aan die begin van 1915 het die skool ook afskeid geneem van die benaming "Voorbereidende Skool". Hierdie verandering was noodsaaklik aangesien "'n goevernement Skool nie die voorbereidende skool van 'n theologiese skool (kan) wees nie".[65]

---


63 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Kuratore/Senaat, 4.11.1915

64 JJA Coetsee, "Potchefstroom Gimnasium" in Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 9

65 JJA Coetsee, "Potchefstroom Gimnasium" in Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 9

Die skool het sy nuwe naam hoofsaaklik te danke aan die Skoolkommissie wat op 13 November 1914 besluit het dat dit "nu zou voortbestaan onder de naam van Potchefstroom Gymnasium".[66] (kyk Illustrasie 6) Die woordeboek betekenis van die stamwoord "gimnasium" word aangedui as *hoërskool, 'n voorbereidingskool vir die universiteit* of *'n plek vir gimnastiek*.[67] Dit blyk dus of die idee van 'n voorbereidende skool behoue gebly het en derhalwe ook in die nuwe naam opgesluit is.

ILLUSTRASIE 6 - DIE NAAM "POTCHEFSTROOM GYMNASIUM" HET VIR DIE EERSTE KEER IN 'N NOTULE VAN DIE SKOOLKOMMISSIE VERSKYN, 13.11.1914


Een ander belangrijk punt was
de vraag, of de School, zoals ze
nu zou voortbestaan onder de
naam van Potchefstroom Gymnasium
zijn plaats zou onder de gewone
Potchefstroomse Schoolraad of dat
er gevormd zou worden een z.g.
Bestuurslichaam, bestaande gedeelte

Dit is hoogs waarskynlik dat daar ook 'n verband bestaan tussen die skool se naam en die sogenaamde *gimnasia* in die Kaapkolonie waarvoor die Gereformeerde Kerke aldaar hulle na 1895 beywer het. Hierdie skole moes "eerst en voor alles dienen als voorbereidend tot de Theol. School", hulle was die "eigendom der kerk, dient allereerst de beginselen der kerk en wordt gediend door de kerk". Hierdie skole het egter "een breederen omvang en wijdloopiger doel" gehad as 'n voorbereidingskool vir die Teologiese Skool.[68] 'n Bekende voorbeeld hiervan is die "Gymnasium" wat in 1907 te Steynsburg opgerig is.[69]

---

66 Potchefstroom Gimnasium, Notule van buitengewone vergadering van Skoolkommissie, 13.11.1914

67 Kritzinger e.a., Verklarende Afrikaanse Woordeboek

68 D Postma, "De noodzakelijkheid van een Gereformeerd Gymnasium in het Zuiden, voorbereidend tot de Theol. School" in Fac et Spera, 1.12.1907, p. 5

69 PW Bingle, Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, p. 224

ILLUSTRASIE 7 - PROF. JD DU TOIT WAS EEN VAN DIE OPRIGTERS VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL EN HET OOK SEKERE KLASSE VIR DIE MATRIEKLEERLINGE AANGEBIED



Die Teologiese Skool en die Gereformeerde Kerk se voortgesette betrokkenheid by die Voorbereidende Skool is klaarblyklik vanaf 1915 in die skool se nuwe naam vergestalt. Ofskoon formele beheer oor die skool in 1914 beëindig is, was die skoolgeboue immers nog die eiendom van die Kerk. Op hierdie wyse was die Kerk steeds by die skool betrokke. Dit was veral die Potchefstroomse Gereformeerde Kerk wat belangstelling getoon het deur voornemende leerlinge finansieel te ondersteun.[70] Die Senaat van die Teologiese Skool het dit selfs wenslik geag "om niet in eens de algehele scheiding deur te voeren".[71] Om hierdie rede het akademiese personeel van die Teologiese Skool soos proff. F Postma, J Kamp, SPE Boshoff, SO Los en JD du Toit, gereeld sekere klasse vir die matriekleerlinge aangebied.[72]

Potchefstroom het gedurende 1914-1915 die onrustige invloed wat die Eerste Wêreldoorlog op landsomstandighede uitgeoefen het, op eie werf beleef. So ook het Potchefstroom Gimnasium nie die invloed daarvan vrygespring nie. 'n Onderwyser, A Lugtenburg, is byvoorbeeld op 8 Februarie 1915 vir militêre diens opgeroep, hoewel hy die volgende dag daarvan vrygestel is. Verder is die skoolgebou in September 1915 fisies bedreig nadat studente en leerlinge hulle die gramskap van Engelse soldate op die hals gehaal het na afloop van 'n politieke vergadering. Ten gevolge hiervan "moesten de Schoolgebouwen enige avonden bewaakt worden tegen 'n aanval die verwacht word van de zijde van de troepen van't overzeese kontingent alhier gestasioneerd".[73]

Die leerlingtal het egter midde-in die onrus hand oor hand toegeneem. So was daar aan die einde van 1914 'n leerlingtal van 150 terwyl die 200-tal reeds vroeg in 1915 oorskry is. 'n Volgehoue toename is gedurende 1915 ondervind, wat die leerlingtal aan die einde van daardie jaar op 310 te staan gebring het. Die aantal leerlinge in die primêre en sekondêre afdelings was toe onderskeidelik 240 en 70.[74]

---

70 JV Coetzee en J Chris. Coetzee, Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom, p. 60

71 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Senaat/Kuratore, 8.11.1915

72 JV Coetzee en J Chris. Coetzee, Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom, p. 60

73 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 1.12.1915, art. 4

74 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Kuratore/Senaat, 4.11.1915

Die toename is hoofsaaklik daaraan toe te skryf dat die skool in 1915 'n staatskool geword het. Vir die skool het dit dieselfde finansiële voordele en breë vakkeuses as vir ander staatskole meegebring. Die oorplasing van die matriekklasse vanaf die Teologiese Skool het die getalle ook laat toeneem. Maar dan was daar "die voorreg van 'n besliste Kristelik-nasionale gees" wat baie aantrekkingskrag aan die skool verleen het.[75)] So het die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1916 die hoop uitgespreek dat hierdie eiesoortige karakter van die skool ongeskonde gehandhaaf sou word.[76)]

Gedurende 1916 het die leerlingtal tot 362 (95 in die sekondêre en 267 in die primêre afdeling) vermeerder. Die onderwyspersoneel het op daardie tydstip uit JJA Coetsee (hoof), JA Schutte, SG Yssel, O Grosskopf, LJ du Plessis, GJ Munstra, D van Rooy, mejj. H Duvenage, K Röth, G Zerwick en G Besselaar bestaan.[77)]

Aangesien die leerlinge alreeds die beskikbare klaslokale beset het, is daar ook van koshuiskamers en van die smidswinkel by die eertydse presidentswoning gebruik gemaak. Soms het leerlinge selfs buite in die skaduwee van koeltebome onderrig ontvang.[78)] Houtwerk kon nog nie as skoolvak aangebied word nie, aangesien die nodige fasiliteite ontbreek het en 'n addisionele onderwyser nie bekostig kon word nie. Die moontlikheid het wel bestaan dat leerlinge van Potchefstroom Gimnasium houtwerkklasse by die Noordskool kon gaan bywoon.[79)] Hierdie was natuurlik 'n heel onbevredigende situasie wat heelwat tydverkwisting tussen lesperiodes sou meebring. Dit sou toesig en beheer oor leerlinge tydens klaswisseling ook aansienlik bemoeilik.[80)]

---

75 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 3, Junie 1919, p. 10

76 J Chris. Coetzee, "Die Voorbereidende Skool te Potchefstroom" in <u>Koers no. 25</u>, Oktober 1957, p. 134

77 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 3, Junie 1919, p. 10

78 JV Coetzee, "Die laaste CNO-skool word 'n staatskool" (manuskrip), pp. 3, 6-8

79 <u>De Westelike Stem</u>, 30.9.1915, p. 7

80 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 8.10.1915 in <u>Skooljoernaal I</u>, p. 9

Die tekort aan geskikte klaslokale het dus toegeneem, ofskoon die hele gebou van die Teologiese Skool al sedert Junie 1915 deur die Skoolkommissie gehuur is.[81] Die studente van die Teologiese Skool is ten gevolge hiervan in 'n gehuurde woonhuis, waar klaslokale ingeruim is, geakkommodeer.[82]

Die Kuratore sou die gebou van die Teologiese Skool egter nie onbepaald kon afstaan nie. In 'n skrywe aan die Senaat op 4 November 1915 het die Kuratore die feit beklemtoon dat "de gebouwen, die gebruikt worden, zijn de onzen".[83]. Die Senaat was op sy beurt van mening dat 'n groter skoolgebou vir Potchefstroom Gimnasium noodsaaklik geword het. Daarmee moes vir tussen 300 en 400 leerlinge voorsiening gemaak word.[84] Die Kuratore het kort daarna 'n boukommissie benoem met die opdrag om bouplanne op te stel en weë te bedink om die nodige fondse te bekom.[85]

Die bouprojek is daarna verder gevoer deur die Kommissie van Trustees wat reeds op 24 Augustus 1915 saamgestel is. Hierdie Kommissie het sy beslag gekry nadat die Skoolkommissie ontbind het sodat die lede daarvan saam met die Kuratore beheer oor die geboue van die Teologiese Skool kon uitoefen.[86] Die nuwe Skoolkommissie wat daarna saamgestel is, het ook lede van die Trustee ingesluit. Hulle was proff. JD du Toit (voorsitter), F Postma, SO Los (sekretaris), APC Duvenage, ds. WJ de Klerk, P van der Walt en BJ de Klerk.[87]

Vroeg in 1917 het die Kommissie van Trustees 'n tender van £1 650 aanvaar vir die oprigting van 'n skoolgebou vir Potchefstroom Gimnasium.[88] Die ge-

---

81 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Senaat/Kuratore, 8.11.1915; Potchefstroom Gimnasium, Notule van Skoolkommissie, 15.6.1915, art. 2

82 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Senaat/Kuratore, 8.11.1915

83 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Kuratore/Senaat, 4.11.1915

84 Gereformeerde Kerk, Korrespondensie: Senaat/Kuratore, 8.11.1915

85 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 1.12.1915, art. 23

86 Potchefstroom Gimnasium, Notule van buitengewone vergadering van Skoolkommissie, 24.8.1915, art. 1

87 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal I, 3.9.1915, p. 6

88 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Kommissie van Trustees, 7.2.1917

ILLUSTRASIE 8 - DIE SKOOLGEBOU WAT GEDURENDE 1917 VOLTOOI IS



bou is op die suidoostelike hoek van die skoolgronde opgerig[89] en is op 7 Augustus 1917 amptelik in gebruik geneem. (kyk Illustrasie 8) Dit is van 'n oostelike frontgewel voorsien en het in geheel uit twee klaslokale en 'n saal bestaan. Om vir bykomende klaslokale voorsiening te maak is die saal deur middel van houtafskortings in drie afsonderlike lokale verdeel.[90]

## 2.4 POTCHEFSTROOM GIMNASIUM VERANDER NA 'N AFRIKAANSMEDIUM SKOOL

Sedert die stigting van die Voorbereidende Skool in 1907, was Hollands die medium van onderrig. Die leerlinge het dus in alle vakke moedertaalonderrig ontvang met die uitsondering van Wiskunde en Natuur- en Skeikunde waarvoor handboeke slegs in Engels beskikbaar was.[91]

Nadat die Kaapse Provinsiale Raad Afrikaans in 1914 as amptelike taal erken het, is die voorbeeld spoedig ook deur die ander provinsiale rade nagevolg.[92] Die erkenning daarvan deur die provinsiale rade het daarna ook na die onderskeie provinsies se onderwys toe deurgewerk. Die aanvaarding daarvan as onderrigmedium het egter nie plotseling geskied nie, maar is geleidelik van primêre skoolvlak af ingefaseer.

Afrikaans is op dieselfde tydstip ook aan Potchefstroom Gimnasium ingevoer, maar teen 'n veel vinniger tempo as in die meeste ander skole. Dit is 'n bekende feit dat die skool Afrikaans nie slegs van die junior klasse af ingevoer het nie, maar tewens ook vanaf die senior standerds. Van die voorste kampvegters vir die Afrikaanse taal wat aan die Teologiese Skool verbonde was, soos JD du Toit, F Postma en SPE Boshoff, het hierin 'n rigtinggewende rol gespeel. Hierdie leermeesters het selfs na 1915 nog sekere klasse vir die matriekleerlinge van Potchefstroom Gimnasium aangebied. Soos te wagte

---

89 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Kommissie van Trustees, 15.2.1917, art. 2

90 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 21 - 23.11.1917 in Skooljoernaal I, pp. 33-35

91 JV Coetzee, bandopname-transkripsie: J Chris. Coetzee (datum onbekend)

92 BJ Liebenberg, "Die Unie van Suid-Afrika tot die Statuut van Westminster, 1910-1931" in CFJ Muller, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 407

het hulle Afrikaans dan ook al op 'n heel vroeë stadium as onderwysmedium ingevoer.[93] Die onderwysers self het met hulle "besliste optrede" waarskynlik ook 'n vername bydrae in hierdie verband gelewer.[94]

Die tipe Afrikaans waardeur die onderrig plaasgevind het, was wel nog deurspek met Hollandse woorde.[95] Hierdie feit word bevestig in die skoolinspeksieverslag van 1917 wat meld dat Hollands die medium van onderrig was. Die "Hollands" waarna in die verslag verwys word, sou egter verskil van die suiwer Hollandse taal, aangesien Potchefstroom Gimnasium ook daarin uitgesonder word as die enigste skool in die betrokke onderwyskring wat dit as onderrigmedium aangebied het.[96] In ander skole was die medium òf Engels òf suiwer Hollands. JV Coetzee het later uit eie ervaring beweer dat die onderrigmedium aan Potchefstroom Gimnasium op daardie stadium alreeds 'n sterk Afrikaanse karakter besit het.[97]

Daar bestaan aanduidings dat Afrikaans ongeveer vanaf 1916 as onderrigmedium aan Potchefstroom Gimnasium inslag gevind het. Dit blyk byvoorbeeld uit die skoolhoof se taalmedium in die skooljoernaal sedertdien.[98] Die redaksionele artikel in die 1916-uitgawe van die skooljaarblad, *Fac et Spera*,[99] wat hoofsaaklik deur leerlinge versorg is, het toe reeds volledig in Afrikaans verskyn. (kyk Illustrasie 9) Dis nietemin duidelik dat die meeste klasse reeds teen 1919 Afrikaansmedium onderrig ontvang het.[100] Die skool kan derhalwe as 'n pionier beskou word en was een van die eerste skole in die destydse Unie van Suid-Afrika wat

---

93 JV Coetzee, "Die oudste Afrikaanse hoërskool in die wêreld" in Fac et Spera, No. 42, 1967, pp. 5-6, 10

94 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 11

95 JV Coetzee, "Die oudste Afrikaanse hoërskool in die wêreld" in Fac et Spera, No. 42, 1967, p. 7

96 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 21 - 23.11.1917, in Skooljoernaal I, p. 33

97 JV Coetzee, "Die oudste Afrikaanse hoërskool in die wêreld" in Fac et Spera, No. 42, 1967, p. 7

98 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal I, 3.10.1916, p. 20

99 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 2, November 1916, p. 4

100 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 11

ILLUSTRASIE 9 - DIE REDAKSIONELE ARTIKEL IN *FAC ET SPERA*, 1916

# INLEIDING.

Vroeger was **Fac-et-Spera** die orgaan van die studente van die Theologiese Skool. Daardie daê was hier nog nie so iets als 'n Potchefstroom Gymnasium of Voorbereidende Skool aan die Theol. Skool verbonde nie. Om als student van die Theol. Skool ingeskrijf te word moes iemand min of meer die kennis van Skool Hoger (nou Junior Certifikaat), besit het. Naderhand is daar 'n Voorbereidende Departement vir die Theol Skool gevorm. Hoe hierdie Voorbereidende Dept. ontwikkel het, eers tot 'n aparte Voorbereidende Skool en later tot 'n Gymnasium kan ons nie hier beskrijf nie. Daarvoor verwijs ons naar die artikel oor die „Potchefstroom Gymnasium." In alle geval het die skoliere van die Voorbereidende Dept. 'n aandeel gehad in die orgaan Fac-et Spera.

Reeds in 1912 het daar 'n skeiding gekom tussen die Theol. Skool en die Voorbereidende Dept., en deur verwikkelinge is besluit, dat die studente-orgaan sou oorgaan in die hande van die Geref. Studentekorps „Veritas Vincet," en dat sodra die skoliere van die Voorbereidende Skool sterk genoeg sou wees, hulle 'n Jaarboek sou uitgee.

Aan die begin van hierdie jaar, 1916, het die Matrikulasieklas oorgegaan van die Theol. Skool in die Potchefstroom-Gymnasium. Daardeur het die Gymnasium-skoliere so sterk geword, dat hul vir hul 'n eië Korps gaan stig het en besluit het om dadelik ook 'n begin te maak met die uitgawe van 'n Jaarboek. En daar die Korps-orgaan van die studente van die Theol. Skool die Spreuk van hul korps „Veritas Vincet" aangeneem het, het ons besluit om ons Jaarboek uit te gee onder die ou bekende leuse „Fac-et-Spera."

Dus is met die verskijning van ons Jaarboek „Fac-et-Spera" in 1916 die ideaal verwesenlik, wat gekoester is van af 1912. En hiermee stuur ons, ons Jaarboek die wije wereld in met die hoop dat hij gunstig sal ontvang word en die ondersteuning sal geniet van onse belangstellende vriende, dan hoop ons, dat „Fac-et-Spera" elke jaar in die toekoms sijn verskijning sal maak.

Ten slotte kan ons nog meedeel, dat al die stukke van die hand van die leerlinge van die Gymnasium is, behalwe die enkele wat onderteken is. Ons dank dan ook die persone, wat die stukke geskrijf het en wat ons ook op andere maniere ondersteun het, hartelik vir hul hulp en genegenheid aan ons betoon

DIE REDAKSIE.

ILLUSTRASIE 10 - DIE EERSTE UITGAWE VAN DIE SKOOLJAARBLAD, *FAC ET SPERA*

# FAC ET SPERA.

## JAARBLAD

VAN DIE

POTCHEFSTROOM GYMNASIUM KORPS.

---

November 1916. — 1e Uitgawe.

---

REDAKSIE KOMMISSIE:

J. Scholtemeyer (Voorz.); Mej. M. Luchtenburg; J. Broekman; H. G. Stoker; W. v. B. v. Rooy.

---

„Het Westen"-Drukkerij en Boekhandel, Bus 123, Potchefstroom.

Afrikaans as onderrigmedium aangewend het.[101] Toe Afrikaans in 1924 as amptelike onderwysmedium in al vier provinsies erken is,[102] was Potchefstroom Gimnasium dus reeds 'n geruime tyd daarmee vertroud.

## 2.5 ONTWIKKELING OP KULTURELE EN SPORTGEBIED

Die algemene ontwikkeling van die Voorbereidende Skool sedert 1907 is gekenmerk deur ontwikkeling ook op kulturele en sportgebied. Dit is duidelik dat hierdie twee aspekte van meet af aan 'n integrale deel van die skoolprogram gevorm het.

### 2.5.1 DIE ONTSTAAN VAN DIE EERSTE KULTUURVERENIGING

Die behoefte aan georganiseerde kultuurbeoefening was vroeg reeds onder die leerlinge van die Voorbereidende Skool aanwesig. Dit was dan ook op inisiatief van die leerlinge self dat die *Juniores Letterkundige Vereniging* in 1906 onder voorsitterskap van JH Boneschans gestig is. Aanvanklik was die hoofdoel van die lede om hulle met die studie van letterkunde besig te hou.[103]

In 1916 is die naam van die vereniging verander na die *Potchefstroom Gymnasium Korps* (PGK) en daarmee saam is die kulturele aktiwiteite ook aansienlik uitgebrei. Die vereniging het voortaan 'n groter aandeel in die organisatoriese funksies van die skool verkry en sy invloed op feitlik elke faset van die skoolprogram laat geld. Een daarvan was die publikasie van die skool se jaarblad, *Fac et Spera*, wat van 1916 af jaarliks verskyn het. (Kyk Illustrasie 10)

Daarbenewens was die PGK ook verantwoordelik vir die insameling van fondse deur byvoorbeeld toneelopvoerings te hou, die reël van debatsvergaderings, die behartiging van ontgroening, die versameling van boeke vir die biblio-

101 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 11

102 BJ Liebenberg, "Die Unie van Suid-Afrika tot die Statuut van Westminster, 1910-1931" in CFJ Muller, Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 407

103 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 11

teek en die reël van uitstappies.[104]

## 2.5.2 ONTWIKKELING OP SPORTGEBIED

Sportbeoefening was sedert die stigting van die Voorbereidende Skool van 'n heel unieke aard. Aangesien die leerlingtal aanvanklik baie klein was, kon daar nie aan georganiseerde spansport deelgeneem word nie. Vanweë die skool se noue verbondenheid met die Teologiese Skool is gesamentlike sportspanne, bestaande uit leerlinge sowel as studente, gevolglik saamgestel. Hierdie sportspanne het in alle sportsoorte as die Theos bekend gestaan.[105]

Die eerste rugbyspanne is deur prof. APC Duvenage afgerig en saamgestel. Volgens die 1916-jaarblad had hierdie spel "vir jonge Afrikaners 'n verbasende aantrekkingskrag".[106] Daar is gewoonlik meegeding teen die spanne van Klerksdorp en Ventersdorp en op Potchefstroom teen die spanne van die dorp, die Engelse hoërskool, die Proefplaas en die Militêre kamp.[107] Die spel is met groot geesdrif beoefen en die "gloeiende entoesiasme" was veral waarneembaar wanneer daar om verskeie trofees meegeding is.[108]

Korfbal, wat ook onder die leerlinge as "Basketball" bekend was, is sedert 1915 met groot belangstelling beoefen, en is afgerig deur mnr. Wynie du Toit.[109] Tennis is ook beoefen, hoofsaaklik ter wille van sosiale samesyn.

## 2.6 TEN SLOTTE

Die geskiedenis van die Voorbereidende Skool en van Potchefstroom Gimna-

---

104 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p. 48

105 JV Coetzee,"Die laaste CNO-skool word 'n staatskool"(manuskrip), p. 4

106 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 53

107 JV Coetzee,"Die laaste CNO-skool word 'n staatskool"(manuskrip), pp. 4-5

108 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 54

109 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 1, November 1916, p. 56

sium gedurende die jare 1905 en 1917 was een van wording en stryd. Dit was egter ook jare van loutering wat die skool gestaal het vir sy toekomstige rol in die onderwys op Potchefstroom. Die kroon is dan ook gespan toe Potchefstroom Gimnasium in 1918 die status van 'n volwaardige sekondêre skool bereik het. Vir JJA Coetsee en sy onderwyspersoneel, wat hom deur al hierdie jare getrou bygestaan het, was hierdie die bereiking van 'n besonderse mylpaal.

# 3. POTCHEFSTROOM GIMNASIUM AS SEKONDêRE SKOOL, 1918 - 1938

## 3.1 POTCHEFSTROOM GIMNASIUM KRY BESLAG AS SEKONDêRE SKOOL, 1918

Potchefstroom Gimnasium het as sekondêre skool beslag gekry toe die Transvaalse Onderwysdepartement in April 1918 tien nuwe sekondêre skole opgerig het. Hierdie skole was almal voorheen as sekondêre afdelings aan primêre skole verbonde. Dit het gevolg ingevolge 'n bepaling van die Provinsiale Raad dat skole met 'n leerlingtal van minstens 75 in die sekondêre afdelings, omskep sou word in volwaardige sekondêre skole.[1)]

Die bepaling was dus ook van toepassing op Potchefstroom Gimnasium met sy leerlingtal van 95 aan die begin van 1918.[2)] Op 12 April 1918 het die sekondêre skool, steeds genaamd Potchefstroom Gimnasium, met 'n leerlingtal van 116 en ses personeellede geopen. JJA Coetsee het aanvanklik waargeneem as hoof waarna hy op 1 Mei 1918 in 'n permanente hoedanigheid aangestel is.[3)] In die 1919-uitgawe van *Fac et Spera*[4)] word hy tereg bestempel as "die vader van die skool", wat hy vir die volgende twintig jaar in die hoedanigheid as hoof gelei het.

Die primêre afdeling van Potchefstroom Gimnasium het na die verdeling in 1918 as 'n selfstandige primêre skool, bekend as die *Gimnasium Laer Goevernementschool*,[5)] voortbestaan. Aanvanklik was JJA Coetsee tegelyk ook die hoof van hierdie skool,[6)] voordat SG Yssel[7)] die hoofskap van die primêre skool op 13 Julie 1918 oorgeneem het.[8)] Beide skole se leerlinge het die

---

1 Transvaalse Onderwysdepartement, Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 31.12.1918

2 JV Coetzee,"Die laaste CNO-skool word 'n staatskool"(manuskrip), p. 15

3 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal I, 1.12.1918, p. 37

4 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 10

5 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal I, 23.11.1925, p. 99

6 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal I, 1.5.1918, pp. 37-38

7 SG Yssel het as hoof gedien tot op 19 Januarie 1927. Die laaste inskrywing in Skooljoernaal I is op dié dag gedoen.

Kyk Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal I, 19.1.1927, p. 107

8 Transvaalse Onderwysdepartement, verw. E2725 : Aanstellingsbrief van SG Yssel as PII hoof van die Gimnasium Laerskool, 13.7.1918

sportvelde en koshuise met mekaar gedeel, terwyl die leerlinge van die primêre skool[9] in die gebou van die eertydse Voorbereidende Skool gehuisves is.[10]

Tydens die hoofskap van JJA Coetsee is Potchefstroom Gimnasium gedurende die jare 1918 tot 1938 op al die verskillende gebiede ontwikkel. Op fisiese gebied het die skool dermate gegroei dat dit na twintig jaar statusverandering vir die skool meegebring het.

## 3.2 FISIESE ONTWIKKELING

Die Kuratore van die Teologiese Skool en die Transvaalse Onderwysdepartement was onderskeidelik voor en na 1915 verantwoordelik vir die finansiële versorging van die Voorbereidende Skool en Potchefstroom Gimnasium. Die onderwys was dus gratis, met die uitsondering van handboeke wat leerlinge self moes aankoop.[11]

Daar het egter mettertyd behoefte aan 'n skoolfonds ontstaan, waaruit addisionele onkostes gedelg kon word. In 1922 het die skoolhoof aangedui dat fondse benodig is vir die finansiëring van biblioteekboeke, prysuitdelingsfunksies en sportaangeleenthede.[12] 'n Skoolfonds is daarop in die lewe geroep met tariewe wat soos volg vasgestel is: 5s per leerling, 6s-6d vir twee leerlinge en 7s-5d vir drie leerlinge uit dieselfde gesin per jaar.[13] Die tarief is in 1923 verhoog tot £1 per leerling per jaar met die bepaling

---

9 Op 19 Januarie 1927 is die Gimnasium Laerskool deur die Transvaalse Onderwysdepartement gesluit waarna die leerlinge na die Noordskool (later President Pretoriusskool) oorgeplaas is. Die geboue van die Gimnasium Laerskool was egter tot 1929 tot die Noordskool se beskikking waar die junior leerlinge van die eertydse Gimnasium Laerskool gehuisves is. Vanaf 1929 is die geboue ingerig vir die Demonstrasieskool van die Normaalkollege. Die Demonstrasieskool se naam is in 1928 verander na die Mooirivierskool.
J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 255

10 JV Coetzee, bandopname-transkripsie : J Chris. Coetzee

11 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 85

12 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 1.5.1922, p. 44

13 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 5.6.1922, p. 45

dat behoeftige leerlinge daarvan vrygestel is.[14)]

Die invordering van die skoolfonds het egter heelwat probleme opgelewer. Menige ouer was finansieel nie daartoe in staat om die gelde te betaal nie. Vir sommige ouers was sport weer so 'n onbelangrike aspek van die skoolprogram dat hulle daarteen gekant was om by te dra tot 'n fonds waaruit ook sportaktiwiteite gefinansier sou word.[15)] Die Beheerraad het die wyse waarop die gelde gehef sou word daarna weer in oënskou geneem, en besluit op afsonderlike lidmaatskapfooie vir die biblioteek en vir elke sportaktiwiteit.[16)]


Op inisiatief van die skool se onderwyspersoneel is daar in 1927 ook 'n beursfonds gestig waaruit hulp verleen is aan leerlinge wat nie hulle eie skoolboeke kon bekostig nie.[17)] Hierdie fonds was aanvullend tot die TOD se boekbeurse wat slegs gedeeltelik in die behoefte voorsien het.[18)] Hoe groot die behoefte was, blyk daaruit dat 88 leerlinge, wat meer as die helfte van die totale leerlingtal verteenwoordig, in 1930 boekbeurse ontvang het. 'n Bedrag van altesaam £199-5s is aan hierdie leerlinge uitbetaal.[19)] Aangesien die TOD slegs £34 uitbetaal het, is die balans uit die skool se eie fondse voorsien.[20)]

Die inkomste waaruit die beursfonds opgebou is, was afkomstig uit skenkings, die opbrengste van skoolkonserte en basaars en uit verkope van die skooljaarblad.[21)] Hierdie geld is ook aangewend vir die aankoop van skoolboeke, wat die leerlinge dan weer teen billike tariewe kon aanskaf. Winste uit die boekverkope het net in 1932 alleen die stewige bedrag van £262-5s opgelewer.[22)]

---

14 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 5.3.1923, p. 59, art. 7
15 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, April-Junie 1925, p. 43
16 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 1.3.1926, p. 115
17 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 7.2.1927, p. 129
18 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 5.11.1928, p. 149, art. 13
19 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 1.9.1930, p. 170, art. 8
20 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 26.3.1931, p. 83
21 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 3.3.1935, p. 109
22 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 13.2.1933, pp. 217-218

ILLUSTRASIE 1 - SKETSKAART VAN H ALTMANN, 1918



Uit die voorafgaande is dit duidelik dat 'n skoolfonds reeds op 'n vroeë stadium van die skool se geskiedenis noodsaaklik was. In die jare hierna was dit 'n vaste instelling aan die skool wat voortdurend in die leerlinge se belang aangewend is.

'n Ander aspek van fisiese ontwikkeling wat aandag vereis, is die skool se geboue en terreine. In die twintig jaar na 1918 moes die ontwikkeling daarvan noodwendig tred hou met die groei in die skool se leerlingtal.

3.2.1 SKOOLGEBOUE EN TERREINE

Die skoolgeboue en terreine van Potchefstroom Gimnasium en die koshuise waarin die leerlinge tuisgegaan het, was teen 1918 steeds die eiendom van die Gereformeerde Kerk. Dit was natuurlik 'n ongewone situasie aangesien die skool reeds sedert 1915 nie meer kerklik nie maar wel staatsbeheerd was. In die praktyk het dit neergekom op 'n soort dubbele beheer. Die skool as opvoedkundige instansie was die verantwoordelikheid van die staat terwyl die geboue en terreine deur die kerk beheer is.

Volgens 'n sketskaart wat deur H Altmann opgestel is,[23] het die terrein agt-en-'n-driekwart morg beslaan. (Kyk Illustrasie 1) Die terrein het vier afsonderlike eenhede gevorm en was tussen Molenstraat en Van der Hoffweg geleë. Gedurende Junie 1918 het die Kuratore van die Teologiese Skool alle terreine en geboue laat waardeer. Dis deur Altmann onderneem en hy het die waarde daarvan soos volg bepaal:[24]

| | | £ |
|---|---|---|
| Blok 1 | 2 morg grond ("met gaten en Kuilen") | 100 |
| Blok 2 | 4 morg grond, beplant, bewerk en toegekamp met die volgende geboue: | 1 000 |
| | Koshuis | 1 200 |
| | Teologiese Skool | 600 |

23 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore : Hendrik Altmann, Sketskaart met waardasie van die terrein en geboue van die Gereformeerde Kerk, 13.6.1918. Hendrik Altmann was die bestuurder van die Nederlandse Bank op Potchefstroom, 1918.

24 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore: Hendrik Altmann, Sketskaart met waardasie van die terrein en geboue van die Gereformeerde Kerk, 13.6.1918

| | | |
|---|---|---|
| | Prof. JD du Toit se woning | 800 |
| | Voorbereidende Skoolgebou | 1 000 |
| | Gebou van Potchefstroom Gimnasium | 1 750 |
| Blok 3 | 2 morg grond | 400 |
| | Koshuis | 1 500 |
| | Prof. Los se woning | 850 |
| Blok 4 | Drie-kwart morg grond | 150 |
| | Totale waarde van die eiendomme: | £9 400 |

Ofskoon dit alles die eiendom van die Gereformeerde Kerk was, is alle skoolgeboue op die terrein, insluitende dié van die Teologiese Skool, deur Potchefstroom Gimnasium en die Gimnasium Laerskool in beslag geneem. Die beheer daaroor is waargeneem deur die Kuratore van die Teologiese Skool wat as trustees namens die Gereformeerde Kerk opgetree het.[25)]

Die Kuratore het die kwessie van ontoereikende akkommodasiefasiliteite gedurende 1918 weer in oënskou geneem. Dit was veral die Teologiese Skool wat daaronder gely het en daarom moes 'n dringende uitweg gesoek word. Aanvanklik is besluit om 'n afsonderlike gebou vir die Laerskool op te rig teen 'n beraamde koste van £6 000,[26)] maar later is hiervan afgesien.[27)] Die oprigting van 'n nuwe gebou vir die Teologiese Skool self het klaarblyklik nou voorrang geniet.[28)]

Volgens die 1919-uitgawe van *Fac et Spera*[29)] het die geboue van Potchefstroom Gimnasium nie meer voldoende akkommodasie gebied nie. Daarin word die behoefte aan 'n personeelkamer, 'n groter laboratorium en 'n algemene leeskamer as die vernaamste knelpunte uitgesonder. Die feit dat die skoolhoof nie eers oor 'n eie kantoor beskik het nie, was klaarblyklik ook 'n ernstige

---

25 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 7.11.1921, pp. 28-29, art. 2

26 Gereformeerde Kerk, Notule van Kommissie van Trustees, 4.2.1919, art. 3

27 Gereformeerde Kerk, Notule van Kommissie van Trustees, 28.5.1919, art. 2

28 Gereformeerde Kerk, Notule van Kommissie van Trustees, 4.2.1919, art. 3

29 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 11

leemte.[30] Daar was ook 'n tekort aan geskikte meublement aangesien die skoolbanke van die sogenaamde "war supply"-tipe was en as sodanig primitief en ontoereikend.[31] In hierdie omstandighede is die matriekleerlinge gedurende 1919 in 'n private woning buite die skoolterrein geakkommodeer.[32]

Die Kuratore het ondertussen oorgegaan tot die oprigting van bykomende klaslokale vir Potchefstroom Gimnasium. Teen Februarie 1920 was die bouwerk feitlik afgehandel en is ook voorsiening gemaak vir meer geskikte meublement in die skoolgebou.[33]

'n Belangrike verwikkeling vroeg in 1921 was die vervanging van die Skoolkommissie deur 'n Beheerraad vir Potchefstroom Gimnasium. Die eerste lede van die Beheerraad was ds. WJ de Klerk (voorsitter), proff. F Postma, JD du Toit, APC Duvenage, J Kamp, JC van Rooy, di. JG Perold, S Vermooten en mnr. JP Nel.[34]

Die Beheerraad se funksies het voortaan ook direkte toesig oor die geboue en terreine, meubels en uitrusting behels. Dit het onder andere ingehou dat die Beheerraad die Skoolraad kon adviseer oor sake rakende geboue en terreine. Verder het die Beheerraad ook die bevoegdheid gekry oor die gebruik van die skoolgeboue buite skoolure.[35]

Hierdie verwikkeling het die beheer oor die geboue en terreine egter net gekompliseer, want die beheer daaroor is nou deur beide die Kuratore en die Beheerraad waargeneem. Hierdie dubbele voogdyskap was beslis 'n onbevredigende situasie en het, aldus 'n inspekteursrapport, veroorsaak dat daar "van die sorg maar min tereg kom omdat die een sig op die ander verlaat".[36]

---

30 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, Okt. 1919 in Skooljoernaal II, pp. 10-11

31 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 12

32 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Kommissie van Trustees, 4.2.1919, art. 5

33 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 26.3.1920, p. 8

34 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 20.1.1921, p. 1

35 Transvaalse Onderwysdepartement, Plaaslike bestuur van Onderwysinrigtings, p. 6

36 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 13-14.3.1923 in Skooljoernaal II, pp. 36-39

Dat die Kuratore hierdie ook as 'n ongewenste situasie ervaar het, blyk duidelik uit hulle bereidwilligheid om die geboue aan die staat oor te dra. In 1921 was so 'n stap egter nie moontlik nie aangesien die geboue reeds in 1919 vir 'n tydperk van nege jaar aan die provinsiale owerheid verhuur is.[37] Bowendien is staatsoorname op daardie stadium deur 'n gebrek aan fondse gekortwiek. Die *status quo* is dus gehandhaaf met die vooruitsig van oordrag op 'n latere tydstip.[38]

Na die oprigting van addisionele lokale in 1920 het die skoolgebou van Potchefstroom Gimnasium uit nege gewone lokale en een laboratorium bestaan. Dit was egter spoedig duidelik dat die gehalte van die skoolgebou as geheel veel te wense oorgelaat het. Die skoolinspekteur het in 1923 selfs sy bedenkinge uitgespreek oor die wenslikheid van toekomstige uitbreiding aan die bestaande gebou. Hy het die skoolgebou ook vanuit 'n opvoedkundige oogpunt onaanvaarbaar gevind:[39] "Opvoedend en veredelend kan die omgewing bepaald nie op die kinders inwerk nie, nog minder kan daar sprake wees van die ontwikkeling van 'n estetiese gevoel aangesien alles gehawend en verwaarloos uitsien." Die skoolgebou het ook nie voldoende akkommodasie gebied nie. Gedurende 1923 het die skoolhoof "die verskaffing van lokaliteit" as "die brandende kwessie" bestempel. Hy was selfs van mening dat daar 'n verband bestaan het tussen onvoldoende klaskamerakkommodasie en onbevredigende akademiese resultate.[40]

In sy verslag het die inspekteur aangedui dat "iets gedaan moet word". Hy het aanbeveel dat 'n minimum van drie addisionele lokale vir die onmiddellike behoefte nodig was. Die standerd nege-klas kon klaarblyklik nie in 'n enkele lokaal alleen geakkommodeer word nie en verder is daar 'n lokaal benodig vir die onderrig van Grieks en Latyn. Daar was steeds nie 'n personeelkamer, 'n kantoor vir die hoof en 'n geskikte biblioteek nie.[41]

---

37 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 7.8.1923

38 Gereformeerde Kerk, Verslag van die Senaat van die Teologiese Skool in verband met onderhoud met Administrateur van Transvaal, 26.10.1921

39 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 13-14.3.1923 in Skooljoernaal II, pp. 36-39

40 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, Julie-Sept. 1923, p. 29

41 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 13-14.3.1923 in Skooljoernaal II, pp. 36-39

'n Kommissie bestaande uit lede van die Beheerraad en die onderwyspersoneel is daarop saamgestel in 'n poging om "iets te bewerkstellig".[42] Dit het toe aan die lig gekom dat die personeel alreeds op eie inisiatief besig was om op 'n vrywillige basis maandeliks tot 'n fonds by te dra.[43] 'n Tydelike gebou van die "Cantonments" (leërbarakke) sou dan daaruit aangekoop en opgerig word om in die behoefte aan akkommodasie te voorsien.[44] Hierdie was natuurlik 'n lofwaardige poging wat daarop dui dat die personeel self die akkommodasienood op daardie stadium as 'n akute probleem ervaar het. Beide pogings was egter onsuksesvol waarna die kwessie van akkommodasie weer na die Kuratore verwys is.[45]

Na oorlegpleging tussen die Beheerraad en die Kuratore is besluit op 'n terrein[46] waar 'n addisionele skoolgebou moontlik opgerig kon word.[47] Onderhandeling tussen die Beheerraad en die provinsiale owerheid met die oog daarop het egter geen tasbare resultate opgelewer nie.[48]

Die afname in die skool se leerlingtal gedurende 1925 het "'n weinig verligting"[49] meegebring. In wese was die behoefte aan geskikte en voldoende akkommodasie egter steeds van 'n ernstige aard.[50]

Die oordrag van die geboue en terreine aan die staat het teen 1926 weer ter sprake gekom. Die Transvaalse Kuratore van die Teologiese Skool, die Teologiese Senaat, die Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium en ds. WJ de

---

42 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 4.4.1923-29.6.1923, p. 28

43 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, Julie-Sept. 1923, p. 29

44 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 13-14.3.1923 in Skooljoernaal II, pp. 36-39

45 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 1.2.1923-29.6.1923, pp. 27-28

46 Kyk Hoofstuk 3, Illustrasie I

47 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 14.5.1923, p. 61, art. 3

48 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 3.11.1924, pp. 88-89, art. 6(b)

49 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 26.5.1925-3.6.1925 in Skooljoernaal II, pp. 48-53

50 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 2.11.1925, p. 109, art. 9

Klerk het gesamentlik 'n aksiekomitee gevorm en alle geboue wat die eiendom van die Gereformeerde Kerk was, laat waardeer.

Die volgende geboue[51] was betrokke en die waarde van elke gebou word telkens aangedui:[52]

| | |
|---|---|
| Teologiese Skoolgebou | £ 2 500 |
| Potchefstroom Gimnasium | £ 4 000 |
| Ou Voorbereidende Skoolgebou (Gimnasium Laer) | £ 1 100 |
| Koshuis | £ 1 200 |
| Koshuis | £ 1 300 |
| Professorswoning | £ 1 200 |
| | £11 300 |

Die geboue is vir £11 300 gewaardeer en met inagneming van die waardevermindering is die verkoopprys op £9 000 vasgestel. Aangesien die provinsiale owerheid nie bereid was om meer as £7 000 daarvoor te betaal nie, het die Kuratore alle genoemde geboue in 1927 teen hierdie bedrag verkoop.[53] Daarmee is die dubbele voogdyskap oor die skoolgeboue uiteindelik beëindig.

Alle geboue op die genoemde terrein, met die uitsondering van die gebou van die eertydse Voorbereidende Skool, was ná 1927 tot die beskikking van Potchefstroom Gimnasium.[54] Die geboue het egter nog nie in alle behoeftes van die skool voorsien nie.[55] Daar was teen 1929 byvoorbeeld nog 'n tekort

---

51 Vergelyk die sketskaart van H Altmann,(Illustrasie I). Dit sluit alle geboue van Blok 2 in asook die koshuis op die suidwestelike hoek van Blok 3.

52 Gereformeerde Kerk, Notule van spesiale vergadering van Kuratore, 4.8.1926, art. 1-5

53 Gereformeerde Kerk, Notule van spesiale vergadering van Kuratore, 4.8.1926

54 Die Gimnasium Laerskool is in 1927 met die Noordskool verenig en vanaf 1929 is slegs die gebou van die eertydse Voorbereidende Skool deur die Demonstrasieskool van die Normaalkollege beset.

(Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 21.7.1926-24.9.1926, p. 54; J Chris. Coetzee, "Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom, 1838-1938" in AJH van der Walt, Potchefstroom 1838-1938, p. 255)

55 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 2.4.1928, p. 141(b), art. 4

aan die nodige laboratorium- en huishoudkundefasiliteite.[56] Die skoolhoof het wel nou oor 'n kantoor van sy eie beskik wat in die gewese gebou van die Teologiese Skool geleë was.[57]

Gedurende die jare 1929 tot 1933 het die behoefte aan voldoende en geskikte akkommodasie onveranderd gebly.[58] Sowel die Beheerraad as die skoolhoof het egter voortdurend vertoë tot die onderwysowerhede gerig.[59] Hierdie pogings was nie sonder sukses nie en aan die einde van 1934 is 'n bedrag van £2 420 goedgekeur vir die verdere oprigting van 'n laboratorium, 'n kantoor vir die hoof, 'n personeelkamer asook vir noodsaaklike opknappingswerk aan die skoolgebou.[60] Die bouwerk is gedurende 1935 voltooi. Gedurende dieselfde jaar is daar ook 'n aanvang gemaak met die omskepping van die gebou van die Teologiese Skool in 'n huishoudkunde- en houtwerksentrum.[61]

Die skoolterrein is ook gedurende dieselfde tyd verfraai met netjiese grasperke, struike, blomme en 'n dennelaning by die seunskoshuis.[62] Daar was egter nie voldoende sportfasiliteite op die terrein beskikbaar nie. Die terrein ten suide van die skoolgebou[63] is eers ná 1938 vir hierdie doel ontwikkel.

Die behoefte aan akkommodasie en uitbreiding was egter nie alleen tot die skoolgeboue beperk nie, maar het ook by die koshuise bestaan.

---

56 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 10, Des. 1929, p. 8

57 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 14-16.9.1932 in Skooljoernaal II, pp. 102-107

58 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 30.4.1929-3.5.1929 in Skooljoernaal II, pp. 64-80

59 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 12.11.1934, p. 245, art. 4

60 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 10.5.1935, p. 134

61 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 12, Nov. 1935, p. 7

62 Dit was geleë waar Dennepark en die Onderwysersentrum huidiglik is.

63 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 18-20.3.1935 in Skooljoernaal II, pp. 125-133

### 3.2.2 KOSHUISAKKOMMODASIE EN UITBREIDING

Met die omskepping van Potchefstroom Gimnasium in 'n volwaardige sekondêre skool in 1918, was daar twee koshuise waarin leerlinge geakkommodeer is.[64]

Die hoofkoshuis, geleë op die hoek van Molen- en Rissikstraat, is in 1906 deur prof. Jan Lion-Cachet opgerig. Nie alleen studente nie, maar ook leerlinge van die Voorbereidende Skool is daarin gehuisves.[65] Later is 'n seunskoshuis[66] in 1913 op die hoek van Molen- en Esselenstraat opgerig[67] met akkommodasie vir sowat 50 leerlinge.[68]

Alhoewel daar alreeds in 1912 'n behoefte aan 'n meisieskoshuis bestaan het, is die hoofkoshuis eers tussen die jare 1918 en 1921 vir hierdie doel omskep.[69] Die koshuis is sedertdien hoofsaaklik deur leerlinge van Potchefstroom Gimnasium asook enkele damesstudente bewoon. Om die groeiende inwonertal te akkommodeer is ook 'n bykomende woonhuis in 1921 hiervoor ingeruim.

Die koshuisgeboue, wat die eiendom van die Gereformeerde Kerk was, is ook deur die Kuratore van die Teologiese Skool beheer en in stand gehou.[70] In 1921 is die koshuise onder die gesamentlike beheer van die Kuratore en die Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium geplaas. Die geboue het egter steeds aan die Kerk behoort.[71] As voortvloeisel van die Beheerraad se gedeeltelike beheerfunksie is die koshuismeublement, synde ook kerkeiendom, kort daarna vervang. Die Beheerraad het 'n kwart van die vervangingskoste self

---

64 Vergelyk die sketskaart van H Altmann - Kyk Illustrasie I

65 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p. 22

66 Dit het later as Brandwag bekend gestaan.

67 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 27.11.1912

68 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p. 23

69 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 20.1.1921, p. 1

70 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 85

71 Gereformeerde Kerk, Notule van Kuratore, 20.11.1922, art. 7

gedra, terwyl die TOD die oorblywende koste van £1 064 gefinansier het.[72) Verder was die huisvader sedert 1923 slegs aan die Beheerraad verantwoording verskuldig.[73)]

'n Gebrek aan finansiële middele het die koshuisbestuur gedurende die twintigerjare aansienlik gekortwiek. Daar is klaarblyklik heelwat moeite ondervind om die losiesfooi van £10 per kwartaal ingevorder te kry. Daarbenewens is behoeftige leerlinge selfs van beurse voorsien uit geld afkomstig van die koshuisfonds.[74)]

Die twee koshuise het aanvanklik geen amptelike name gedra nie. Eers in 1926 het die huisvader die wenslikheid van koshuisname onder die aandag van die Beheerraad gebring.[75)] Naamgewing het iewers tussen 1926 en 1929 beslag gekry. Die meisieskoshuis het Cachet geheet, vernoem na die oprigter daarvan. Die seunskoshuis is as Brandwag gedoop.[76)] Volgens oorlewering is die naam afkomstig van die bynaam "Wagter", soos die huisvader, PF van Schouwenburg, alom bekend was onder die leerlinge.[77)]

Verskeie persone het as huisvaders opgetree sedert die skool in 1918 'n selfstandige sekondêre skool geword het. Die huisvader het in die hoofkoshuis gewoon en vanaf 1928 is daar ook 'n huisvader vir die seunskoshuis aangestel.[78)] Hulle was agtereenvolgens prof. F Postma, mnre. JJA Coetsee, JV Coetzee, PF van Schouwenburg, K Geertsema en BC Schutte.[79)]

---

72 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, buitengewone vergadering, 27.12.1922, p. 52, art. 3

73 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 5.2.1923, p. 54, art. 7

74 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 2.2.1925, p. 93

75 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Koshuiskomitee van die Beheerraad, 1.2.1926, art. 5

76 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 10, Des. 1929, pp. 49, 62

77 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1907-1957 (persoonlike inskripsie deur JV Coetzee in die gedenkuitgawe), p. 23

78 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 2.4.1928, p. 140(b), art. 6

79 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1918-1938

Die Beheerraad het in 1923 'n koshuisreglement opgestel wat ook die verantwoordelikhede van die huisvader omskryf het. Koshuisreëls was oor die algemeen streng, sodat goeie orde en dissipline gehandhaaf kon word.[80)]

Die inwonertal van die koshuise het heelwat gewissel gedurende die jare voor 1938. Die getal het in 1931 'n laagtepunt bereik,[81)] maar daarna tot 1936 besondere groei getoon.[82)] Die Beheerraad is daardeur genoop om vir addisionele akkommodasie voorsiening te maak. Teen 1938 was die twee huise wat as woonkwartiere ingerig is, egter reeds weer onvoldoende. Op daardie stadium was nuwe geboue op die Beheerraad se agenda en is die TOD versoek om daaraan uitvoering te gee.[83)]

'n Skool is vir sy voortbestaan nie alleen afhanklik van doelmatige geboue en ander fasiliteite nie, maar veral ook van sy leerlingtal. Die grootte van Potchefstroom Gimnasium se leerlingtal het gedurende die jare 1918 tot 1938 aansienlike skommelinge getoon. Verskeie faktore was hiervoor verantwoordelik.

### 3.2.3 DIE LEERLINGTAL

Die primêre afdeling van Potchefstroom Gimnasium en die latere Gimnasium Laerskool het alle leerlinge tot die vlak van standerd ses geakkommodeer. Dit het meegebring dat Potchefstroom Gimnasium, selfs na die omskepping daarvan tot 'n volwaardige sekondêre skool in 1918, slegs verantwoordelik was vir leerlinge tussen standerds sewe en tien. Hierdie reëling is in 1919 gewysig om ook toelating te bied vir standerd ses-leerlinge. Die onmiddellike uitwerking hiervan was dat 75 standerd ses-leerlinge in 1920 by die skool ingeskryf is.[84)] Dit was tewens 'n bydraende faktor tot die verdubbeling van die leerlingtal tussen 1918 en 1923.

---

80 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 5.3.1923, p. 57, art. 4(b)


81 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 3.2.1931, p. 177, art. 7

82 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Koshuiskomitee van die Beheerraad, 11.5.1935

83 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 15, Des. 1938, p. 7

84 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 28.1.1920, p. 8

DIE LEERLINGTAL VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM
1918 - 1938



Ná 'n hoogtepunt in 1923 het die leerlingtal in 1924 'n skerp afname getoon. Dit is veroorsaak deur verskeie faktore, waarvan een die oprigting van 'n "opposiesieskool", die Hoër Volkskool in 1922 was. Hierdie was die tweede sekondêre skool op Potchefstroom met Afrikaans as medium en het vanweë sy aard aktief met Potchefstroom Gimnasium om leerlingtalle meegeding. 'n Ander faktor was die swak eindeksamenresultate in 1923 wat klaarblyklik ook sy tol in terme van leerlingtal geëis het. Die feit dat slegs vyf uit die 32 standerd nege-kandidate geslaag het, is sprekend.[85)]

Die leerlingtal het tussen 1925 en 1931 betreklik konstant gebly. Geen verdere betekenisvolle afname is ondervind nie wat, aldus die skoolhoof, verband gehou het met verbeterde akademiese resultate en gepaardgaande herstel van vertroue in die skool.[86)] Die leerlingtal het veral in 1933 aanmerklik toegeneem en is hoofsaaklik veroorsaak deur die ekonomiese depressie waarin die land hom gedurende die vroeë dertigerjare bevind het. Leerlinge wat die skool voor standerd tien verlaat het, is deur werkloosheid genoop om na die skoolbanke terug te keer.[87)]

In 1934 het die leerlingtal weer 'n afname getoon en is slegs elf nuwe leerlinge daardie jaar ingeskryf.[88)] Die lae inskrywingstal vir 1935 is hoofsaaklik daaraan te wyte dat die standerd ses-klasse vanaf 1935 weer na die laerskole teruggeplaas is.[89)]

Die leerlinginskrywings het intussen weer toegeneem om in 1938 dieselfde vlak te bereik as in 1933. Hierdie toename was waarskynlik te danke aan die opknapping van die skoolgebou met verbeterde akkommodasiefasiliteite ná 1935.

## 3.3 ONTWIKKELING OP AKADEMIESE GEBIED

Met die verkryging van sekondêre skoolstatus in 1918 het die personeel van

---

85 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, Jan-April 1924, p. 37

86 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 11.12.1931, p. 87

87 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 19.1.1932, p. 88

88 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 23.1.1934, p. 115

89 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 16.1.1935, p. 125

Potchefstroom Gimnasium uit sewe persone bestaan, naamlik JJA Coetsee (hoof), DJ van Rooy, FJ le Roux, JC Coetzee, JV Coetzee, JL Zerwick en mej. JM Weston.[90] Hierbenewens het prof. F Postma tot 1921 in 'n tydelike hoedanigheid Grieks, Latyn en Duits aan die skool onderrig en is hy vir praktiese doeleindes as lid van die personeel beskou.[91]

In die voorsiening van onderwyspersoneel is daar egter nie voldoende rekening gehou met die toename in leerlingtal nie. Hoewel die leerlingtal gedurende die jare 1918 en 1922 meer as verdubbel het, is die aantal personeel oor dieselfde tydperk met slegs drie lede aangevul. Die probleem is boonop vererger deur 'n aansienlike personeelwisseling wat ondervind is. In hierdie omstandighede was die skoolhoof genoodsaak om vanaf 1922 self 28 lesperiodes per week te behartig.[92]

Die personeel is hierna in 1924 met een lid tot nege verminder vanweë die skerp afname in die leerlingtal (kyk Illustrasie 2). Dit het meegebring dat die skool vir 'n aantal jare die dienste van 'n vroulike personeellid ontbeer het.[93] Ondanks die toename in die leerlingtal het die TOD in 1932 'n verdere inkorting van twee personeellede aangekondig. Aangesien ander skole ook by hierdie besnoeiing betrokke was, het dit waarskynlik verband gehou met die landswye ekonomiese depressie van daardie jare. Die ontevredenheid met hierdie stap het selfs op 'n gesamentlike vergadering van alle Potchefstroomse beheerrade uitgeloop.[94] Voortvloeiende hieruit het Potchefstroom Gimnasium se Beheerraad in 'n protesnota aan die TOD nadruk gelê op die nadelige implikasies daarvan op die skool se onderwysprogram. Blykens hierdie betoog was die skool bowendien op agt personeellede geregtig.[95] Die personeel is derhalwe met slegs een lid tot agt verminder.[96]

---

90 Transvaalse Onderwysdepartement, Jaarverslag Bylaag 12, 31.12.1918, p. 35

91 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 7.4.1920-3.5.1921, pp. 9, 16

92 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 21.4.1922, p. 24

93 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, Julie-Sept 1925, p. 45

94 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 11.1.1932, pp. 194-195, art. 3

95 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III: notule van buitengewone vergadering, 15.2.1932, pp. 200-210, art. 2

96 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 7.3.1932, p. 203, art. 6

Dis merkwaardig dat hoegenaamd geen personeelwisseling gedurende die jare 1927 en 1933 voorgekom het nie. In 1933 het die aansienlike toename in die leerlingtal die skepping van twee addisionele onderwysposte tot gevolg gehad.[97] Ofskoon die poste mettertyd gevul is, het die grootte van die personeel tussen agt en tien gewissel na gelang van die leerlingtal.

In 1938 was daar tien persone op die personeel wat verantwoordelik was vir die onderrig van altesaam elf vakke. Die hoof self het steeds die onderrig van enkele vakke vir etlike klasse behartig.[98]

Potchefstroom Gimnasium het gedurende die 20 jaar voor 1938 oor personeel beskik wat oor die algemeen goed toegerus was vir die onderwys- en opvoedingstaak. Afgesien van die talle B-grade was daar ten minste ses personeellede wat in besit was van meestersgrade. Gedurende die periode onder bespreking is verskeie personeellede ook tot posisies binne en buite die onderwys bevorder. Enkele voorbeelde hiervan is dié van JC Coetzee en DJ van Rooy wat in doserende hoedanigheid aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO aangestel is, asook FJ le Roux, HA Steyn en PF van Schouwenburg wat tot hoofde van skole bevorder is.[99]

Die skool het 'n wye verskeidenheid akademiese vakke aangebied wat nog grootliks ooreengestem het met dié wat in die skema vir voorbereidende onderwys van 1904 in die vooruitsig gestel is.[100] Daar is voorsiening gemaak vir die vakke Wiskunde, Natuurwetenskap, Plantkunde, Rekeningkunde, Geskiedenis, Bybelse en Kerkgeskiedenis, Aardrykskunde, Afrikaans, Engels, Duits, Latyn en Grieks. Rekeningkunde is die enigste vak wat sedertdien tot die kurrikulum toegevoeg is. Gimnastiek is addisioneel aangebied en wel buite skoolure.[101]

---

97 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 11, Nov. 1933, p. 7

98 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 17.2.1938, pp. 164-165

99 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 11.11.1933-15.2.1937

100 Kyk Bylae 1

101 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslae, 28-29.10.1920 en 13-16.3.1923 in Skooljoernaal II, pp. 20-22; pp. 36-39

ILLUSTRASIE 2 - DIE ONDERWYSPERSONEEL VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM IN 1924



ILLUSTRASIE 3 - DIE KURRIKULUM VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM (IN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, *FAC ET SPERA*, NO. 12, DES. 1935)

# Hoër Gimnasium

FAC ET SPERA

## POTCHEFSTROOM

**NEEM LEERLINGE IN VAN VORM I TOT EN MET VORM V.**

**VAKKE:** Bybelse Geskiedenis, Afrikaans, Engels, Duits of Latyn, Geskiedenis, Matesis of Aardrykskunde, Skei-, Nat.- of Plantkunde.

Verder word nog onderrig gegee in Sang, Gimnastiek, Teken, Houtwerk.

**TWEE KOSHUISE:** Cachet Huis (Meisies) en Brandwag (Seuns).

Losiesgelde: £8 per kwartaal vooruitbetaalbaar. Afslag vir 2 of meer kinders uit dieselfde gesin.

Van 1936 af sal daar ook geleentheid wees om kinders in te neem wat die Laerskole besoek teen 'n verminderde prys.

Vir Boekbeurse is voorsiening gemaak.

Doen aansoek by:

DIE PRINSIPAAL

Hierdie was inderdaad 'n omvangryke kurrikulum, veral die groot aantal vreemde tale in ag genome. Vir die beskikbare leerkragte het dit ook 'n uitgebreide werkslas meegebring. Dit was waarskynlik ook 'n bydraende faktor tot die lae slaagsyfer wat gedurende die vroeë twintigerjare in die standerd tien-eindeksamens behaal is. Die ernstige lig waarin die skool se onderwyspersoneel dié aangeleentheid beskou het, blyk uit 'n formele aanbeveling van die Beheerraad in 1924 om die beëindiging van die onderrig van Grieks, Latyn, Kerkgeskiedenis en Sang en om die vermindering van die aantal periodes bestee aan Bybelse Geskiedenis.[102]

Vir so 'n drastiese inkorting van die kurrikulum was die Beheerraad egter nie te vinde nie. Daar is wel toegegee dat, vanweë die kwynende belangstelling van leerlinge in Grieks, die vak op 'n natuurlike wyse uitgefaseer sou word. Ten spyte van die aanbeveling van die personeel, het die Beheerraad die belangstelling in Bybelse en Kerkgeskiedenis daadwerklik gestimuleer deur jaarlikse prestasie-erkennings wat vir hierdie vakke ingestel is.[103]

Die lae leerlinginskrywing gedurende die jare 1924 tot 1932 het klaarblyklik nie 'n kurrikulum van hierdie omvang geregverdig nie. Ten spyte hiervan is die kurrikulum gedurende 1924/1925 verder aangevul met Houtwerk tot standerd agt en Kadette vir die seuns.[104] Aardrykskunde is vanaf 1931 tot op die vlak van standerd tien aangebied,[105] met 'n verdere uitbreiding van die kurrikulum gedurende 1936/1937 om vir Beroepsvoorligting[106] en Huishoudkunde voorsiening te maak.[107]

'n Omvangryke kurrikulum soos hierdie was egter ook voordelig in dié opsig dat 'n wye vakkeuse daardeur moontlik gemaak is (kyk Illustrasie 3). Die

---

102 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 8.2.1924, pp. 73-74, art. 3(4)

103 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 26.2.1924, pp. 75-77, art. 7

104 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 26.5.1925-3.6.1925 in Skooljoernaal II, pp. 48-53

105 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 26.2.1931, p. 82

106 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 13, Des. 1936, p. 7

107 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 8.2.1937, p. 151

kurrikulum is op so 'n wyse saamgestel dat 'n derde taal verpligtend was vir standerds sewe en agt maar nie vir standerds nege en tien nie. Natuurwetenskap was verpligtend tot standerd nege met Plantkunde as alternatiewe keuse in standerd tien. Geskiedenis was 'n verpligte eksamenvak tot in standerd tien terwyl Rekeningkunde slegs in standerds nege en tien aangebied is. Besonder opvallend is die nege periodes per week wat in alle standerds aan Wiskunde bestee is, terwyl die periodetoeslag in geen ander vak meer as ses per week was nie.[108]

Ten spyte van die uitgebreide kurrikulum het die skoolhoof die personeel nogtans doeltreffend aangewend en gesorg vir 'n sinvolle verdeling van akademiese verantwoordelikhede[109] (kyk Tabel 2).

TABEL 1

DIE VERDELING VAN AKADEMIESE VERANTWOORDELIKHEDE TUSSEN DIE PERSONEEL VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1938

| ONDERWYSER | VAKKE | STANDERD | AANTAL PERIODES |
|---|---|---|---|
| JJA Coetsee | Latyn<br>Bybelgeskiedenis | 7, 8, 10 | 12 |
| FL Scheepers | Afrikaans<br>Latyn | 8, 9, 10 | 34 |
| P Strydom | Wiskunde | 8, 9, 10 | 36 |
| J de Ruiter | Duits<br>Biologie<br>Rekeningkunde | 7-10 | 34 |
| BC Schutte | Wetenskap<br>Rekeningkunde | 8-10 | 35 |
| K Geertsema | Geskiedenis | 7-10 | 35 |
| G van Duyn (mej) | Engels | 7-10 | 34 |
| PJ du Plessis | Rekeningkunde<br>Wiskunde<br>Wetenskap | 7, 8 | 36 |
| JV Coetzee | Aardrykskunde<br>Bybelgeskiedenis | 7-10 | 38 |
| Mev. Poggenpoel | Biologie<br>Afrikaans<br>Engels | 7-9 | 33 |

108 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 18-20.3.1935 in Skooljoernaal II, pp. 125-133

109 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 17.2.1938, pp. 164-165

Nadat die skool in 'n sekondêre skool omskep is, was die onderwysstandaard egter nie van 'n besonder hoogstaande gehalte nie. "Die werk, wat in hierdie skool gesien is, is nie alte bevredigend nie...", lui die skoolinspeksieverslag in 1923.[110] Verskeie eksterne en interne faktore was hiervoor verantwoordelik.

Een van die eksterne faktore was die onbevredigende akademiese standaard van leerlinge wat hulle primêre skoolopleiding buite Potchefstroom, waarskynlik meesal in plaasskole, ontvang het. Met die oorplasing van die standerd ses-kursus na sekondêre skole in 1920 het 'n aansienlike getal van hierdie leerlinge hulle aan Potchefstroom Gimnasium bevind.[111] Die meeste van hierdie leerlinge het nie oor die vermoë beskik om sinvol by die akademiese program vir standerd sewe by Potchefstroom Gimnasium in te skakel nie. Om hierdie rede het die hoof sommige leerlinge vir twee jaar in standerd sewe gehou voordat hulle na standerd agt bevorder is.[112]

Daar was verder heelwat kinders uit die tydperk gedurende en na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) wat, vanweë verengelsingsinvloede op die onderwys en ander na-oorlogse probleme, geen sekondêre skoolopleiding geniet het nie. Ofskoon hulle 'n akademiese agterstand gehad het en al verby die skoolgaande ouderdom was, is baie van hulle mettertyd by Potchefstroom Gimnasium ingeskryf, veral vanweë sy Christelike en eg-Afrikaanse karakter. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is ene Gustav Wilhelm König wat in 1924 op 32-jarige ouderdom gematrikuleer het.[113] Die gemiddelde ouderdom van die skool se leerlinge was dus besonder hoog, soos blyk uit die gemiddelde vir die jaar 1918 van 15,1 jaar in standerd sewe, agtien jaar in standerd agt, 19,1 jaar in standerd nege en 20 jaar in standerd tien.[114]

'n Interne faktor wat bygedra het tot die onbevredigende onderwysstandaard, is die gebrek aan eenvormigheid in die evalueringskriteria van leerlinge se

---

110 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 13-14.3.1923 in Skooljoernaal II, pp. 36-39

111 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 28.1.1920, p. 8

112 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 12.12.1919, pp. 7-8

113 Potchefstroom Gimnasium, Register van daaglikse skoolbesoek, 1924

114 Transvaalse Onderwysdepartement, Jaarverslag, 31.12.1918, p. 83

akademiese werk deur onderwysers.[115] Onervare leerkragte en 'n gebrek aan ferme dissipline het ook nadelig ingewerk op die skool se akademiese resultate gedurende die vroeë twintigerjare.[116] Hierdie onbevredigende situasie is verder in die hand gewerk deur "moeilike omstandigheden van grote klassen, ongelyke vorderingen, onvoldoende ruimte en leermiddelen."[117]

Deur die toegewyde inspanning van personeel en leerlinge is hierdie leemtes en tekortkominge egter mettertyd te bowe gekom. Dit blyk duidelik uit die skoolinspeksieverslag van 1929 wat "die algemene peil van die verskillende vakke (as) baie bevredigend" bestempel het. Die goeie eksamenresultate wat teen 1929 behaal is, lewer verdere bewys van die verbeterende onderwysstandaard aan die skool.[118]

Die welslae op akademiese gebied is ook te danke aan die georganiseerde verloop van die skoolprogram. 'n Skooldag het uit agt lesperiodes bestaan wat van agt uur tot kwart voor twee geduur het. Dit het begin met 'n openingsperiode van vyf minute en later in die dag het 'n pouse van 30 minute gevolg. Die skooldissipline het ook aanmerklik verbeter, waarvan die volgende aanhaling uit 'n skoolinspeksieverslag 'n duidelike bewys is:[119]

> "By die begin van elke skof word die kinders versamel en aan die end gaan hulle uiteen sonder baie seremonie maar ordelik en met 'n mienimum verkwisting van tyd. Ook het dit bepaald meegeval om klasse binne te stap waar die leerlinge by afwesigheid van hul onderwyser kalm en ordelik deurwerk."

Die vertrouensverhouding tussen hoof, personeel en leerlinge sowel as die gees van erns en toewyding wat in die skool geheers het, was tot 'n groot mate die dryfkrag agter die akademiese suksesse wat mettertyd behaal is.[120]

---

115 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 7.4.1922, p. 23

116 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 13-14.3.1923 in Skooljoernaal II, pp. 36-39

117 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, Okt. 1919 in Skooljoernaal II, pp. 10-11

118 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 30.4.1929-3.5.1929 in Skooljoernaal II, pp. 64-80

119 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 30.4.1929-3.5.1929 in Skooljoernaal II, pp. 64-80

120 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslae, 1929-1935 in Skooljoernaal II

Om meer te wete te kom oor die aard van die welslae op akademiese gebied, is dit verder nodig om die uitslae van die skool se leerlinge in die eksterne matriekeksamens van nader te beskou.

Gedurende die jare 1918 tot 1925 is 'n gemiddelde slaagsyfer van slegs 50% in die matriekeindeksamens behaal. Die onbevredigende onderwysstandaard gedurende daardie jare, waarna reeds verwys is, het ook in die matriekuitslae neerslag gevind. Daar was egter ook ander faktore wat met hierdie lae slaagpersentasie verband hou.

Die ontoereikende klaskamerfasiliteite was een van die vernaamstes, aangesien die leerlingtal teen 'n besonder vinnige tempo toegeneem het. By gebrek aan voldoende klaslokale het die matrikulante byvoorbeeld gedurende 1919 in 'n private woonhuis onderrig ontvang.[121)]

Verder is die Middelbare Skoolsertifikaat Skema van 1921, wat bepaal het dat 'n leerling se jaarpunt voortaan soveel as een-derde van die finale slaagsyfer in die eksterne matriekeksamen sou tel,[122)] nie betyds geïmplementeer nie. Dit was omdat die skoolhoof klaarblyklik eers teen Februarie 1921 kennis ontvang het van die nuwe skema en van gepaardgaande sillabusse.[123)] Die besonder lae slaagsyfer aan die einde van 1921 is waarskynlik ook 'n weerspieëling hiervan.

Gedurende die drie jaar ná 1926 is egter besondere welslae in die matriekeindeksamen behaal waarvan die 100%-slaagsyfer in 1929 dan ook getuig. (Kyk Tabel 2) Die skoolhoof en die Inspekteur van Onderwys het die welslae van daardie jare inderdaad as "baie bevredigend" bestempel,[124)] terwyl die Beheerraad self geroem het op die "skitterende uitslae" van 1929.[125)]

---

121 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Kommissie van Trustees van die Skoolkommissie, 4.2.1919, art. 5

122 Transvaalse Onderwysdepartement, Jaarverslag, 31.12.1921, pp. 21-22

123 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 4.2.1921, pp. 14-15

124 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 30.4.1929-3.5.1929 in Skooljoernaal II, pp. 64-68

125 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 3.2.1930, p. 164, art. 9

TABEL 2

EKSAMENRESULTATE IN STANDERD TIEN, 1915 - 1938

| JAARTAL | AANTAL GESLAAG | SLAAG PERSENTASIE | EERSTE KLASSE BEHAAL | AANTAL VAK-ONDERSKEIDINGS | TOTALE AANTAL ONDER-SKEIDINGS |
|---|---|---|---|---|---|
| 1915 | 7 | 70 | - | - | - |
| 1916 | 12 | ? | 3 | - | - |
| 1917 | 9 | 75 | - | - | - |
| 1918 | 7 | 50 | - | - | - |
| 1919 | 6 | 46 | - | - | - |
| 1920 | 6 | ? | - | - | - |
| 1921 | 8 | 42 | - | - | - |
| 1922 | 18 | 50 | 1 | - | - |
| 1923 | 22 | 48 | ? | - | - |
| 1924 | 12 | 63 | - | - | - |
| 1925 | 11 | 50 | - | - | - |
| 1926 | 14 | 74 | 2 | - | - |
| 1927 | 15 | 94 | - | - | - |
| 1928 | 15 | 88 | - | - | - |
| 1929 | 15 | 100 | ? | - | |
| 1930 | 9 | 65 | 4 | - | - |
| 1931 | ? | 74 | - | - | - |
| 1932 | 16 | 80 | - | - | - |
| 1933 | 20 | 80 | - | - | - |
| 1934 | 16 | 67 | 1 | - | - |
| 1935 | 17 | 63 | - | - | - |
| 1936 | 19 | 70 | 3 | Geskiedenis 1; Wiskunde 1; Natuur- en Skeikunde 1 | 3 |
| 1937 | 26 | 79 | 5 | Geskiedenis 2; Wiskunde 5; Natuur- en Skeikunde 3 | 10 |
| 1938 | 15 | 54 | 4 | Geskiedenis 2; Wiskunde 2 | 4 |

Die slaagsyfer vir die jare 1926 tot 1929 was redelik hoog met 'n gemiddelde persentasie van 89. Gedurende die jare 1930 tot 1938 het die slaagsyfer egter meesal 'n onstabiele patroon vertoon met 'n gemiddelde van 70%.

Die indiwiduele akademiese prestasies van matriekleerlinge het gedurende die jare 1930 tot 1938 merkbaar toegeneem. Veel meer leerlinge het in die eerste klas geslaag as in die voorafgaande jare. In 1936 is die eerste vakonderskeidings in die skool se geskiedenis behaal. Hierdie prestasie is in 1937 oortref toe die 26 matrikulante altesaam tien vakonderskeidings behaal het. Daar is tot 1938 agt onderskeidings in Wiskunde, vyf in Geskiedenis

en vier in Natuur- en Skeikunde behaal.[126]

Daar is meer tyd en aandag aan die onderrig van Wiskunde bestee as aan enige ander vak. Die goeie uitslae in hierdie vak hou waarskynlik dan ook verband met die groot aantal periodes wat daaraan gewy is. Hierdie nege periodes per week is gehandhaaf ten spyte van 'n aanbeveling deur die Inspekteur van Skole in 1935 dat dit tot agt verminder moes word.[127] Die aanbeveling dat die periodetoewysing vir Engels met een vermeerder moes word, is wel opgevolg maar nie ten koste van Wiskunde nie.[128] Dit kom dus voor of die hoof die vak Wiskunde na besondere waarde geskat en dit daarom ook daadwerklik bevorder het.

Ofskoon akademiese opleiding 'n vername funksie van die skool was, het kultuur en sport beslis nie agterweë gebly nie. Die beoefening van hierdie aktiwiteite het gedurende hierdie 20 jaar in die skool se geskiedenis tewens in omvang toegeneem.

## 3.4 KULTURELE EN SPORTAKTIWITEITE

### 3.4.1 KULTURELE AKTIWITEITE

Die oudste en mees populêre kultuurvereniging, die *Potchefstroom Gymnasium Korps* (PGK), het in die jare ná 1918 ook as die *Potchefstroom Gimnasium Hoër Skool Korps* bekend gestaan. Ofskoon die bestuur van die Korps hoofsaaklik in die hande van leerlinge was, het 'n onderwyser altyd as voorsitter opgetree.[129] Die vereniging was steeds verantwoordelik vir die publikasie van die skooljaarblad en betrokke by die organiseer van toneelopvoerings, uitstappies en ontgroening.[130] Lidmaatskap was aanvanklik nog eksklusief en van lede is ook lidmaatskapfooie gevorder. Die eksklusiewe aard

---

126 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1916-1938; De Westelike Stem, 1920-1935

127 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 18-20.3.1935 in Skooljoernaal II, p. 125-133

128 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 17.2.1938, p. 166

129 C Smit, "Die ontstaan van ons debatsvereniging" in Fac et Spera, No. 20, Des. 1943, p. 15

130 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, pp. 12-13

daarvan is egter in 1923 beëindig, waarna die vereniging se lede hulle hoofsaaklik op debatvoering toegespits het.[131] Hiervoor het daar groot belangstelling onder leerlinge geheers, vandaar die omskepping van die Korps in 'n gewone debatsvereniging. Die bestuur, wat mettertyd uitsluitlik deur leerlinge self behartig is,[132] het vir interessante debatsprogramme gesorg bestaande uit joernaalvoorlesings, voordragte, voorlesings, samesprake en musiekitems.[133]

'n Kultuuraktiwiteit wat ook groot steun geniet het, is die Voortrekkerbeweging, waarvan die eerste kommando in September 1931 op Potchefstroom op die been gebring is. Aan hierdie enkele kommando in die dorp het ook etlike van die skool se leerlinge behoort.[134] Later het die Voortrekkers van Potchefstroom Gimnasium 'n afsonderlike veldkornetskap binne die Kommando gevorm onder leiding van hul veldkornet en onderwyser, BC Schutte.[135]

Die Voortrekkers se werksaamhede het hoofsaaklik bestaan uit eerstehulpklasse, kampe, kompetisies, die aanleer van fisiese vaardighede, fondsinsamelings en nog vele meer. Van die Gimnasium-Voortrekkers se optredes sluit ook bywoning van die Voortrekker-Eeufeesviering van 1938 in Pretoria in.[136] Die beweging het by uitstek geleenthede gebied waardeur jeugdige idealisme uiting kon vind. Hiervan getuig 'n gediggie aan die hand van 'n leerling van

---

131 C Smit, "Die ontstaan van ons debatsvereniging" in Fac et Spera, No. 20, Des. 1943, p. 15

132 S Postma, "Die debatsvereniging in 1929" in Fac et Spera, No. 10, Des. 1929, p. 36

133 Potchefstroom Gimnasium, Notules van Debatsvereniging, 18.2.1927-18.11.1938

134 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 11, Nov. 1933, p. 9

135 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 15, Des. 1938, p. 15

136 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p. 52

Potchefstroom Gimnasium, getiteld "Hou Koers":[137]

Voortrekker, al lyk die lewensstryd
Vir ons op aard' ook nog so swaar,
Onthou, daar kom 'n beter tyd,
Altyd koers hou! Nooit die moed laat vaar.

Ons is kinders van ons dierbaar land,
Gekoop met eie kosbaar bloed;
Daarom: Voorwaarts! Hand aan hand,
Koers hou! Stry met mannemoed!

Want in ons moed daar lê ons krag,
Deur stry en stryd word ons gestaal,
Hou altyd moed, daar kom weer skoner dag
Want deur koers te hou sal ons d' eindpaal haal.

Deelname aan die eerste kadetkorps wat in 1921 by die skool gestig is, was opsioneel ofskoon dit 'n integrale deel van die skool se kurrikulum gevorm het. Leerlinge het aktief deelgeneem aan die aktiwiteite van die drilpeloton, skietspan en orkes.[138]

Leerlinge van Potchefstroom Gimnasium het vanaf 1935, saam met ander plaaslike sekondêre skole, aan 'n jaarlikse kunswedstryd deelgeneem. Die skool se leerlinge het gedurende die jare 1935 tot 1938 besonder goed in hierdie wedstryde presteer, waarvan die verskeie diplomas asook silwer en goue medaljes wat verower is, getuig.[139]

Op inisiatief van die matrikulante van 1937 is 'n vereniging vir oud-skoliere van Potchefstroom Gimnasium op 3 Oktober 1938 gestig. Tydens die stigtingsbyeenkoms is die eerste formele reünie gehou sedert die ontstaan van die skool. 'n Spesiale rubriek wat nuus oor oud-leerlinge bevat het, is ingestel en sou jaarliks in die skooljaarblad verskyn.[140] Die rubriek het tot 1949 gereeld verskyn waarna geen verdere bewyse gevind kon word van die

---

137 A Lubbe, "Hou Koers" in Fac et Spera, No. 12, Nov. 1935, p. 25

138 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule III, 6.6.1921, p. 21, art. 5

139 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1935-1938

140 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 15, Des. 1938, p. 55

vereniging se werksaamhede nie.[141]

Die eerste skoolprefekte wat in 1931 aangewys is, se werksaamhede was ook kultureel van aard. So was hulle onder andere verantwoordelik vir die organiseer van buitemuurse aktiwiteite wat voorheen deur die *Potchefstroom Gymnasium Korps* behartig is.[142] Die skool het reeds sedert 1916 'n hoofseun aangewys maar eers vanaf 1936 ook 'n hoofmeisie. (Kyk Bylae 4)

### 3.4.2 SPORTBEDRYWIGHEDE

Aan die beginjare van die skool se bestaan het sport nie 'n baie prominente plek in die skoolprogram ingeneem nie. Die beskouing van personeel en leerlinge was dat sport nie 'n doel op sigself nie, maar ter wille van liggaamlike ontwikkeling beoefen is.[143]

Dit het egter nie aan geesdrif ontbreek nie en selfs onderwysers en studente het saam met die leerlinge binne dieselfde sportspanne meegeding of teen mekaar gekompeteer. 'n Onderwyser, JC Coetzee, was byvoorbeeld in 1918 die kaptein van die eerste rugbyspan.[144] Die positiewe gesindheid van personeel en leerlinge teenoor hierdie gesamentlike deelname is duidelik uit die volgende opmerking:[145]

> "Op die gebied van sports trek die PUK, die Gymnasium Hoër en die Laër Skole nog saam en so sal dit seker ook nog vir die eerste paar jaar voortduur. Gou sal die verskillende inrigtinge nog nie op eie bene kan staan nie en haastig vir die dag van skeiding is ons ook nie: onder die gemeenskaplike naam van "Theos" voel ons ons nog almaal tuis."

Dat rugby een van die mees populêre sportsoorte was wat deur die leerlinge beoefen is, ly geen twyfel nie. Die organisasie daarvan is deur 'n klubbestuur behartig en die klub het selfs op 'n keer finansiële hulp van die Raad

---

141 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1938-1949

142 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 20.3.1931, p. 83

143 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 13

144 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 3, Junie 1919, p. 75

145 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 4, Junie 1920, p. 13

van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO ontvang.[146] Die rugbyspanne het verskeie kere tussen 1918 en 1928 die Blaine- en Olënbekers verower en in 1928 het die eerste rugbyspan suksesvol om die Daveybeker meegeding.[147]

Die eerste georganiseerde atletiekbyeenkoms waaraan die skool deelgeneem het, het in 1928 op Potchefstroom plaasgevind. Die *Potchefstroomse Inter Kollege Atletiese Assosiasie* (PIKAA), wat gedurende dieselfde jaar in die lewe geroep is,[148] het jaarliks 'n atletiekbyeenkoms georganiseer waaraan Potchefstroom Gimnasium, die Hoër Volkskool van Potchefstroom, die Potchefstroomse Onderwyskollege en die Potchefstroomse Universiteit vir CHO deelgeneem het. Hulle het almal meegeding in items soos die myl, gewigstoot, verspring, krieketbal-gooi, die 880 tree, die 440 tree aflos en die 100 tree. Op die PIKAA-byeenkoms van 1928 het die skool 'n eerste plek behaal. Hierna het leerlinge telkens in 1931, 1933, 1937 en in 1938 die Victor Ludorum-trofee tydens die byeenkoms verower en ook verskeie rekords verbeter. In 1929 het selfs twee onderwysers, F Scheepers en G Malan aan die kompetisie deelgeneem.[149] Vanaf 1934 is daar in drie afdelings meegeding waar deelnemers bokant die ouderdom van 19 jaar voortaan aan 'n afsonderlike kompetisie deelgeneem het.[150]

'n Ander gewilde sportsoort was korfbal waarin die eerste span in 1921 suksesvol om die Cachetbeker meegeding het.[151] Ofskoon tennis hoofsaaklik as 'n sosiale spel beoefen is, het die Theos Tennisklub later ook aan toernooie deelgeneem. Krieket is wel sedert 1919 beoefen maar daar het aanvanklik min entoesiasme vir dié spel bestaan.[152] Die belangstelling in swem was egter heelwat groter en in 1936 is swemklubs vir sowel seuns as meisies in die lewe geroep.[153]

---

146 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 4, Junie 1920, p. 14

147 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 10, Des. 1929, Fotobylaag

148 De Westelike Stem, 4.1.1928, p. 8

149 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 10, Des. 1929, p. 48

150 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 11, Nov. 1933, p. 11

151 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 6, Junie 1922, p. 26

152 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 4, Junie 1920, p. 13

153 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 13, Des. 1936, pp. 16-17

## 3.5 JJA COETSEE EN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

Die man wat vir 20 jaar aan die stuur van Potchefstroom Gimnasium gestaan het, se hoofskap het in 1938 ten einde geloop. Sy verbondenheid aan die skool in hierdie hoedanigheid strek egter so ver terug as die jaar 1908. Die jaar 1938 was vir Coetsee sowel as vir die skool 'n merkwaardige mylpaal, aangesien die skool se status daardie jaar tot 'n A-graad verhoog is. In die oë van 'n medekollega was hierdie hoogtes Coetsee beskore "omdat sy hart in sy werk was."[154)]

Adriaan Coetsee is op 30 Oktober 1884 in die omgewing van Middelburg in die Kaapkolonie gebore. As lidmaat van die Gereformeerde Kerk het hy later aan die Gereformeerde Teologiese Skool op Burgersdorp gestudeer.[155)] In 1905 het hy as onderwysstudent aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool na Potchefstroom verhuis.[156)] Hy het hom tydens sy studentejare as kranige tennis- en rugbyspeler en ook as violis onderskei. Op Burgersdorp het hy kennis gemaak met bekende persone soos prof. Jan Lion-Cachet, ds. WJ de Klerk en medestudente JD du Toit en F Postma wat in 1907 'n leidende aandeel gehad het in die oprigting van die Voorbereidende Skool.[157)]

In Januarie 1907 het Coetsee sy onderwysloopbaan begin as hoof van die Vrye Christelike Skool op Burgersdorp. Daarna was hy vir ses maande gedurende 1908 assistent-onderwyser aan die Albert Academy op dieselfde dorp. In Julie 1908 het hy diens aanvaar op Potchefstroom as die eerste permanente hoof van die Voorbereidende Skool.[158)]

Hy het sy hoofskap aan die Voorbereidende Skool dikwels met groot moeite

---

154 FL Scheepers, "Afskeidswoord aan mnr. JJA Coetsee as hoof van die Hoër Gimnasium, 1908-1938, en mev. Coetsee" in Fac et Spera, No. 15, Des. 1938, p. 5

155 LA Dreyer, Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, p. 205

156 JV Coetzee,"Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium"(manuskrip), Feb. 1973, p. 2

157 JV Coetzee,"Oom Ad en tant Kitty Coetsee"(manuskrip), p. 1

158 FL Scheepers, "Mnr. JJA Coetsee" in Fac et Spera, No. 11, Nov. 1933, p. 23

beoefen. Sy maandelikse salaris van £19 het hy meesal ongereeld en by tye slegs elke derde maand ontvang.[159] In sy huweliksmaat Kitty Postma, met wie hy in 1912 in die eg verbind is, het hy egter in moeilike omstandighede 'n geestelike steunpilaar gevind.[160]

Coetsee was 'n beskeie mens wat take versigtig aangepak het. Hy was ook 'n idealis en 'n staatmaker wat dikwels bereid was om die wa alleen deur die drif te trek.[161] As hoof is hy deur sowel personeel as leerlinge met agting en respek bejeën. Hy het oor 'n deeglike mensekennis beskik en met sy goeie sin vir humor het hy onderwyser en leerling gewilliglik en pligsgetrou laat werk.[162] Die personeel het hom veral geag vir sy "toegewydheid en takvolle leiding" waardeur hy 'n goeie grondslag vir die skool gelê het.[163]

Die posisie van die skoolhoof het in 1938 ernstig in gedrang gekom met die opgradering van die skool tot 'n A-graad skool.[164] Kragtens 'n regulasie van die TOD moes die hoofde van sodanige skole oor die minimumvereistes van 'n akademiese graad, 'n onderwysdiploma en agt jaar onderwysondervinding beskik.[165] Hierdie regulasie is na opgradering ook op Potchefstroom Gimnasium van toepassing gemaak.[166] Met slegs 'n onderwysdiploma en -ondervinding as kwalifikasies, het die hoof dus nie aan die gestelde vereistes voldoen nie. Hy is daarop van sy betrekking as skoolhoof onthef. Uit reaksie teen dié stap het ouers en onderwysers 'n petisie opgestel wat aan die Direkteur van Onderwys voorgelê is. Daardeur het hulle gepoog om die hoof

---

159 JV Coetzee, bandopname-transkripsie : JJA Coetsee, p. 1

160 JV Coetzee, "Oom Ad en tant Kitty Coetsee" (manuskrip), p. 3

161 JV Coetzee, "Oom Ad en tant Kitty Coetsee" (manuskrip), p. 1

162 FL Scheepers, "Afskeidswoord aan mnr. JJA Coetsee as hoof van die Hoër Gimnasium, 1908-1938, en mev. Coetsee" in Fac et Spera, No. 15, Des. 1938, p. 5

163 FL Scheepers, "Mnr. JJA Coetsee" in Fac et Spera, No. 11, Nov. 1933, p. 23

164 JV Coetzee, "Oom Ad en tant Kitty Coetsee" (manuskrip), p. 2

165 Transvaalse Onderwysdepartement, Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, 31.12.1918, p. 18

166 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 2.12.1937, p. 29(b), art. 6

se posisie te herstel deur te wys op sy besondere bydrae tot die groei en ontwikkeling van die skool op velerlei terreine.[167] Ook die Beheerraad het die aangeleentheid persoonlik met die Direkteur opgeneem, maar sonder die verlangde uitwerking. Daar is egter wel 'n verstandhouding bereik wat gestrook het met 'n versoek van die hoof self. Daarvolgens sou hy nie verplaas word nie maar aanbly as assistent-onderwyser met behoud van sy salaris- en pensioenvoordele.[168]

Hierná was Coetsee steeds aan die skool verbonde tot met sy bedanking uit die onderwys in 1943. Hy het daarna afwisselend in Johannesburg, Potchefstroom en Pretoria gewoon waar hy op 23 April 1973 oorlede is.[169]

Met Coetsee se uittrede as skoolhoof het 'n nuwe tydvak vir Potchefstroom Gimnasium aangebreek. Die nuwe hoof kon daarna voortbou op die stewige grondslag wat in die jare voor 1938 gelê is.

167 Potchefstroom Gimnasium, Korrespondensie : Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium/Direkteur van Onderwys, 22.1.1938

168 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV; Buitengewone vergadering van die Beheerraad, 21.1.1938, p. 37, art. 4


169 JV Coetzee,"Oom Ad en tant Kitty Coetsee" (manuskrip), p. 23

# 4. POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WORD 'N MODERNE SEKONDêRE SKOOL, 1938 - 1965

## 4.1 DIE MENS W DE K KRUGER

In 1938 is die unieke JJA Coetsee as hoof opgevolg deur die ewe merkwaardige W de K Kruger. (Kyk Illustrasie 1) Coetsee was vir nie minder nie as 30 jaar in hierdie hoedanigheid aan die skool verbonde. Sy opvolger sou self 'n ononderbroke rekord van 27 jaar opstel - 'n tydperk waarin hy Potchefstroom Gimnasium sou omskep in 'n moderne sekondêre skool.

ILLUSTRASIE 1 - W DE K KRUGER



Willem de Klerk Kruger was 'n Kapenaar, waar hy die eerste lewenslig op 28 Januarie 1900 op die plaas Kalkoenkrans in die Steynsburgdistrik aanskou het. Nadat hy aan die Steynsburgse Gimnasium gematrikuleer het, is hy na die destydse Potchefstroomse Universiteitskollege waar hy hom vir sy toekomstige onderwysloopbaan voorberei het. Afgesien van die BA-graad en onderwysdiploma wat hy verwerf het,[1] het Kruger hom tydens sy studentedae ook as 'n kranige sportman onderskei, veral in rugby waarin hy provinsiale kleure verwerf het.[2] Hy het daarna onderwys begin gee aan die Hoër Volkskool te Potchefstroom en hom in dié tyd nog verder bekwaam deur die verwerwing van die MA en M.Ed.-grade.

Na vyftien jaar as Afrikaansonderwyser aan die Hoër Volkskool het Kruger in 1938 die tweede permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium geword. Kruger was 'n doelgerigte en dinamiese skoolhoof wat met 'n streng hand beheer oor sy skool uitgeoefen het. In die woorde van 'n oud-leerling en latere personeellid aan die skool, was hy "baie beslis baas in sy skool".[3] Sy haastige en kortgebonde aard het hom dikwels met personeellede en leerlinge laat bots. Hy het sulke situasies egter goed bemeester met sy "reddende sin vir humor", waarvoor hy alom bekend was.[4] 'n Grap ten koste van homself was gewoonlik vir hom 'n bron van groot vermaak. Hierdie humorsin was 'n karaktereienskap van Kruger wat klaarblyklik van hom 'n baie gewaardeerde skoolhoof gemaak het.[5]

Die leerlinge het na hom opgesien as vaderfiguur wat streng dog billik teenoor hulle was. Te midde van sy verpligtinge as skoolhoof het hy ook nog tyd gevind om die vak Afrikaans te onderrig. Dié het hy op 'n besielen-

---

1 A Lohann, "Mnr. W de K Kruger" in Gedenkalbum: Potchefstroom Gimnasium 1907-1982, p. 132

2 A Duvenage, "Studentedae" in Fac et Spera, No. 40, 1965, pp. 4-5; Potchefstroom Herald, 22.12.1972, p. 5

3 H Grové, "Mnr. W de K Kruger - 'n portret..." in Fac et Spera, No. 40, 1965, p. 11

4 H Grové, "Mnr. W de K Kruger - 'n portret..." in Fac et Spera, No. 40, 1965, p. 11

5 A Lohann, "Mnr. W de K Kruger" in Gedenkalbum: Potchefstroom Gimnasium 1907-1982, p. 132

de wyse gedoen, veral met die onderrig van Letterkunde, waarvoor hy 'n besondere voorliefde gehad het:[6]

"Hy het geweet hoé. Toiings en sy Pa-goed en Ma-goed, die arme versukkelde Sitman en sy verflenterde Bybel, die Sprinkaanbeampte - hulle het almal gelewe, en as Van Bruggen hulle eerste gemaak het uit die Magaliesburgse stof, dan het WK hulle opnuut vir sy leerlinge uit die wit en swart geskrewenheid, te voorskyn laat tree. Raak sê-goed, 'n mooi beeld. 'Let op, kinders!', en 'n nuwe wêreld gaan oop..."

In sy diens aan die gemeenskap van Potchefstroom het Kruger homself verder onderskei as 'n leiersfiguur met sterk oortuigings. Hy was vir tien jaar lank lid van die Potchefstroomse Stadsraad, waartydens hy as onderburgemeester (1952-1953) en as burgemeester (1954-1955) gedien het.[7] Dan was hy ook vir etlike jare lid van die Universiteitsraad van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO.[8] As lidmaat van die Gereformeerde Kerk het hy dikwels as ouderling gedien.

In sy professionele hoedanigheid was Kruger betrokke by onderwysersopleiding en tussen 1947 en 1960 lid van die Streekkomitee vir Onderwyskolleges.[9]

As hoof van Potchefstroom Gimnasium het W de K Kruger 'n onmiskenbare stempel op die skool afgedruk. Met sy dinamiese persoonlikheid was hy die dryfkrag agter die ongekende fisiese uitbreidings wat die skool in die jare na 1938 ondergaan het.

## 4.2 FISIESE ONTWIKKELING

### 4.2.1 SKOOLGEBOUE EN -TERREINE

Die uitbreiding wat die skoolgebou in 1935 ondergaan het, was teen 1939 nie

---

6 H Grové, "Mnr. W de K Kruger - 'n portret..." in Fac et Spera, No. 40, 1965, p. 11

7 HL Swanepoel, "Min woorde en baie dade" in Fac et Spera, No. 40, 1965, pp. 12-14; Potchefstroom Herald, 29.10.1954, p. 5

8 J Chris. Coetzee, "'n Aanwins vir ons opvoeding..." in Fac et Spera, No. 40, 1965, pp. 14-15

9 JJ Mulder, "Koers en leiding op 'n komitee..." in Fac et Spera, No. 40, 1965, p. 16

meer voldoende om in die groeiende behoefte aan akkommodasie te voorsien nie. Dit was daaraan te wyte dat die leerlingtal intussen vanaf 162 in 1935 tot 264 in 1939 aangegroei het. Verder het die oorspronklike deel van die skoolgebou strukturele swakhede vertoon wat ernstige aandag vereis het.[10)]

Vanweë die swak konstruksie het die Beheerraad van die skool verdere uitbreiding van die bestaande gebou klaarblyklik as ongewens beskou. Die oprigting van 'n nuwe skoolgebou is gevolglik oorweeg. Na oorlegpleging tussen die Beheerraad en die Direkteur van Onderwys, is 'n vyfjaarplan vroeg in 1938 opgestel vir die oprigting van nuwe skoolgeboue en koshuise.[11)]

Die bouplanne sou aan die Beheerraad voorgelê word vir aanbeveling en eventuele goedkeuring. 'n Geskikte terrein moes ook gevind word aangesien die bestaande skoolterrein nie ruim genoeg was nie. Op so 'n terrein sou daar ook voldoende ruimte moes wees vir die aanlê van die nodige sportvelde. Daar is reeds in 1935 bevind dat die bestaande terrein nie vir sodanige fasiliteite voorsiening sou kon maak nie.[12)]

'n Terrein van sowat twee morge groot, geleë ten suide van die skoolgeboue,[13)] is aan die begin van 1939 as 'n skenking van die Potchefstroomse Stadsraad ontvang.[14)] Dit was egter vir die Beheerraad van die begin af duidelik dat die terrein nie ruim genoeg was om in alle uitbreidingsbehoeftes van die skool te voorsien nie.[15)] Vanweë die beperkte oppervlakte daarvan is die terrein dan ook uitsluitlik ontwikkel ter uitbreiding van die skool se sportfasiliteite.[16)] Die bouprogram kon derhalwe nog nie in

---

10 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 1-3.5.1939 in Skooljoernaal II, pp. 176-178

11 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 21.3.1938, art. 7

12 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 18-20.3.1935 in Skooljoernaal II, pp. 125-133

13 In 1923 het die Beheerraad reeds pogings aangewend om hierdie terrein te bekom vir die oprigting van 'n addisionele skoolgebou. Kyk hoofstuk 4

14 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 16, Des. 1939, p. 7

15 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 20.2.1939, art. 11

16 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 17, Des. 1940, p. 5

werking gestel word nie.

In 'n poging om die beoogde program te aktiveer het die skoolhoof ondertussen, gedurende die tweede helfte van 1938, 'n ontwikkelingskema aan die Beheerraad voorgelê. Daarvolgens sou die skoolgeboue en terrein van Potchefstroom Gimnasium aan die Laerskool Mooirivier oorgedra word, terwyl eersgenoemde van nuuts af geboue- en terreinontwikkeling elders sou onderneem.[17] Ofskoon die skema groot byval gevind het en deur beide skole se beheerliggame aanvaar is, het die Potchefstroomse Skoolraad hierdie ingrypende voorstel egter afgekeur.[18]

Die afwesigheid van 'n geskikte terrein het die implementering van die goedgekeurde bouprogram dus ernstig gekortwiek. Die skool se leerlingtal het boonop sodanig toegeneem dat daar in 1939 dringend voorsiening gemaak moes word vir bykomende akkommodasie. 'n Tekort aan klaslokale is tydelik ondervang deur die skoolsaal, die koshuisstudiesaal en die skool se personeelkamer vir onderrigdoeleindes te omskep.

In 'n ander verwikkeling gedurende 1939 het dit bekend geword dat 'n nuwe skoolgebou vir die Laerskool Mooirivier beplan is. Die implikasie daarvan vir Potchefstroom Gimnasium was dat die hele terrein, insluitende die geboue van die primêre skool, voortaan tot sy beskikking sou wees.[19]

Die ligging van die terrein waarop die Laerskool Mooirivier gevestig sou word, het egter probleme opgelewer. Dit was langs 'n spoorlyn en naby die militêre kamp geleë,[20] wat besware van baie ouers ontlok het. In sy hoedanigheid as ouer met kinders aan die primêre skool het JV Coetzee, wat ook as onderwyser aan Potchefstroom Gimnasium verbonde was, die leiding geneem met die opstel van 'n petisie. Daarin is die voorgestelde terrein as onge-

---

17 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 8.8.1938, art. 9

18 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 12.9.1938, art. 9

19 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 1-3.5.1939 in Skooljoernaal II, pp. 176-178

20 Coetzee beweer dat dit die terrein was waar die NG Gemeente, Die Bult, vandag geleë is.

JV Coetzee, "Hoër Gimnasium" (manuskrip), p. 30

wens vir die oprigting van 'n skoolgebou bestempel. Hy het tegelyk ook 'n "ruilskema" bepleit ingevolge waarvan alle bestaande geboue en terreine, insluitende dié van Potchefstroom Gimnasium, aan die Laerskool Mooirivier oorgedra sou word. Eersgenoemde sou dan na 'n ander terrein verskuif word waar die ontwikkeling van geboue en terreine van nuuts af sou geskied.[21)]

Hierdie skema vertoon groot ooreenkomste met die ontwikkelingskema wat gedurende 1938 deur die Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium oorweeg is.[22)] Die Beheerraad het ook die "ruilskema" oorweeg en beraam dat 'n skoolgebou teen sowat £15 000 op genoemde terrein opgerig kon word. Die provinsiale owerhede het die terrein eweneens as ongeskik beskou en dit daarom afgekeur. Dit het egter nie die einde van die skema beteken nie aangesien die Potchefstroomse Skoolraad 'n ander terrein, geleë tussen Meyerstraat en Noordstraat,[23)] aanbeveel het.[24)]

Na oorweging van die Skoolraad se voorstel het die Beheerraad 'n deurslaggewende besluit geneem:[25)]

> "Na deeglike bespreking word besluit dat die Beheer Liggaam hom bereid verklaar om die skool met al die gronde (insluitende die koshuise) en ook die nuwe sportsvelde aan Mooirivierskool te gee, op die voorwaarde dat die Skoolraad en Mooirivierskool Kommissie behulpsaam sal wees om die beskikbare terrein te kry; en so 'n ruil sal nie aangegaan word nie, alvorens die geskikte terrein gekry is nie".

Die voorgestelde terrein met 'n oppervlakte van sowat twaalf morge groot[26)] is gedurende 1941 van die Stadsraad bekom.[27)] Goedkeuring is ook van die Stadsraad verkry om met die bouprojek, waarvan die finansieringskoste in-

---

21 JV Coetzee,"Hoër Gimnasium"(manuskrip), pp. 30-31

22 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 8.8.1938, art. 9

23 Noordstraat is die huidige Gerrit Dekkerstraat.


24 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV: spesiale vergadering, 24.10.1940, art. 2

25 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV: spesiale vergadering, 24.10.1940, art. 2


26 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 2.5.1941, p. 188

27 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 28.1.1941, art. 6

ILLUSTRASIE 2 - DIE WONING VAN OUD-PRESIDENT MW PRETORIUS, LATER BEKEND AS OAKDENE



ILLUSTRASIE 3 - DIE BUITEGEBOU BY OAKDENE



tussen tot £20 000 aangegroei het, 'n aanvang te maak.[28]

Die bouprojek is egter vanweë probleme met finansiering[29] en 'n gesloer met die oordrag van die terrein tot 1944, nie onmiddellik in werking gestel nie.[30]

Die noodsaak van verbeterde akkommodasiefasiliteite is opnuut onderstreep deurdat die skool se leerlingtal in 1943 weer aansienlik toegeneem het. In 'n inspekteursverslag is gemeld dat die "skool die gebou totaal ontgroei het, en dat die terrein ook nie meer voldoende ruimte gebied het nie".[31] Hierdie behoefte is gedeeltelik bevredig deurdat 'n saal van die Teologiese Skool[32] asook 'n lokaal in die buitegebou van die ou Presidentswoning (Oakdene)[33] daarop vir onderrigdoeleindes ingeruim is.[34] (Kyk Illustrasies 2 en 3)

Toe daar uiteindelik teen die einde van 1943 'n aanvang gemaak is met die opstel van bouplanne, het die Beheerraad die argitek versoek om die skoolgebou "volledig" te beplan. Die Beheerraad het hiermee addisionele bouwerk, wat nie by die oorspronklike beplanning ingesluit was nie, in die vooruitsig gestel. 'n Skoolsaal, waarvoor die Beheerraad uit eie fondse 'n bedrag van £500 bewillig het om die koste te help delg, en huishoudkundesentrums was deel van hierdie meer omvattende bouplan.[35] Die goedgekeurde bouplanne het voorsiening gemaak vir 'n skoolgebou wat vir sowat 500 leer-

---

28 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 21.5.1941

29 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 17.11.1942

30 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 21, Des. 1944, p. 5

31 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 8-10.6.1943 in Skooljoernaal II, p. 196

32 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 24.2.1942, art. 14

33 Hierdie gebou was die ampswoning van pres. MW Pretorius, die eerste staatspresident van die ZAR. In 1903 het 'n sekere Alexander McLagan die gebou gekoop en dit is waarskynlik hy wat die naam Oakdene daaraan gegee het.

(Kyk J Küsel en W Eckard, 'n Interpretasie van die President Pretoriusmuseum, p. 46)

34 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, Jan. 1943, p. 193

35 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 29.2.1944

linge akkommodasie sou bied,[36] en sou teen 'n beraamde koste van £60 000 opgerig word.[37]

"Dit lyk of Kanaän eindelik in sig is na soveel jare",[38] was die skoolhoof se versugting nadat die bouwerk gedurende Mei 1945 'n aanvang geneem het. Die hoeksteenlegging van die nuwe skoolgebou was 'n waardige geleentheid wat op 1 Februarie 1946 deur die Administrateur van Transvaal, genl. JJ Pienaar, in die teenwoordigheid van ouers en ander belangstellendes waargeneem is.[39] Die voorsitter van die Beheerraad, prof. F Postma, het tydens dieselfde geleentheid 'n metaalkissie[40] op seremoniële wyse agter die hoeksteen geplaas en daarna plegtig verklaar:[41] "Ek plaas hierdie dinge hier, maar weet nie wie hulle eendag sal uithaal in die verre toekoms nie".

Die voltooide skoolgebou sou sowat 500 leerlinge kon akkommodeer en het uit 'n saal wat 450 stoele kon huisves, 20 klaslokale, 'n biblioteek, laboratoriums en houtwerk- en huishoudkundesentrums bestaan. 'n Swart leiklipdak het die gebou, wat van rooi bakstene gebou is, versier.[42] (Kyk Illustrasies 4 en 5). In vergelyking met die vorige, was die kwaliteit van hierdie gebouekompleks inderdaad "uitstekend".[43] Die geboue is gedurende Mei 1947 betrek en op 31 Oktober van daardie jaar is dit amptelik in gebruik geneem.[44]

---

36 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 22, Des. 1945, p. 5

37 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 6.3.1945

38 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 22, Des. 1945, p. 5

39 <u>Die Westelike Stem</u>, 6.2.1946, p. 2

40 Die inhoud van die metaalkissie het bestaan uit eksemplare van "Die Westelike Stem" en "The Potchefstroom Herald", verslae oor die geskiedenis van die skool, die 1916-, 1933-, 1938- en 1945-uitgawes van die skooljaarblad, 'n skoolwapen en 'n program van die hoeksteenlegging.

41 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u> (Feesuitgawe), No. 23, Des. 1947, p. 21

42 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 24, Nov. 1948, p. 5


43 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 11-13.6.1947 in <u>Skooljoernaal II</u>, p. 207

44 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 24, Nov. 1948, p. 5; <u>Die Westelike Stem</u>, 5.11.1947, pp. 10-11

ILLUSTRASIE 4 - DIE HOOFINGANG VAN DIE SKOOLGEBOU VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WAT IN 1947 OPGERIG IS



ILLUSTRASIE 5 - DIE SKOOLGEBOU EN -SAAL SOOS OPGERIG IN 1947



Nadat die Beheerraad in 1946 "'n klein stukkie moerassige grond"[45] ten noorde van die skool bekom het, is die skoolterrein volledig ontwikkel met die nodige sportfasiliteite.[46] Die projek is deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie behartig,[47] en is in 1950 voltooi. Daar is voorsiening gemaak vir rugby- en hokkievelde, 'n atletiekbaan,[48] asook tennis- en korfbalbane.[49] Uit Beheerraadsfondse is respektiewelik bedrae van £1 000[50] en £750[51] vir bogenoemde ontwikkeling bewillig.

Die nuwe skoolgebou en die doeltreffende sportfasiliteite wat tussen 1947 en 1950 voltooi is, het egter slegs in die onmiddellike behoefte voorsien. In 1951 reeds is daar vier addisionele klaslokale aangebou om die groeiende leerlingtal te kon akkommodeer.[52] Die stygende tendens in die leerlingtal in die jare hierna het selfs verdere uitbreiding genoodsaak. In 1953 het die bestaande akkommodasiegeriewe andermaal 'n versadigingspunt bereik en is enkele lesperiodes sedertdien in die skoolsaal aangebied.[53] Gedurende 1955 en 1956 is verdere aanbouings onderneem wat teen £30 000 opgerig is.[54] Die nuwe strukture het uit 'n addisionele huishoudkunde- en houtwerksentrum, 'n laboratorium, twee tiklokale, 'n gewone klaslokaal en siekekamers bestaan.[55]

Verdere ontwikkeling en modernisering is gedurende die jare 1955 tot 1959 onderneem en sluit die volgende in: die aanlê van 'n tweede rugbyveld geleë

---

45 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 3.9.1946

46 Dit is die terrein wat suid van Gerrit Dekkerstraat (Noordstraat) en wes van Van der Hoffweg (Noordbrugweg) geleë is.
Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 15.11.1949, art. 7(b)

47 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 18.11.1947, art. 5

48 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 25, Nov. 1949, p. 4

49 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 11.11.1947, art. 5

50 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 24, Nov. 1948, p. 5

51 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 11.11.1947, art. 5

52 Potchefstroomse Skoolraad, verw. XIV/720/4 : Jaarverslag, 1952

53 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 29, Nov. 1953, p. 7

54 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 31.7.1956, p. 233

55 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 31, Nov. 1955, p. 9

op die terrein van Brandwag-seunskoshuis,[56] die oprigting van 'n pawiljoen teen £1 000 met sowat 800 sitplekke[57] en 'n swembad wat £12 000 gekos het.[58] Die skool is verder ook van 'n sentrale verwarmingstelsel voorsien[59] en 'n trekker en implemente is aangekoop vir die instandhouding van die terrein.[60]

Dis duidelik dat alle aanbouings aan die skoolgebou sedert die oprigting daarvan, bloot daarop ingestel was om die reeds bestaande akkommodasienood te verlig. Die onverpoosde toename in die skool se leerlingtal het die besef egter laat deurdring dat 'n langtermynstrategie gevolg moes word. Daarom het die TPA in 1961 beplan vir 'n addisionele blok klaslokale, 'n nuwe skoolsaal, 'n biblioteek, 'n kunslokaal en 'n administratiewe blok waardeur 1200 leerlinge uiteindelik gehuisves kon word.[61] 'n Groot gedeelte van die beplande bouwerk is reeds binne die eerste vier jaar afgehandel. Die blok klaslokale en die saal was egter nog nie aangebou nie. Verder is die vorige administratiewe gedeelte in musieklokale omskep.[62]

Om die skool se sportfasiliteite uit te brei is 'n addisionele terrein in 1963 bekom,[63] sowat tien morge groot en geleë ten noord-ooste van die skoolterrein aan die oewer van die Mooirivier.[64] Die skool se krieket-, tennis- en korfbalbane is hierna verder gemoderniseer en uitgebrei.[65]

Die uitbreidings wat die skoolgebou ondergaan het en die gepaardgaande toename in die leerlingtal, het ook die beskikbaarheid van koshuisakkommodasie

---

56 Potchefstroomse Skoolraad, verw. XIV/720/4 : Jaarverslag, 1955

57 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 33, 1958, p. 7

58 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 34, 1959, p. 7

59 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 33, 1958, p. 7

60 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 32, 1956, p. 5

61 Potchefstroomse Skoolraad, verw. XIV/720/4 : W de K Kruger/Inspekteur van Onderwys, 19.12.1961

62 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 40, 1965, p. 43

63 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 38, 1963, pp. 59-61

64 Potchefstroomse Skoolraad, verw. XIV/720/4 : W de K Kruger/Inspekteur van Onderwys, 19.12.1961

65 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 39, 1964, p. 57

in die gedrang gebring. Namate die leerlingtal aangegroei het, moes die koshuise ook uitgebrei word om die nodige huisvesting te bied.

### 4.2.2 KOSHUISAKKOMMODASIE EN UITBREIDING

Die oorspronklike geboue het nie tred gehou met uitbreidings wat die skoolgebou sedertdien ondergaan het nie. In Cachetkoshuis veral was die behuising van die meisies "baie onbevredigend",[66] en het die twee bykomende wooneenhede die druk net tydelik verlig. Vanaf 1939 is die gebruik van die gemeenskaplike eetsaal vir seuns en meisies op afsonderlike tye gereël, aangesien die nodige ruimte ontbreek het. In die seunskoshuis was daar veral 'n tekort aan meublement wat ook in hierdie tyd aangevul is met beddens en banke wat van die plaaslike universiteit en van 'n Gereformeerde Kerk op die dorp geleen is.[67]

Die Beheerraad het die noodsaak vir die oprigting van geskikte koshuisgeboue teen 1938 in 'n versoek aan die TOD uitgewys. In die meer as tien jaar daarna is hierdie versoek telkens met onderhoude, memoranda en briefwisseling opgevolg.[68] Die skool- en koshuisgeboue is intussen in 1947 aan die Laerskool Mooirivier oorgemaak, met die beperking dat laasgenoemde sedertdien vir die leerlinge van Potchefstroom Gimnasium gehuur moes word.[69]

Hierna is die bal aan die rol gesit toe die TPA in 1948 'n bedrag van £15 000 bewillig het vir die oprigting van 'n meisieskoshuis, wat as 'n dringende prioriteit beskou is.[70] Die koshuis sou 120 leerlinge kon akkommodeer[71] en is gedurende 1950 voltooi. Daar is dadelik 115 meisies na die nuwe gebou oorgeplaas,[72] maar binne drie jaar het die groeiende inwo-

---

66 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Koshuiskomitee van die Beheerraad : buitengewone vergadering, 31.1.1938, art. 1

67 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 20.2.1939, art. 7

68 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 1938-1948

69 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 28.5.1947, art. 4(c)

70 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 24, Nov. 1948, p. 5

71 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule IV, 30.8.1948, art. 11

72 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 27, Nov. 1951, p. 3

nertal reeds weer addisionele lokaliteit genoodsaak.[73] 'n Seunskoshuis van dieselfde grootte is in 1954 voltooi, maar vanweë die groot aantal seuns, is sommige steeds in die ou koshuis gehuisves. Die oorspronklike benaminge, Brandwag en Cachet, is net so oorgedra op die twee nuwe koshuise.

Die probleem van onvoldoende koshuisakkommodasie het dus steeds voorgekom en gevolglik is die aansoeke van talle voornemende kosgangers hierna afgekeur.[74] Beskikbare akkommodasie is nog verder beperk toe die TOD vanaf 1955 die gebruik van die ou Brandwagkoshuis beëindig het.[75] Dit het meegebring dat die koshuise se inwonertal in die daaropvolgende jaar met sowat 50 leerlinge besnoei is.[76] Ofskoon daar in 1964 twee studiesale aangebou is, was die tekort aan koshuisakkommodasie steeds 'n wesentlike probleem.[77]

Onderwysers wat as huisvaders gedien het, was dr. AG Coetzee, die eerste huisvader van Brandwagkoshuis,[78] en JSM Henning wat in 1963 by hom oorgeneem het. In Cachetkoshuis het die skoolhoof self as huisvader opgetree totdat sy plek in 1962 deur FJAC Visser ingeneem is.[79]

Die oprigting van moderne skool- en koshuisgeboue het tot gevolg gehad dat die leerlingtal in die jare na 1947 die skerpste toename in die skool se bestaan getoon het.

### 4.2.3 <u>DIE LEERLINGTAL</u>

Gedurende die jare 1938 tot 1946 het die skool se leerlingtal bestendig toegeneem. Hierdie toename was waarskynlik te danke aan die uitbreiding wat die skoolgebou in 1935 ondergaan het, asook aan die verhoogde aansien wat die opgradering van die skool in 1938 meegebring het. Die feit dat "heelwat leerlinge" in 1942 by die skool ingeskryf het, is klaarblyklik

---

73 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 29, Nov. 1953, p. 7

74 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 30, Nov. 1954, p. 7

75 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 31, Nov. 1955, p. 9


76 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 32, 1956, p. 5

77 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 39, 1964, p. 57

78 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 30, Nov. 1954, p. 7

79 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 37, Nov. 1962, p. 37

DIE LEERLINGTAL VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM
1938 - 1965



daaraan te danke dat Houtwerk van daardie stadium af in standerd nege aangebied is.[80] Daarna het die leerlingtal afgeplat en selfs 'n afname getoon op 'n tydstip toe die akkommodasiefasiliteite weer 'n versadigingspunt bereik het.[81]

Die leerlingtal het ná die voltooiing van die nuwe gebouekompleks in 1947 skerp toegeneem. (Kyk grafiek) Gedurende dieselfde jaar is die getal aangevul met 76 standerd ses-leerlinge, wat tevore nog aan twee plaaslike primêre skole verbonde was.[82] Die inskrywingstal is in 1950 verder verhoog deur nog meer standerd sesse wat ingeskryf is.[83] In die agtien jaar ná 1947 het die skool se leerlingtal meer as drievoudig toegeneem. Hierdie toename het tot gevolg gehad dat die bestaande struktuur van die skoolgeboue telkens in 1950, 1955-56 en gedurende 1961-66 uitgebrei moes word.

Die merkwaardige toename in die leerlingtal vanaf 225 in 1938 tot 969 in 1965 dui onteenseglik op 'n besondere vertroue wat die gemeenskap in Potchefstroom Gimnasium gestel het. Dit was deels te danke aan die fisiese uitbreiding wat die skool gedurende hierdie jare ondergaan het. 'n Meer dieperliggende rede moet egter in die akademiese aktiwiteite van die skool gesoek word.

## 4.3 ONTWIKKELING OP AKADEMIESE GEBIED

Die onderwyspersoneel van Potchefstroom Gimnasium het gedurende die tweede helfte van 1938 bestaan uit W de K Kruger (hoof), JJA Coetsee (oudhoof), JV Coetzee, FL Scheepers, PJ Strydom, K Geertsema, BC Schutte, PJ du Plessis, dr. P Brandt en mej. G van Duyn.[84] Die onderwyspersoneel is in die jare hierna telkens vergroot na gelang van die groei in die leerlingtal. (Kyk Tabel 1)

---

80 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 20.3.1942, p. 191

81 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 8-10.6.1943 in Skooljoernaal II, p. 196

82 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 7.5.1947, p. 206

83 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule V, 16.11.1950, art. 7

84 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 15, Des. 1938, p. 8

TABEL 1

AANTAL PERSONEELLEDE VERBONDE AAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1938 - 1965

| JAAR | AANTAL PERSONEELLEDE | JAAR | AANTAL PERSONEELLEDE |
|---|---|---|---|
| 1938 | 10 | 1952 | 26 |
| 1939 | 11 | 1953 | 30 |
| 1940 | 12 | 1954 | 32 |
| 1941 | 12 | 1955 | 33 |
| 1942 | 12 | 1956 | 32 |
| 1943 | 13 | 1957 | 34 |
| 1944 | 14 | 1958 | 35 |
| 1945 | 15 | 1959 | 38 |
| 1946 | 15 | 1960 | 39 |
| 1947 | 18 | 1961 | 40 |
| 1948 | 20 | 1962 | 40 |
| 1949 | 21 | 1963 | 40 |
| 1950 | 23 | 1964 | 42 |
| 1951 | 24 | 1965 | 44 |

Die uitbreiding van die onderwyspersoneel het in 1939 begin met die skep van 'n addisionele pos wat aanvanklik slegs tydelik gevul is.[85] Huishoudkunde wat vanaf 1940 as 'n keusevak aangebied is, het sedertdien ook 'n onderwyspos geregverdig.[86] In 1944 is 'n verdere personeellid aangestel vir die onderrig van Liggaamlike Opvoedkunde.[87] Die enigste personeelvermindering het in 1956 voorgekom en is teweeg gebring deur die daling in die leerlingtal.

In 1944 is die pos van vise-hoof aan die skool ingestel met PJ Strydom as eerste persoon om hierdie pos te beklee.[88] Hy is in 1954 deur dr. AG Coetzee opgevolg[89] wat vanaf 1955 deur PJ du Plessis as tweede vise-hoof bygestaan is.[90]

Op akademiese gebied was die onderwyspersoneel besonder goed vir hulle on-

85 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 16, Des. 1939, p. 7

86 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 17, Des. 1940, p. 5

87 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, Jan. 1944, p. 198

88 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 21, Des. 1944, p. 3

89 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 30, Nov. 1954, p. 7

90 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 31, Nov. 1955, p. 7

derwystaak toegerus. Verskeie personeellede het hulle kwalifikasies deur middel van na-uurse studies verhoog, soos WJ van Vuuren, NJ Pienaar, ABJ van Vuuren en mev. MHS Britz, wat almal honneurs- of meestersgrade behaal het.[91] Andere soos dr. P Brandt,[92] BC Schutte, J Spoelstra, WJ Venter, mej. A Lohann en JJ Hattingh het mettertyd betrekkinge aan die PU vir CHO of die Potchefstroomse Onderwyskollege aanvaar. Verder is GPJ du Toit in 1964 tot Inspekteur van Kleurlingonderwys bevorder.[93] Laastens kan gemeld word dat die bekende FL Scheepers homself ook onderskei het deur gedurende 1944 vir 'n termyn te dien as burgemeester van Potchefstroom.[94]

Die akademiese vakke wat die skool aangebied het was Afrikaans, Engels, Duits, Latyn, Rekeningkunde, Wiskunde, Natuurwetenskap, Biologie, Aardrykskunde, Geskiedenis, Bybelse Geskiedenis, Sang, Gimnastiek en Musiek. Rekenkunde, Houtwerk en Huishoudkunde is egter aanvanklik net tot aan die einde van standerd agt aangebied.[95]

Gedurende 1940 en 1955 is die vakke wat vir die matriekeksamen aangebied kon word, aangevul met Huishoudkunde, Houtwerk, Tik- en Snelskrif[96] en Noord-Sotho.[97] Die belangstelling vir laasgenoemde was nie groot nie en is waarskynlik daaraan te wyte dat die vak nie vir universiteitsvrystelling erken is nie.[98] 'n Poging van die Beheerraad om Grieks teen 1950 as vak heringestel te kry, was sonder enige sukses. Daar kon immers nie voldoen word aan die departementele vereiste dat minstens tien leerlinge die vak vir die matriekeksamen moes aanbied nie.[99]

Wat die standaard van onderwys betref, was die skoolhoof self aan die stuur

---

91 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 33, 1958, p. 7

92 Potchefstroom Gimnasium, Skooljoernaal II, 28.6.1946, p. 204

93 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1958-1965

94 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 21, Des. 1944, p. 3

95 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 15, Des. 1938, p. 2

96 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1940-1953

97 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 31, Nov. 1955, p. 100

98 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 15-19.9.1958 in <u>Skooljoernaal II</u>, pp. 242-255

99 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule V, 17.5.1951, art. 4

van sake. Die leiding wat hy aan onderwyspersoneel en leerlinge gegee het, getuig van bekwaamheid wat soos volg in 'n skoolinspeksieverslag verwoord is:[100]

> "Hy gee die nodige leiding en voorligting, besoek gereeld die klasse en het ook die nodige insae in die werk van die leerlinge. Hy het sy vinger op die pols van die skool..."

Hy het self twee ure per week Afrikaans en Godsdiens aan die senior standerds onderrig. Daarbenewens het hy gereeld klasbesoek gebring en werksverslae van personeel gekontroleer. Die skriftelike werk van leerlinge is een keer per jaar persoonlik deur hom gekontroleer terwyl hy ook streng beheer oor die skoolbesoek uitgeoefen het.[101]

Die onderwyspersoneel was roepingsbewus[102] terwyl hulle hulle met entoesiasme en ywer aan hulle akademiese verpligtinge toegewy het.[103] In hulle roepingsvervulling was die onderwysers daarop bedag om nie alleen strakke akademiese kennis te onderrig nie,[104] maar was hulle veral daarop ingestel om die leerlinge in 'n breëre sin op te voed.[105] In sommige vakke is daar voortdurend geëksperimenteer met vakdidaktiese metodes met die doel om insig en begripsvorming by die leerlinge te bevorder.[106] So is daar in 1959 gepoog om die mees suksesvolle metode in die onderrig van die vak Wiskunde te bepaal.[107] Die personeel het tussen 1959 en 1962 ook meegewerk aan die suksesvolle toepassing van 'n stelsel van differensiasie in onderrig, wat in

---

100 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 6-7.6.1950 in Skooljoernaal II, p. 217

101 Potchefstroomse Skoolraad, verw. XIV/720/4 : Jaarverslag, 1952

102 Potchefstroomse Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 15-19.9.1958 in Skooljoernaal II, pp. 242-255

103 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 6-7.6.1950 in Skooljoernaal II, p. 217

104 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 30.8.1954-3.9.1954 in Skooljoernaal II (Los Bylae)

105 Potchefstroomse Skoolraad, verw. XIV/720/4 : Skoolinspeksieverslag, 6-10.8.1962

106 Potchefstroom Gimnasium, Skoolinspeksieverslag, 30.8.1954-3.9.1954 in Skooljoernaal II

107 Potchefstroomse Skoolraad, verw. XIV/720/4 : W de K Kruger/Inspekteur van Onderwys, 4.12.1959

feitlik alle standerds geïmplementeer is.[108] Biblioteekintegrering is ook met sukses toegepas en die boekevoorraad in die skoolbiblioteek is uitgebrei van 1400 boeke in 1939 tot 8000 in 1965.[109] Die personeel het verder die leiding geneem met die organiseer van opvoedkundige uitstappies, soos besoeke aan die WNNR, die Johannesburgse Planetarium en die plaaslike museums.

Die gehalte van die onderwys word duidelik weerspieël in die besondere akademiese resultate wat gedurende die jare 1938 tot 1965 in die matriek-eindeksamens behaal is (kyk Tabel 2). In vergelyking met die voorafgaande jare (1918 tot 1938) se gemiddelde slaagsyfer van 67%, getuig die gemiddeld van 87% ongetwyfeld van toenemende onderrigsukses.

Daar het meer as 382 kandidate in die eersteklas geslaag teenoor die ongeveer 26 in die voorafgaande jare. Die aantal vakonderskeidings het ook merkwaardig toegeneem vanaf sewentien tot 360. In ooreenstemming met die jare 1918 tot 1938 is die grootste aantal onderskeidings ook respektiewelik in Wiskunde (91), Geskiedenis (59) en Natuur- en Skeikunde (44) behaal. In die Natuurwetenskappe is altesaam 169 onderskeidings behaal wat byna die helfte van die totale getal verteenwoordig. By die tale is die meeste onderskeidings in Latyn opgelewer, terwyl Noord-Sotho die enigste eksamenvak was waarin geen onderskeidings behaal is nie.

'n Besondere prestasie is in 1941 deur G Eiselen gelewer, wat die eerste leerling in die skool se geskiedenis geword het om vier onderskeidings te behaal.[110] In 1960 is hierdie prestasie vir die eerste keer oorskadu deur T Jooste met sy ses onderskeidings in die eindeksamen.[111]

Leerlinge het egter ook aan aktiwiteite buite die klaskamer deelgeneem en daarin uitstaande prestasies behaal.

108 Potchefstroomse Skoolraad, verw. XIV/720/4 : Skoolinspeksieverslag, 6-10.8.1962

109 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 40, 1965, p. 45

110 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 19, Des. 1942, p. 5

111 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 36, 1961, p. 27

## TABEL 2

## EINDEKSAMENRESULTATE IN STANDERD TIEN, 1938 - 1965

| | JAAR | 1938 | 1939 | 1940 | 1941 | 1942 | 1943 | 1944 | 1945 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 | 1950 | 1951 | 1952 | 1953 | 1954 | 1955 | 1956 | 1957 | 1958 | 1959 | 1960 | 1961 | 1962 | 1963 | 1964 | 1965 | TOTAA |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | INSKRYWINGSTAL | 28 | 60 | 53 | 43 | 53 | 58 | 54 | 61 | 52 | 48 | 61 | 47 | 60 | | | 83 | 93 | 68 | 80 | 86 | 72 | 101 | 84 | 112 | 112 | 115 | 117 | 114 | 1915 |
| | AANTAL KANDIDATE GESLAAG | 15 | 45 | 46 | 39 | 43 | 48 | 42 | 36 | 48 | 41 | 59 | 40 | 52 | | 51 | 71 | 71 | 59 | | 83 | 69 | 93 | 74 | 108 | 107 | 108 | 115 | 108 | 1671 |
| | SLAAGPERSENTASIE | 54 | 75 | 87 | 91 | 81 | 83 | 78 | 59 | 92 | 85 | 97 | 85 | 87 | | | 86 | 76 | 87 | | 97 | 96 | 92 | 88 | 96 | 96 | 94 | 98 | 95 | 87 |
| | KANDIDATE GESLAAG EERSTE KLAS | 4 | 4 | 7 | 11 | 6 | 11 | 7 | 9 | 9 | 7 | 6 | 12 | 12 | 15 | 13 | 15 | 21 | 11 | | 19 | 14 | 21 | 15 | 23 | 34 | 30 | 26 | 20 | 382 |
| AANTAL VAKONDERSKEIDINGS | Afrikaans | | | | 2 | | | 1 | | | | 1 | | | | | 1 | 1 | | | 3 | | | 2 | 2 | 2 | 1 | 3 | 3 | 22 |
| | Engels | | | | | | | | | | | 1 | | | 2 | 1 | 1 | 4 | 1 | | | 2 | 2 | 1 | 1 | | 1 | 1 | | 18 |
| | Wiskunde | 2 | 2 | 2 | 1 | | 3 | 2 | | | 5 | 2 | 5 | 5 | 4 | 4 | 8 | | 1 | | 7 | 2 | 7 | 4 | 2 | 6 | 7 | 7 | 3 | 91 |
| | Natuurwetenskap | | 1 | | 2 | | 2 | | | | 2 | | 1 | | | | 5 | 1 | | | 5 | | 4 | 2 | | 3 | 1 | 7 | 7 | 44 |
| | Geskiedenis | 2 | | 1 | 5 | | 3 | | | | 2 | 1 | 3 | | 3 | 2 | 6 | 6 | 2 | | 6 | 1 | 1 | 4 | | 6 | 1 | 2 | 3 | 59 |
| | Biologie | | | | | 1 | 1 | | | | | 1 | 2 | 1 | 6 | 2 | | 2 | | | | 3 | 2 | 2 | 2 | | 2 | 3 | 4 | 34 |
| | Latyn | | | | | | | | | | 1 | | | | 2 | 3 | 4 | 5 | 2 | | 4 | 1 | 1 | 2 | | 1 | 1 | 1 | | 28 |
| | Rekeningkunde | | | | 1 | | 2 | 1 | | | | | 3 | 1 | | 1 | 1 | 2 | 3 | | 3 | 2 | | 2 | 2 | 1 | 1 | | 2 | 28 |
| | Duits | | 1 | 1 | 1 | | 2 | 3 | | | | 2 | | | | | | 1 | 1 | | | 1 | | | | | | | | 13 |
| | Huishoudkunde | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | 2 | | 3 |
| | Houtwerk | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1 | 1 | | 3 |
| | Tik | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1 | | | | | | | | 2 |
| | Musiek | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | 1 | | | | | | | | | 1 | | | 3 |
| | Aardrykskunde | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1 |
| | TOTALE AANTAL ONDERSKEIDINGS | 4 | 4 | 4 | 12 | 1 | 13 | 7 | | | 10 | 8 | 14 | 7 | 18 | 13 | 26 | 23 | 10 | | 29 | 13 | 18 | 19 | 9 | 20 | 17 | 27 | 23 | 360 |

## 4.4 KULTURELE EN SPORTAKTIWITEITE

### 4.4.1 KULTURELE AKTIWITEITE

Die debatsvereniging het, soos in die verlede, 'n belangrike sosiale funksie vervul, en was ook 'n leerskool vir openbare redevoering.[112] Die vereniging is vroeg in die jaar aan nuwe leerlinge bekend gestel in die vorm van 'n groentjiesdebat waaraan alle nuwelinge verplig was om deel te neem.[113] Tydens debatsaande is daar ook gereeld uit 'n joernaalboek voorgelees.[114] Hierdie was 'n ou tradisie en tydens sulke geleenthede is die skool se leerlinge met humor en kwinkslae vermaak.[115] Die aktiwiteite van die vereniging is later uitgebrei om selfs vir toneelopvoerings voorsiening te maak.[116]

Die volkspelelaer wat in 1941 in die lewe geroep is,[117] het weekliks geoefen en ook aan skoolfunksies en -konserte deelgeneem. In 1963 het die laer uit 165 lede bestaan, wat daarop dui dat hierdie 'n besonder gewilde aktiwiteit was.[118] Die volkspeledrag het bestaan uit kenmerkende blou onderbaadjies vir die seuns en ligblou rokke vir die meisies.[119] 'n Hoogtepunt in die laer se aktiwiteite was die deelname aan die Van Riebeeckfees in 1952 te Kaapstad.[120]

Gedurende die vroeë veertigerjare was sowat een-derde van die skool se leerlinge lede van die Voortrekkerbeweging.[121] Die ledetal van die veldkornetskap het oor die jare bly toeneem en in 1960 het dit as die Hendrik Potgieterkommando selfstandig geword.[122] Dis 'n interessante feit dat daar aan

---

112 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 16, Des. 1939, p. 17

113 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 31, Nov. 1955, p. 17

114 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 18, Des. 1941, p. 15

115 Potchefstroom Gimnasium, Debatsjoernaal, 1938-1944

116 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 33, 1958, p. 27

117 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 18, Des. 1941, p. 15

118 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 38, 1963, p. 89

119 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 33, 1958, p. 29

120 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 28, Nov. 1952, p. 29

121 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 15, Des. 1942, p. 15

122 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 35, 1960, p. 100

die begin van die sestigerjare meer meisies as seuns aan die kommando behoort het.[123]

Die Voortrekkers het hulle besig gehou met die aanbied van konserte, deelname aan kunswedstryde en kompetisiekampe, vlagparades, uitstappies, kampvuuraande ensomeer. Hulle het in 1942 selfs 'n eie Voortrekkerkoor gestig,[124] en was betrokke by die onthullings van die Voortrekkermonument (1949) en die Danie Theronmonument (1950).[125] 'n Krugerdagprogram van 'n heel besondere aard is op 9 Oktober 1959 by die skool aangebied. Die besonderse is daarin geleë dat die Transvaalse Vierkleur wat by die geleentheid gehys is, die oorspronklike vlag was wat by die Landdroskantoor op Krugersdorp gewapper het toe die Britse troepe die dorp in 1900 beset het. Die vlag het behoue gebly en is later aan die skool geskenk.[126] Onderwysers wat die veldkornetskap en die latere kommando in 'n leidende hoedanigheid gedien het, was BC Schutte, PJ du Plessis en FWGM Karberg.

Skoolprefekte is jaarliks verkies en beide personeel en leerlinge het 'n aandeel daaraan gehad.[127] Hulle het gereeld vergader om sake wat die leerlinge geraak het, te bespreek. Die grootte van die prefektekorps het gegroei vanaf agt lede in 1938 tot 24 in 1965.[128]

Die kadetafdeling is oor die jare heen tot 'n belangrike kultuuraktiwiteit uitgebou. Benewens die gewone kadetorkes, is ook 'n blaasorkes in 1956 totstand gebring.[129] Alle komponente van die kadette het gereeld aan kompetisies deelgeneem en dit was veral die skietspanne wat goed gepresteer het. Tydens die Imperiale Uitdaagskildkompetisie in 1952 is DF du Toit as die beste skut aangewys.[130] Gedurende die jare 1963 tot 1965 het die skool altesaam nege lede opgelewer wat tot die Wes-Transvaalse Skietspan verkies

---

123 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 38, 1963, p. 85

124 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 16, Des. 1944, p. 7

125 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 27, Nov. 1950, p. 9

126 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 34, 1959, p. 9

127 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1907-1957 (Gedenkuitgawe), p. 50

128 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1938-1965

129 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 33, 1958, p. 59

130 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 28, Nov. 1952, p. 29

is. Hierdie skuts is afgerig deur twee onderwysers, LP Nel en WP van Niekerk.[131] Die kadetafdeling is in 1960 in sy geheel in 'n vlooteenheid omskep.[132]

Gedurende Mei 1957 het die skool sy vyftigjarige bestaan luisterryk herdenk. By hierdie geleentheid het die Administrateur van Transvaal, dr. WM Nicol, as spreker opgetree. Die feesvieringe het 'n kermis en 'n fakkeloptog ingesluit.[133] 'n Gedenkuitgawe van die skool se jaarblad, *Fac et Spera*, het ook gedurende die jaar verskyn.

Daar is ook ander kultuuraktiwiteite beoefen, soos toneel en musiek, skaak, fotografie en die deelname aan kunswedstryde.

### 4.4.2 SPORTBEDRYWIGHEDE

Op sportgebied het die leerlinge aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite deelgeneem. Rugby het groot aftrek gekry en in 1939 is daar vyf spanne saamgestel. Gedurende dieselfde jaar is daar ook ingeskryf vir die Administrateursbekerkompetisie.[134] Skole teen wie meegeding is, sluit dié in van Parys, Klerksdorp, Ventersdorp, asook die Hoër Volkskool, Boy's High School en die Ambagskool op Potchefstroom.[135] Gedurende die jare 1953 tot 1965 het die eerste rugbyspan die Jacob Wilkentrofee altesaam vyf keer verower as wenners van die Wes-Transvaalse Skoleliga. In die kompetisie om die Administrateursbeker het die span oor dieselfde periode verskeie kere presteer. So is daar in 1955 in die halfeindstryd gespeel, en in 1953, 1954 en 1956 telkens tot die eindstryd deurgedring. Gedurende die twaalf jaar ná 1953 het die skool nie minder nie as 43 spelers opgelewer tot die Wes-Transvaalse Skolespan. Die nege Wes-Transvaalspelers van 1955 was 'n rekord vir 'n enkele jaar. Die eerste rugbyspan is tussen 1939 en 1965 afgerig deur P van Coller, P Strydom, J Nel, AP Grové, DC Uys, J van der Walt, JP

---

131 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1963-1965

132 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 35, 1960, p. 79

133 Die Weste, 9.5.1957, pp. 4-6

134 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 16, Des. 1939, p. 11

135 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 20, Des. 1943, p. 23

Steyn, J. Bezuidenhout, DP Erasmus, J Henning en F Visser.[136]

Die prestasies gelewer op atletiekgebied was veel groter as dié in die periode vóór 1938. Ná 1944 is deelname aan die byeenkomste van die *PIKAA* opgesê.[137] Sedertdien het alle sekondêre skole van Potchefstroom en omliggende gebied aan 'n jaarlikse interhoërskole atletiekbyeenkoms deelgeneem. Tydens hierdie byeenkoms kon atlete kwalifiseer om ook aan die byeenkomste van die *Wes-Transvaalse Amateur Atletiese Assosiasie* (*WTHAAA*) deel te neem.[138] 'n Groot aantal atlete het aan die kompetisies van die WTHAA deelgeneem waarvan sommige ook na die SA Junior Atletiekkampioenskappe deurgedring het. Hulle is:[139] H Lemmer (1949), D van Niekerk (1951), P Steyn (1955), J Brink (1956), J van der Schyff (1958, 1959), P van der Bank (1958), R Bierman (1958), J Kruger (1960), G Zwarts (1960, 1961), J Somers (1960, 1961), R Alberts (1961), L Vorster (1963), I Joubert (1964) en D Bornman (1964).

Krieket het in die jare ná 1939 'n besonder gewilde sportsoort geword. Die entoesiasme is onder andere aangewakker deurdat die *Potchefstroom Herald* in 1939 'n krieketkolf uitgeloof het aan die speler wat die beste vordering gedurende die seisoen getoon het.[140] Die bekendheid wat krieket aan die skool verwerf het, is veral te danke aan afrigters soos W de K Kruger, P van Coller, AP Grové en C Bekker. Met die nodige aanmoediging en afrigting het die resultate ook nie uitgebly nie. In 1950 het die eerste krieketspan daarin geslaag om die gesogte Administrateursbeker vir die eerste keer in die skool se geskiedenis te verower. Die span het onder die kapteinskap van Ockert Nel in die eindstryd teen die Tegniese Hoërskool van Middelburg te staan gekom en die wedstryd met tien lopies gewen. Dat hierdie 'n heel besondere prestasie vir 'n skool soos Potchefstroom Gimnasium was, blyk uit 'n koerantberig:[141].

---

136 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1953-1965

137 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 21, Des. 1944, p. 9

138 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 19, Des. 1942, p. 11

139 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1949-1964

140 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 16, Des. 1939, p. 17

141 Die Westelike Stem, 13.12.1950, p. 16

"Indien in aanmerking geneem word dat die spel slegs enkele jare gelede in die skool ingevoer is, is hierdie prestasie des te meer merkwaardig. Weens gebrek aan oefenvelde kon daar nie besonder aktief geoefen word nie."

Die feit dat die eerste krieketspan telkens in 1950, 1952, 1954 en 1958 met die louere in die Administrateursbekerkompetisie weggestap het, is bevestiging daarvoor dat die skool krieketspelers van 'n besonder hoë gehalte opgelewer het.[142)]

In 'n sportsoort soos korfbal is vier speelsters tussen die jare 1959 en 1965 tot lede van die Wes-Transvaalse Skolespan verkies. Tennis het altesaam vyftien provinsiale spelers tussen 1960 en 1965 opgelewer. In 1948 is daar 'n aanvang gemaak met hokkie as spel en in die jare daarná het minstens agt speelsters die Wes-Transvaalse Skolespan gehaal.[143)]

## 4.5 TEN SLOTTE

Na meer as 'n kwart eeu se verbondenheid aan Potchefstroom Gimnasium het W de K Kruger aan die einde van 1965 uit die onderwys getree.[144)] Hy het hom gedurende hierdie tydperk onbetwisbaar onderskei as dié boumeester van Potchefstroom Gimnasium.[145)] Die skool het dan ook onder sy leiding gegroei tot een van die grootste sekondêre skole in Transvaal. Met sy oorlye in 1972 is Kruger gehuldig as 'n kleurvolle persoon wat tot aan die einde van sy lewe "'n band met sy leerlinge behou en die meeste ook by die naam geken het - selfs na 25 jaar".[146)]

Hiermee is 'n era in die skool se geskiedenis afgesluit waarin die hoofde 'n baie duidelike persoonlike stempel op die skool afgedruk het. Die name van Coetsee en Kruger was in die jare vóór 1965 feitlik sinoniem met dié van

---

142 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1939-1958

143 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1948-1965


144 Potchefstroom Herald, 26.11.1965, p. 11

145 LA Dreyer, Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, p. 153

146 Potchefstroom Herald, 22.12.1972, p. 5

Potchefstroom Gimnasium. Die situasie het egter hierna verander met die vinnige opeenvolging van hoofde gedurende die jare 1966 tot 1981.

ILLUSTRASIE 6 - DIE EERSTE DRIE HOOFDE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1908 - 1972



# 5. POTCHEFSTROOM GIMNASIUM SE JARE VAN WOELING EN WORDING, 1966 - 1982

## 5.1 DIE SKOOLHOOFDE

In teenstelling daarmee dat die skool gedurende die eerste 59 jaar van sy bestaan slegs twee skoolhoofde gehad het, word die jare 1966 tot 1982 daardeur gekenmerk dat die vier hoofde vir relatief kort tydperke aan die skool verbonde was.

W de K Kruger is as skoolhoof opgevolg deur AJ Combrink, 'n Vrystater van geboorte (Fauresmith, 13 September 1914), wat homself later aan die Universiteite van Potchefstroom en Pretoria as onderwyser bekwaam het.

Andries Combrink het in die huwelik getree met Magdalena Vorster en vir die egpaar is vyf kinders gebore.

Nadat hy ses maande lank verbonde was aan die Laerskool Mooirivier op Potchefstroom, het hy ook onderwys gegee aan verskeie Randse skole, Potgietersrus Laerskool en die Hoërskool Piet Potgieter aldaar waar hy tot vise-hoof bevorder is. Hierna was hy hoof van die Hoërskool Ben Viljoen op Groblersdal (1954-1961), die Hoërskool Dr DF Malan in Meyerton (1962-1965) en van Potchefstroom Gimnasium (1966-1972). In 1973 het hy assistent-hoof van die Transvaalse Onderwysbiblioteekdiens geword maar het op 30 September 1973 weens gesondheidsredes uit die diens getree. Hy het hom toe in Verwoerdburg gevestig en in 1981 met sy eggenote weer na Potchefstroom verhuis waar hy op 2 Oktober 1981 ná 'n hartaanval oorlede is.[1)]

Die vierde hoof van Potchefstroom Gimnasium was ABJ Kruger wat in 1974 in hierdie hoedanigheid na sy geboortedorp, Potchefstroom, teruggekeer het (kyk Illustrasie 1). Dit is daar waar hy op 30 Oktober 1920 gebore is en ook sy skoolopleiding voltooi het. As student aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO en die Potchefstroomse Onderwyskollege was hy 'n uitblinker op atletiekgebied, waar hy twee jaar lank die inter-universitêre kampioen in die 880-tree was. As kaptein van die atletiekspan en as studenteraadsvoorsitter, het Andries Kruger hom alreeds tydens sy studentejare as


---

1 Potchefstroom Herald, 6.10.1981, p. 1

ILLUSTRASIE 1 - ABJ KRUGER



ILLUSTRASIE 2 - LA DREYER



'n leier onderskei.

Op universiteit was hy 'n besonder toegewyde student en het hy 'n B Sc.-graad behaal waarna hy hom as onderwyser bekwaam het.

Kruger is soos sy voorgangers ook 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk. In 1948 is hy met Daleen Kirchner getroud en is twee kinders vir hulle uit die huwelik gebore.

Sy onderwysloopbaan het in 1945 op Witrivier begin waar hy vir 23 jaar lank onderwys gegee het. Hy het gevorder tot hoof van die Hoërskool Dr DF Malan en in 1974 is Kruger as die hoof van Potchefstroom Gimnasium aangestel.[2]

Na net meer as vier jaar as hoof het hy die tuig in Junie 1978 neergelê en hom as boer in die Vrystaat gaan vestig.[3]

In Januarie 1979 het LA Dreyer, wat op 26 Februarie 1935 in die Rustenburgse distrik gebore is, die leisels van Potchefstroom Gimnasium as hoof oorgeneem.[4] (Kyk Illustrasie 2). Hy was 'n matrikulant aan die Hoërskool Rodeon, Swartruggens, 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk en het aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO gestudeer. Daar het hy verskeie akademiese en professionele kwalifikasies verwerf, naamlik B Sc. (1955), THOD (1956) en B Ed. (1963).

Louw Dreyer was vir die grootste gedeelte van sy onderwysloopbaan aan die Hoër Seunsskool Helpmekaar in Johannesburg verbonde. Hy het ook onderwys gegee aan die Hoërskool Kemptonpark en vanaf 1975 was hy die hoof van die Hoërskool Koster.

As nasiener en hoofnasiener was Dreyer ten nouste by sy vak Biologie betrokke. Op sportgebied was hy veral bekend as rugby-administrateur, spanbe-

---

2 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 49, 1974, p. 5

3 LA Dreyer, Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, p. 216

4 Potchefstroom Herald, 23.1.1979, p. 4

stuurder van Transvaalse Cravenweekspanne en as keurder.[5]

Hy is met Etrechia du Plessis getroud en die egpaar het vier seuns. In Junie 1981, na net meer as twee jaar as hoof van Potchefstroom Gimnasium, het Dreyer uit die onderwys getree met sy aanstelling as Direkteur van die Nasionale Verkeersveiligheidsraad.[6]

Die vierde hoof van Potchefstroom Gimnasium sedert 1966 was AN Grobler, 'n Noord-Transvaler van geboorte (25 Januarie 1932, Waterberg-omgewing). Op skool aan die Hoërskool Nylstroom het hy hom as 'n kranige rugbyspeler onderskei. Hy was 'n student aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO waar hy hom vir sy onderwysloopbaan voorberei en later ook 'n honneursgraad in Noord-Sotho behaal het.

In 1960 is hy met Tersia Coetzee getroud en uit die huwelik is drie kinders gebore.

Ammie Grobler het vanaf 1954 onderwys aan sekondêre skole te Naboomspruit, Balfour en Wolmaransstad gegee, voordat hy in 1976 die hoofpos aan die Hoërskool Patriot, te Witbank aanvaar het. In Januarie 1982 het hy Louw Dreyer as hoof van Potchefstroom Gimnasium opgevolg.[7] (Kyk Illustrasie 3).


---

5 J Robbertse, "LA Dreyer" in Gedenkalbum: Potchefstroom Gimnasium 1907-1982, pp. 135-136

6 LA Dreyer, Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel, pp. 216-217

7 CO Immelman, "AN Grobler" in Gedenkalbum: Potchefstroom Gimnasium 1907-1982, pp. 136-137

ILLUSTRASIE 3 - AN GROBLER



Die bydrae wat elkeen van hierdie hoofde tot die algemene ontwikkeling van die skool gelewer het, sal verderaan in hierdie hoofstuk belig word. Op die fisiese terrein het daar in die jare na 1966 velerlei plaasgevind wat die aandag verdien.

## 5.2 FISIESE ONTWIKKELING

### 5.2.1 ONTWIKKELING VAN SKOOLGEBOUE EN -TERREINE

Die langtermynbouprojek wat in 1961 geïmplementeer is, was daarop gemik om vir 'n skoolgebou voorsiening te maak wat 1200 leerlinge kon huisves. Die biblioteek, kunslokaal en administratiewe blok was teen 1965 reeds voltooi maar nie die skoolsaal en ander klaslokale waarvoor beplan is nie.[8]

Om die afhandeling van die projek te verhaas het die Beheerraad reeds vroeg in 1966 aksiestappe geneem. In 'n memorandum aan die Administrateur van Transvaal is sekere prioriteite uitgewys wat dringende aandag vereis het. In die lig van die skerp groeiende leerlingtal was die oprigting van 'n

8 Kyk hoofstuk 4, p. 77

skoolsaal, 'n laboratoria-kompleks, huishoudkunde- en houtwerksentrums, die omskepping van die bestaande skoolsaal in 'n ruimer biblioteek, asook die voorsiening van meer en beter sanitêre fasiliteite van spoedeisende belang. Gesien die skool se ontoereikende sportfasiliteite, is die noodsaak vir die ontwikkeling van die sportterrein aan die Mooirivier[9] ook in die memorandum benadruk.[10]

Ofskoon die vorige administratiewe gedeelte van die skool volgens die 1200-projek in musieklokale omskep is,[11] was daar verder ook 'n gebrek aan geskikte musiekoefenlokale.[12] Van die 103 leerlinge wat in 1966 Instrumentale Musiek as skoolvak geneem het, moes 42 leerlinge buite skoolure klavier oefen. Vir hierdie doel is van ontoereikende fasiliteite in Cachetkoshuis gebruik gemaak.[13] Die skoolhoof het voorgestel dat die woonkwartiere van die Swart koshuiswerkers in musieklokale omskep kon word. Die woonkwartiere was op die skoolterrein geleë en die nodige goedkeuring vir die omskepping daarvan moes eers van die Skoolraad verkry word. In sy voorlegging aan die Skoolraad in September 1966 het die hoof ook sketse van die voorgestelde projek verskaf.[14] Die hoof se voorstel is aanvaar en die elf musieklokale is in 1969 voltooi.[15]

Die skoolhoof het ook spoedig die posisie met betrekking tot sportfasiliteite aangespreek en die bestaande geriewe in 1968 as "'n toestand van haglikheid" bestempel.[16] In 1969 is daar 'n aanvang gemaak met die ontwikke-

---

9 Hierdie is die terrein wat in 1963 vir die skool aangekoop is. Vgl. Hoofstuk 4, p. 77

10 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8 Vol. 1 : Memorandum van die Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium aan die Administrateur van Transvaal, 20.4.1966, p. 1

11 Kyk hoofstuk 4, p. 77

12 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 6/720 : Inspeksieverslag vir vakmusiek, 11.8.1966

13 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 1 : AJ Combrink/Skoolraadsekretaris, 22.9.1966

14 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 1 : AJ Combrink/Skoolraadsekretaris, 23.9.1966

15 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 44, 1969, pp. 5-7

16 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 43, 1968, p. 43

ling van die skool se sportterrein. Die Beheerraad het reeds vroeg in 1969 sy goedkeuring geheg aan 'n ontwikkelingsprojek[17] wat voorsiening gemaak het vir drie rugbyvelde, 'n atletiekbaan, twee krieketvelde, drie netbalbane, twee hokkievelde, 'n skietbaan en kadetmagasyn sowel as besproeiingsfasiliteite. Die koste aan die projek verbonde was R105 000.[18]

Die skool se Ouer-Onderwysersvereniging het tegelykertyd ook 'n projek geloods vir die oprigting van 'n pawiljoen en kleedkamers by die sportterrein. Vir hierdie doel het die vereniging 'n terreinontwikkelingsfonds gestig en is daar tot 'n groot mate op die ouers van die skool gesteun vir die verkryging van fondse.[19]

Die ontwikkelingsprojekte is gelyktydig voltooi en met die ingebruikneming daarvan op 24 September 1971 is 'n lankgekoesterde ideaal dan ook verwesenlik. Die pawiljoen, wat teen die koste van R11 000 opgerig is, het sitplek gebied aan 1250 persone.[20]

Ondanks voortdurende vertoë deur die Beheerraad gedurende die jare 1966 tot 1968, het die verdere modernisering van die skoolgebou ingevolge die 1200-projek, nie enige vrugte afgewerp nie. Die oorsaak vir hierdie vertraging is klaarblyklik finansieël van aard.[21] Teen hierdie agtergrond gesien het die Beheerraad hom sedert 1968 vir 'n projek van 'n kleiner omvang beywer. Die implikasie daarvan was dat by voltooiing van die projek die skoolgebou slegs 1000 leerlinge sou kon huisves.[22] Na mislukte vertoë tot die TOD en TPA in verband hiermee is die voorgestelde bouprojek nogeens afgeskaal.[23] Die Beheerraad het hom egter vooraf onvermoeid vir die implementering van die projek beywer en selfs die plaaslike lid van die Provinsiale Raad vir

17 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 24.3.1969, par. 8

18 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 44, 1969, pp. 5-7

19 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 2.6.1969, par. 6

20 <u>Potchefstroom Herald</u>, 1.10.1971, p. 11

21 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 2 : Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium/Skoolraadsekretaris, 3.12.1969

22 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 29.11.1968, par. 8

23 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 2 : Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium/Skoolraadsekretaris, 3.12.1969

hierdie doel ingespan. Nadat hierdie inisiatiewe misluk het, was die Beheerraad bereid "om vir die huidige te berus in die besluit van die Departement dat dit 'n 750-skool sal wees".[24] Hierdeur het die Beheerraad sy hoop gevestig op die spoedige afhandeling van die bouprojek.[25]

In die beplanning vir 1970-71 is daar voorsiening gemaak vir 'n skoolsaal vir 750 leerlinge, 'n biblioteek, kuns- en aardrykskundelokale, elf gewone klaslokale, laboratoria vir Biologie en Natuur- en Skeikunde, huishoudkunde- en bedryfskennissentrums en 'n gimnastieksaal.[26] Die uitvoering van die projek is egter weer eens vanweë finansiële tekorte op die lange baan geskuif.[27]

Die Beheerraad het daarop self die inisiatief geneem en 'n bedrag van R5 000 vir saalbou bewillig. Dit sou onder andere aangewend word vir 'n elektroniese orrel in die saal asook om die saal van 'n plafon te voorsien.[28] In navolging hiervan het die Ouer-Onderwysersvereniging onderneem om die saal uit eie fondse van stoele te voorsien.[29] Die skoolhoof het in 1974 van sy kant 'n versoek tot die Skoolraad gerig waarin hy die noodsaak van 'n nuwe skoolsaal as 'n dringende prioriteit uitgewys het. "Vir alle praktiese doeleindes het ons geen saal nie", het hy onder meer in sy versoek gemeld.[30]

'n Bedrag van R848 000 is daarop vir die bouprojek as geheel bewillig waarna met die uitvoering daarvan 'n aanvang gemaak is.[31] "Miskien sal 1975 onthou word vir die jaar waarin die modernisering van ons skool werklikheid

---

24 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 2 : Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium/Direkteur van Onderwys, 24.6.1970

25 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule : buitengewone vergadering, 22.6.1970

26 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 6/720 : Skoolinspeksieverslag, 13-17.9.1971

27 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 2.3.1972, par. 7; Potchefstroom Herald, 12.7.1977, p. 4

28 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 27.11.1972, par. 6

29 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 21.6.1973, par. 4.2

30 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/720, Vol. 2 : Skoolhoof van Potchefstroom Gimnasium/Skoolraadsekretaris, 13.2.1974

31 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 22.5.1975, par. 3(2)

geword het", het die hoof aan die einde van daardie jaar in sy jaarverslag geskryf.[32]

Na enkele wysigings aan die oorspronklike bouplanne is die projek gedurende 1976 voltooi. Die gebouekompleks het bestaan uit 'n gimnastieksaal, houtwerk en metaalwerksentrums met 'n tekenlokaal, twee laboratoria vir Biologie en twee vir Natuur- en Skeikunde, twee huishoudkundesentrums, 'n aardrykskundesentrum, 'n biblioteek en 'n skoolsaal. Daar is dus geen gewone klaslokale opgerig soos oorspronklik beplan is nie. Die rede hiervoor is dat verskeie bestaande lokale, wat tevore as sentrums en laboratoria gebruik is, voortaan in gewone klaslokale omskep is. Die saal het vir 750 leerlinge voorsiening gemaak terwyl die ou saal steeds behou is.[33]

Die Beheerraad het ondertussen 'n ambisieuse projek onderneem deur 'n pyporrel aan te skaf wat in die skoolsaal geïnstalleer is. Die onderneming is vooraf deeglik deur 'n kommissie van die Beheerraad ondersoek, waarna besluit is op die aankoop van 'n meganiese orrel.[34] Dit is teen R42 000 aangekoop uit fondse wat uitsluitlik deur die Beheerraad bewillig is.[35]

Die nuwe geboue is op 8 Julie 1977 in gebruik geneem. Tydens hierdie geleentheid is die hoeksteen van die saal deur die Adjunk-Direkteur van Onderwys, prof. GJ du Toit, onthul.[36] Daarmee het die skool doeltreffende geboue bekom waaronder vir die eerste keer 'n gimnastieksaal, wat aan die belangrikste onderwysbehoeftes voldoen het.[37]

Dit het intussen aan die lig gekom dat die sportterrein oorkant die Mooirivier vanweë dreineringsprobleme nie meer aan sy doel beantwoord het nie. Om hierdie rede het die skool vanaf 1978 op die plaaslike Universiteit en

---

32 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 50, 1975, p. 11

33 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 6/720 : Skoolinspeksieverslag, 21-25.2.1977

34 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 29.7.1976

35 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 17.3.1977, par. 6.1

36 Potchefstroom Herald, 12.7.1977, p. 4

37 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 6/720 : Skoolinspeksieverslag, 21-25.2.1977

Onderwyskollege gesteun vir die gebruik van hulle rugbyvelde.[38] 'n Ondersoek deur die Departement Bodemkunde van die PU vir CHO het bevestig dat swak dreinering die hoofprobleem was.[39]

In 'n poging om hierdie knelpunt te bowe te kom het die Beheerraad die moontlikheid van 'n alternatiewe terrein ondersoek, maar dit het geen tasbare resultate opgelewer nie. Daarna is besluit om die aandag van die TOD en die Werkedepartement op die kwessie te vestig met die oog op herontwikkeling.[40] Voorlopige planne vir die herstrukturering van die terrein is vroeg in 1980 vanaf die TOD ontvang waarna die terrein gedurende 1982 aan 'n kontrakteur oorhandig is.[41] Na voltooiing daarvan het dit geblyk dat die Werkedepartement nie die aanbevelings van die Departement Bodemkunde in aanmerking geneem het nie. Die Beheerraad se kommer dat die terrein daarom spoedig weer onbruikbaar sou wees[42] is egter besweer deurdat die provinsiale ingenieurs hulle van die teendeel verseker het.[43]

### 5.2.2 KOSHUISAKKOMMODASIE EN UITBREIDING

Die twee skoolkoshuise het tussen die jare 1921 en 1967 uitsluitlik onder die verantwoordelike bestuur van die Beheerraad gestaan. In 'n poging om van die finansiële implikasies van hierdie verantwoordelikheid ontslae te raak, het die Beheerraad die TOD gedurende 1967 versoek om die beheer van die koshuise oor te neem. Die Beheerraad se doel daarmee was om die koshuisleerlinge "te laat deel in die baie materiële voordele wat vir die res van Transvaal se kosgangers onder die provinsiale stelsel beskore is maar waarvan ons kosgangers uitgesluit is".[44] Uit hierdie stelsel sou voordele

---

38 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 53, 1978, p. 12

39 Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Resultate van 'n ondersoek na die oorsake van die probleme van Gimnasium sportvelde en voorstelle vir oplossing van die probleem, Oktober 1978, pp. 1-11

40 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 15.3.1979, par. 7.4

41 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 3.3.1982, par. 6.3

42 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 8.11.1982, par. 8

43 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule : spesiale vergadering, 3.12.1982, par. 4

44 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 1 : Memorandum van Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium/Transvaalse Onderwysdepartement, 14.12.1967

spruit soos gestandaardiseerde en voldoende akkommodasiegeriewe en uitrusting, terwyl die Beheerraad van sy finansiële verantwoordelikhede teenoor toesighoudende en huishoudelike personeel onthef sou word. Die Beheerraad het terselfdertyd daarop aangedring dat die addisionele akkommodasiereëlings vir die koshuise gehandhaaf moes word. Naas die 110 meisies en 120 seuns in die koshuise, kon op dié wyse nog 'n ekstra 40 meisies en 60 seuns geakkommodeer word. Daarmee saam het die Beheerraad ook onderneem om alle onkostes wat deur addisionele huisvesting meegebring is, vir eie rekening te neem.[45)]

Aan die begin van 1968 het provinsiale beheer oor die koshuise 'n voldonge feit geword, met die uitsondering van addisionele huisvesting waarvoor die Beheerraad self verantwoordelik sou wees.[46)]

Die TPA het egter alreeds in 1968 beplan vir die verdere uitbreiding van die bestaande geriewe. Hiervolgens sou huisvesting aan 180 seuns en 150 meisies gebied word wat huisvesting buite die bestaande koshuise oorbodig sou maak. Die beplanning het verder ook woongeriewe vir diensdoende personeel ingesluit wat sou saamval met die moderniseringsprojek van die skoolgebou en -terrein.[47)] Die projek van R565 000 wat gedurende 1971-72 uitgevoer sou word,[48)] het egter nie gerealiseer nie vanweë die beperking op owerheidsbesteding.[49)]

Die knelpunt oor koshuisakkommodasie is in 1974 boonop vererger toe die voortgesette gebruik van geboue buite die skoolterrein vir die doeleindes van inwoning, sedertdien afgekeur is.[50)]

---

45 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 1 : Memorandum van Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium/Transvaalse Onderwysdepartement, 14.12.1967

46 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 2 : Skoolraadsekretaris/ Skoolhoof van Potchefstroom Gimnasium, 2.1.1968

47 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/33/8, Vol. 2 : Skoolraadsekretaris/ Skoolhoof van Potchefstroom Gimnasium, 2.1.1968

48 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/720 : Skoolraadstoewysing 1971/1972

49 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/720, Vol. 2 : Direkteur van Onderwys/ Skoolraadsekretaris, 17.10.1975

50 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/720, Vol. 2 : Direkteur van Onderwys/ Skoolraadsekretaris, 17.9.1974

'n Ander probleem wat in die koshuise ondervind is, was dat daar geen fasiliteite vir getroude personeel bestaan het om in te woon nie. Die gesag en dissipline in die koshuise het toenemend hieronder gely, omdat daar dikwels van ongetroude studente gebruik gemaak is om diens te verrig.[51)] Vanaf 1979 het die Beheerraad indringende aandag aan hierdie kwessie gegee,[52)] en dan ook in 1980 bevind dat die fasiliteite vir koshuispersoneel "uiters onvoldoende" was.[53)] Die nodige geriewe is egter eers in die jare na 1982 daargestel.

Onderwysers wat as huisvaders opgetree het gedurende die jare 1966 tot 1982 was JSM Henning, AP Brugman, OPJ Nel, P Henning en MPA van der Walt vir Brandwagkoshuis, en FJAC Visser vir Cachetkoshuis. Hy is in 1970 opgevolg deur mev. B Hart wat sedertdien as huismoeder gedien het.[54)]

### 5.2.3 DIE LEERLINGTAL

Die voorafgaande ontwikkelinge betreffende skool- en koshuisgeboue, het ook 'n gedeeltelike invloed op die skool se leerlingtal uitgeoefen. Dit is uit bygaande grafiek duidelik dat die leerlingtal gedurende die jare 1966 tot 1982 onbestendig gegroei het.

In 1972 het die skool met sy 998 leerlinge 'n hoogtepunt bereik wat in die jare sedertdien nie weer geëwenaar kon word nie. Daarna het die leerlingtal tot 1975 skerp afgeneem. Hierdie tendens is te wyte aan die TOD-beleid om die optimale grootte van 'n sekondêre skool op 750 leerlinge te stel. Daarbenewens is die Potchefstroomse skole ingevolge die stelsel van gedifferensieerde onderwys in 'n komprehensiewe eenheid ingedeel. Hierdie stelsel het ingehou dat elke skool bepaalde vakpakkette aangebied het wat komplimentêr tot dié van ander skole binne die eenheid sou wees. In Potchefstroom is daar in 1974 boonop 'n nuwe sekondêre skool, die Hoërskool Ferdinand Postma, opgerig, en in dieselfde jaar is standerd ses-leerlinge vir

---


51 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/720, Vol. 2 : Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium/Direkteur van Onderwys, 30.4.1973

52 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 13.8.1979, par. 7

53 Potchefstroom Gimnasium, Beheerraadsnotule, 20.5.1980, par. 5.2

54 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1966-1982

DIE LEERLINGTAL VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM
1966 - 1982



die eerste keer toegelaat om by die Hoër Handelskool JJ Pienaar in te skryf. Die tendens van 'n dalende leerlingtal is verder versterk deurdat die TOD die gebruik van buitegeboue vir addisionele koshuisakkommodasie in 1974 afgekeur het. Hierdie dalende tendens is vanaf 1973 ook in die leerlingtal van die Potchefstroomse Hoër Volkskool te bespeur.[55)] Die daling in die leerlingtal het in 1977 'n laagtepunt bereik, maar na die voltooiing van die nuwe gebouekompleks in dieselfde jaar, het dit weer geleidelik begin styg.

Daar was egter nie alleen wisseling in die grootte van die leerlingtal gedurende die jare 1966 tot 1982 nie, maar ook betreffende die hoofde en personeel.

## 5.3 ONTWIKKELING OP AKADEMIESE GEBIED

In teenstelling met die voorafgaande jare het daar gedurende die jare 1966 tot 1982 ook 'n vinnige verwisseling van adjunk- en vise-hoofde plaasgevind. Die pos van adjunk-hoof is in 1966 vir die eerste keer ingestel,[56)] en is agtereenvolgens gevul deur dr. PJ du Plessis (1967-1969), JSM Henning (1970-1972), OPJ Nel (1973-1976), NJJ van Rensburg (1977-1980) en CO Immelman (1981-1983). Vise-hoofde wat gedien het, was dr. PJ du Plessis (1965-1966), JSM Henning (1967-1969), ID van der Walt (1968-1974), OPJ Nel (1970-1972), PJP Henning (1974-1977) en MPA van der Walt (1975-1977).

Die pos van vise-hoof is in 1977 met dié van departementshoof vervang en die eerste departementshoofde was JL Robertse (Handels- en praktiese vakke), BD van der Westhuizen (Geesteswetenskappe) en MPA van der Walt (Opvoedkundige leiding). Laasgenoemde is in 1982 opgevolg deur JFB Coetzee wat in dieselfde pos aangestel is. In 1979 is J van Heerden aangestel as departementshoof vir Natuurwetenskappe en hy is in 1981 opgevolg deur FA Visser. Die eerste departementshoof vir Amptelike Tale was FJ Kok (1980-1981), wat

---

55 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 1/720, Vol. 2 : Skoolraadsekretaris/ Direkteur van Onderwys, 28.8.1974 ; Potchefstroomse Hoër Volkskool, Jaarblad, 1973-1974.

56 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 41, 1966, p. 43

die pos na sy vertrek in 1981 vakant gelaat het.[57)]

Daar het ook 'n groot wisseling van onderwyspersoneel voorgekom, maar vanweë die omvang daarvan word die name nie as bylae aangeheg soos by die vorige hoofstukke nie, en word slegs die aantal lede wat jaarliks op die personeel gedien het, in tabelvorm weergegee (kyk Tabel 1). Die drastiese besnoeiing van onderwyspersoneel vanaf 1974, hou verband met die skerp afname in die leerlingtal gedurende dieselfde jare.

TABEL 1

AANTAL PERSONEELLEDE VERBONDE AAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1966 - 1982

| JAARTAL | AANTAL PERSONEELLEDE | JAARTAL | AANTAL PERSONEELLEDE |
|---|---|---|---|
| 1966 | 45 | 1975 | 41 |
| 1967 | 48 | 1976 | 42 |
| 1968 | 48 | 1977 | 39 |
| 1969 | 49 | 1978 | 38 |
| 1970 | 50 | 1979 | 41 |
| 1971 | 52 | 1980 | 44 |
| 1972 | 54 | 1981 | 45 |
| 1973 | 50 | 1982 | 50 |
| 1974 | 44 | | |

Op akademiese gebied is die skool gedurende die jare 1966 tot 1974 voor besondere uitdagings gestel. Afgesien daarvan dat die skool Bybelkunde vanaf 1967 as 'n volwaardige akademiese vak aangebied het,[58)] is Potchefstroom Gimnasium vir die duur van hierdie jare saam met negentien ander Transvaalse skole aangewys om aan die projekskoolstelsel deel te neem. Hierdie proefneming van die TOD was daarop gerig om die onderwysprogram in skole minder eksamengerig te laat geskied, deur leerlinge hoofsaaklik op grond van selfstandige werk te evalueer.[59)] Die projekstelsel het die voordeel gehad dat die bedeelde kind goed kon presteer en dat die minder bedeelde kind nie buitensporig goed kan vaar deur vrae te "spot" nie.[60)]

---

57 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1966-1982

58 <u>Potchefstroom Herald</u>, 10.11.1967, p. 11

59 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 41, 1966, p. 43

60 <u>Potchefstroom Herald</u>, 19.1.1968, p. 3

Die skool het in 1966 'n aanvang gemaak met die implementering van die projek wat onder andere voorsiening gemaak het vir 'n tweeweeklikse toetssiklus en vir die doeltreffende benutting van die skoolbiblioteek. Om die beginsel van selfwerksaamheid aan te leer was leerlinge daartoe verplig om een werkstuk in elke vak per termyn te lewer. Die beginsel van differensiasie is ook daadwerklik in elke vak deurgevoer,[61)] en die personeel is in vakstudiekomitees ingedeel.[62)]

Die projekstelsel het beide personeel en leerlinge voor nuwe uitdagings gestel. Dit het meegebring dat die skoolbiblioteek meer doeltreffend benut is en dat kontinue evaluering in die vorm van gereelde toetssiklusse in die praktyk toegepas is. Daar het egter ook verset gekom van sommige personeellede wat verkies het om die tradisionele metodes van onderrig te volg.[63)] Die projekstelsel, wat interne eksaminering vir standerd tien ingesluit het, het aan die einde van 1974 ten einde geloop.

Gedurende die tweede helfte van die sewentigerjare is besondere akademiese resultate in veral Musiek,[64)] Wiskunde en Natuur- en Skeikunde behaal. 'n Voorbeeld van uitsonderlike prestasie is dié van Andries de Beer, 'n standerd nege-leerling wat in 1977 die goue Dirk van Rooy-medalje[65)] in die nasionale Wiskunde-Olimpiade verower het.[66)] In die nasionale Wetenskapsweek in

---

61 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 6/720 : Skoolinspeksieverslag, 19-22.6.1967

62 Potchefstroom Gimnasium, Notule van Ouer-Onderwysersvereniging, 27.5.1966, par. 5

63 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 6/720 : Skoolinspeksieverslag, 13-17.9.1971

64 Potchefstroomse Skoolraad, verw. 6/720 : Skoolinspeksieverslag : professioneel, 22-25.2.1977

65 Die medalje is vernoem na Dirk van Rooy wat in 1915 op agtienjarige ouderdom as Wiskunde-onderwyser aan Potchefstroom Gimnasium aangestel is. Hy is later aangestel as hoogleraar in Wiskunde aan die PU vir CHO en na sy dood in 1964 is hy deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer met die instel van die Wiskunde-Olimpiade. Dit is veral interessant om daarop te let dat Dirk van Rooy se dogter, mev. Nellie Postma, Andries de Beer se Wiskunde-onderwyseres was. (Potchefstroom Gimnasium, Gedenkalbum : Potchefstroom Gimnasium 1907-1982, p. 76)

66 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 52, 1977, p. 22

## TABEL 2

## EINDEKSAMENRESULTATE IN STANDERD TIEN, 1966 - 1982

| | JAAR | 1966 | 1967 | 1968 | 1969 | 1970 | 1971 | 1972 | 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 | 1978 | 1979 | 1980 | 1981 | 1982 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | INSKRYWINGSGETAL | 139 | 143 | 154 | 137 | 144 | 160 | 143 | 154 | 162 | 134 | 176 | 147 | 144 | 142 | 148 | 146 | 163 | 2 536 |
| | AANTAL DRUIPELINGE | 16 | 3 | 0 | 1 | 5 | 3 | 4 | 0 | 1 | 0 | 3 | 3 | 7 | 4 | 2 | 3 | 2 | 57 |
| | SLAAGPERSENTASIE | 88 | 98 | 100 | 99 | 98 | 98 | 97 | 100 | 99 | 100 | 98 | 98 | 95 | 97 | 99 | 99 | 99 | 98 |
| AANTAL VAKONDERSKEIDINGS | AFRIKAANS | 1 | 6 | 9 | 4 | 3 | 1 | | 6 | 16 | 25 | 23 | 16 | 9 | 20 | 14 | 20 | 17 | 190 |
| | ENGELS | | 1 | 8 | 2 | 1 | 2 | 2 | 6 | 10 | 10 | 12 | 8 | 10 | 16 | 9 | 15 | 15 | 127 |
| | WISKUNDE | 2 | 7 | 12 | 7 | 8 | 8 | 6 | 10 | 17 | 8 | 1 | 4 | 3 | 10 | 8 | 3 | 6 | 120 |
| | NATUURWETENSKAP | | 3 | 6 | 4 | 7 | 5 | 2 | 8 | 10 | 6 | 5 | 4 | 2 | 8 | 7 | 4 | 5 | 86 |
| | GESKIEDENIS | 3 | 10 | 13 | 5 | 4 | 4 | 2 | 7 | 6 | 9 | 11 | 2 | 4 | 6 | 6 | 5 | 8 | 105 |
| | BIOLOGIE | | 5 | 13 | 10 | 9 | 7 | 10 | 7 | 9 | 9 | 6 | 3 | 2 | 6 | 12 | 7 | 5 | 120 |
| | LATYN | | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | 3 | 1 | 1 | | 2 | 1 | 2 | 3 | | 2 | 24 |
| | REKENINGKUNDE | 4 | 3 | 2 | 5 | 3 | 3 | 7 | 1 | 3 | | 1 | 1 | | 3 | 6 | 2 | 2 | 46 |
| | DUITS | | 2 | 4 | 3 | 6 | 1 | 1 | 5 | 6 | 1 | | 4 | 2 | 4 | | 3 | 3 | 45 |
| | HUISHOUDKUNDE | 2 | 5 | 4 | 1 | 2 | 5 | 7 | 4 | 3 | 3 | 1 | | 3 | 2 | 4 | 1 | | 47 |
| | HOUTWERK/METAALWERK | | 1 | 2 | 1 | | | 1 | 1 | 1 | | 1 | | | 7 | 1 | 1 | 3 | 20 |
| | TIK | | | | | 1 | | | | 2 | | | | 1 | | | | 1 | 5 |
| | MUSIEK | | 1 | 1 | 1 | | 3 | 1 | | 1 | 1 | | 4 | 1 | 1 | 2 | | 4 | 21 |
| | AARDRYKSKUNDE | | 1 | | 1 | 4 | 1 | 1 | 4 | 4 | 3 | 7 | | 2 | 6 | | 2 | 2 | 38 |
| | KUNS | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | 1 |
| | BYBELKUNDE | | | | | 1 | | 1 | 4 | 6 | | 5 | 5 | 3 | 5 | 7 | 3 | | 40 |
| | EKONOMIE/BEDRYFS | | | 1 | | 8 | | 4 | 7 | 4 | | | | | | 1 | 3 | | 28 |
| | TSWANA | | | | | | | | | | | | | | 1 | 2 | 1 | 2 | 6 |
| | REKENAARSWETENSKAP | | | | | | | | | | | | | 2 | 4 | 8 | 2 | 4 | 20 |
| | TOTALE AANTAL ONDERSKEIDINGS | 12 | 46 | 77 | 46 | 59 | 41 | 46 | 73 | 99 | 76 | 73 | 53 | 45 | 101 | 91 | 72 | 79 | 1 089 |

1978 was 'n ander leerling, Detlev Tönsing, die algehele wenner.[67]

Die skool se matriekleerlinge het ook besonderlik presteer in die eindeksamens tussen die jare 1966 en 1982 (kyk Tabel 2). Die slaagsyfer vir hierdie periode was 98% teenoor 87% vir die tydperk 1938 tot 1965. So het ook die totale aantal onderskeidings wat behaal is, met 729 toegeneem. Wanneer die resultate vir die periode 1966 tot 1982 vergelyk word met dié van die ander groot sekondêre skool op Potchefstroom, naamlik die Hoër Volkskool, dui dit beslis op uitsonderlikheid.[68]

Ofskoon die stelsel van interne eksaminering gedurende 1974 beëindig is, kom dit nie voor of die oorskakeling na die eksterne stelsel enige noemenswaardige invloed op die skool se slaagsyfer uitgeoefen het nie.

In ooreenstemming met die jare 1938 tot 1965 is goeie resultate steeds in Wiskunde, Geskiedenis en Natuur- en Skeikunde behaal. Die meeste onderskeidings is egter in Afrikaans en Engels behaal, wat veral toegeneem het ná die voltooiing van die projekstelsel. Onderskeidings is ná 1966 vir die eerste keer in Kuns, Bybelkunde, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Tswana en Rekenaarwetenskap behaal.

Daar was gedurende die jare 1966 tot 1982 ook 'n skerp toename in die aantal leerlinge wat ses en selfs sewe onderskeidings in die standerd tien-eindeksamen behaal het. Leerlinge wat elk ses onderskeidings behaal het was: Linda Blom (1968), Isaac Venter (1969), Anna Venter (1970), Roelof Goosen (1971), Hendrik du Plessis (1974), Herculina du Plessis (1974), Ilse-Marie Karberg (1975), Marthinus Riekert (1975), André van der Merwe (1975), Esmé du Preez (1977), Andries Coetzee (1979), Hendrika Coetzee (1979), Willem Steenkamp (1980), Annake Badenhorst (1981) en Martha van Heyningen (1981). Daar was ook verskeie leerlinge wat sewe onderskeidings behaal het, naamlik Andries van der Walt (1972), Lourens van der Vyver (1977), Adré-Lucille Daniel (1980), Helena Oosthuizen (1980), Walter Smart (1981), Johannes Steenekamp (1982) en Leonard van der Dussen (1982).[69] Hierdie is ongetwyfeld

---

67 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 53, 1978, p. 58

68 Potchefstroom Hoër Volkskool, Jaarblad, 1966-1982

69 Potchefstroom Gimnasium, verw. 2/3 : Duplikate van matriekuitslae, 1966-1982

uitstaande prestasies en het ook besonder gunstige publisiteit van die plaaslike koerant ontlok.[70]

## 5.4 KULTURELE EN SPORTAKTIWITEITE

Die skool het gedurende die jare 1966 tot 1982 'n wye verskeidenheid kulturele en sportaktiwiteite aangebied en vervolgens word gepoog om in breë trekke 'n weergawe daarvan te gee. Nie alle prestasies wat gelewer is, word vermeld nie, maar slegs enkele hoogtepunte.

### 5.4.1 KULTURELE AKTIWITEITE

Die aktiwiteite van die debatsvereniging het in hierdie jare hoofsaaklik gesentreer om debatering en die deelname aan redenaarskompetisies. Die tydsgees het duidelik neerslag gevind in debatsonderwerpe soos byvoorbeeld "Moet ons Rhodesië help?", "Liberalisme en kapitalisme," Perssensuur," "Stakings," "Suid-Afrika se sportbeleid," "Hou Suid-Afrika se jeug tred met die jeug van die buiteland?", "Popmusiek" ensovoorts.[71]

Leerlinge het egter gedurende die sewentigerjare ook aan redenaars- en debatskompetisies begin deelneem wat op nasionale vlak aangebied is. In 1972 het Johan Mouton en Marié Breet aan die landswye kompetisie van die Junior Rapportryers deelgeneem,[72] terwyl Mariëtta Kruger in 1974 op dieselfde vlak om die louere meegeding het in die redenaarskompetisie van die ATKB.[73] Vir Susan Cameron en Almarie Harmse het 'n reis na Engeland in 1982 die kroon gespan op hulle sukses in die Rotariërbeweging se kompetisie vir redenaars.[74]

Die Voortrekkers van die Hendrik Potgieterkommando was voortdurend betrokke by volksfeeste en ander openbare geleenthede, asook by kompetisie-, veldwerk-, natuurbewarings-, selfbehoud-, hoofleierswag- en presidentsverken-

70 Potchefstroom Herald, 1966-1982

71 Potchefstroom Gimnasium, Notules van Debatsvereniging, 1966-1971

72 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1972, p. 29

73 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1974, p. 39

74 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1982, p. 5

nerskampe. Die hoogste toekenning vir 'n Voortrekker op sekondêre skool, naamlik dié van Presidentsverkenner, is oor die jare heen toegeken aan Johannes Fritz, Jacobus van der Colff, Hendrik Schoeman, Krause van der Walt (1968), Helena en Anné Schoeman, Betsie Arnold, M van Deventer (1969), F van der Colff (1974), Marietjie Eloff (1976), E Voordewind, W Steenkamp (1980), Ernst Basson, Victor D'Assonville (1981), Carina Kruger en Linette Lion-Cachet (1982).[75)] FWGM Karberg was vir die duur van hierdie periode die Kommandant terwyl die ledetal wat van die skool afkomstig was, tussen 60 en 115 gewissel het.[76)]

Die skool se kadetafdeling het gedurende 1969 'n leëreenheid geword en in die jare daarna besonderlik presteer. Die orkes het gedurende 1970 tot 1974 agtereenvolgens daarin geslaag om die orkeskompetisie van Noordwes Kommandement te wen en in 1970 boonop 'n vyfde plek in die nasionale kompetisie behaal.[77)] Die sukses hiermee het selfs uitgeloop op die maak van 'n langspeelplaat, met die titel "Op Marsmaat", onder leiding van Kapelmeester H Prins.[78)] Verder het die drilpeloton skoonskip gemaak in die drilkompetisies van Noordwes Kommandement, wat tussen 1979 en 1982 onafgebroke deur die peloton gewen is. Die peloton, onder leiding van luitenant FA Visser, het telkens ook op provinsiale vlak aan drilkompetisies deelgeneem.[79)]

Op die gebied van die uitvoerende kunste het die leerlinge 'n groot aantal uitstaande prestasies gelewer. Die sonderlinge onderskeiding om as beste toneelspelers in Transvaal aangewys te word, is tydens die ATKV-toneelkompetisies behaal deur Saskia Kempff (1966), Gerrit Schoonhoven (1975) en Jurgens Brand (1978). In 1966 het Thinus Höll die louere ingeoes tydens 'n skilderkompetisie wat aan hom 'n studietoekenning besorg het. Op musiekgebied het die skoolkoor onder leiding van Rina Hugo opgang gemaak met die vervaardiging van 'n langspeelplaat, "Gimmiesing", en in 1973 deurgedring tot die finaal van die Sarie-talentkompetisie. Die sukses van die skoolkoor het nie daar geëindig nie en in 1979 het die koor, onder MJ van Dyk se

---

75 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1966-1982

76 PP de Bruyn, persoonlike onderhoud : FWGM Karberg, 1984

77 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1970-1974

78 Potchefstroom Herald, 1.10.1971, p. 4

79 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1979-1982

ILLUSTRASIE 4 - DIE STAATSPRESIDENTSDINEE GEHOU OP 24 APRIL 1982

## POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

*75 jaar oud!*

# *Feesdinee*

**SATERDAG 24 APRIL 1982**

SENTRALE EETSAAL VAN DIE
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

# *Program*

| | |
|---|---|
| Tafelgebed | : Prof. J. C. Coetzee, rektor van die Teologiese Skool. |
| Verwelkoming | : Mnr. B. J. van der Walt, voorsitter van die Ouer-onderwyserverenigi̇ng. |
| Heildronk op die Staatspresident | : Prof. D. van Eeden namens die Beheerraad van Potchefstroom Gimnasium. |
| Die Staatspresident word aan die woord gestel | : Mnr. B. J. van der Walt. |
| Boodskap | : Die Staatspresident, mnr. Marais Viljoen. |
| Heildronk op Potchefstroom Gimnasium | : Lt.-genl. N. J. Nieuwoudt, Geneesheer-generaal van die S.A. Weermag. |
| Bedankingswoord | : Mnr. C. O. Immelman, waarnemende hoof van Potchefstroom Gimnasium. |

*Die Stem van Suid-Afrika*

leiding, 'n tweede plek in die Transvaalse ATKB-Applouskompetisie verower. Musiektalent aan die skool het dit in 1976 moontlik gemaak om selfs 'n eie simfonie-orkes, "Gim-Sim", in die lewe te roep. Indiwiduele prestasies op musiekgebied is in 1975 gelewer deur Jannie Boshoff, toe hy aangewys is as lid van die Junior SAUK-orkes, en deur Helène Hough wat in 1981 tot lid van die Nasionale Jeugorkes verkies is. Leerlinge wat hulle op die gebied van letterkunde onderskei het, is Christine du Toit en Ilse Steenberg. Eersgenoemde was in 1977 die Transvaalse wenner van die landswye opstelwedstryd oor Totius, terwyl laasgenoemde in 1982 reeds op jeugdige ouderdom 'n roman getiteld "Blou Vier, Groen Vier," gepubliseer het met gunstige kommentaar wat dit van resensente ontlok het.[80)]

Die leerlingraad wat gedurende 1967 tot stand gebring is, het nie alleen die skoolprefekte ingesluit nie, maar ook klasverteenwoordigers uit alle standerds in die skool.[81)] Hierdeur het die leerlinge meer seggenskap verkry in skoolsake waarby hulleself betrokke was. Die raad is mettertyd uitgebou tot 36 leerlinge. Gedurende 1980 het die leerlingraad 'n eie skoolkoerant, bekend as "Sasima", saamgestel. Die koerant was baie gewild onder die leerlinge en is in 1981 selfs deur die Junior Rapportryers in sy nasionale kompetisie vir gedrukte skoolkoerante as die beste aangewys.[82)]

Die jaar 1982 was vir die skool 'n besondere hoogtepunt met die herdenking van sy vyf-en-sewentigste bestaansjaar. Die feesvieringe is gereël deur die Oud-Gimmiebond, wat onder leiding van die skoolhoof, LA Dreyer, tot stand gebring is in samewerking met 'n voltydse organiserende sekretaresse.[83)] 'n Luisterryke feesdinee het op 24 April plaasgevind waartydens die Staatspresident die eregas was. Die dinee is deur 'n groot aantal oud-Gimmies en deur oud-hoofde van die skool bygewoon.[84)] Later dieselfde jaar het die Oud-Gimmiebond 'n gedenkalbum uitgegee waarin die skool se 75 bestaansjare in woord en beeld verhaal is. 'n Leergebinde eksemplaar van die

---

80 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1966-1982

81 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1966, p. 46

82 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1981, p. 75

83 Potchefstroom Gimnasium, Gedenkalbum : Potchefstroom Gimnasium 1907-1982, p. 79

84 Potchefstroom Herald, 27.4.1982, p. 2

album is op 17 September tydens 'n spesiale geleentheid aan die Direkteur van Onderwys in Transvaal, prof. JH Jooste oorhandig.[85]

5.4.2 SPORTBEDRYWIGHEDE

Die eerste rugbyspan kon tot voor die jaar 1967 nooit daarin slaag om die gesogte Administrateursbeker te verower nie. In die semi-finale wedstryd daardie jaar teen die Hoërskool Fakkel het die span 'n oorwinning van 9-7 behaal.[86] Die eindstryd het op Saterdag 9 September op Olënpark plaasgevind waar die pawiljoene gepak was met Gimmie-ondersteuners. Selfs hulle tradisionele aartsvyande, die Volkies (leerlinge van die Potchefstroomse Hoër Volkskool) het bankvas agter hulle gestaan en "saam met leerlinge van ander skole luidkeels verkondig aan wie se kant hulle staan".[87] Daar was sowat 5000 toeskouers wat toegekyk het hoe die span van Potchefstroom Gimnasium die span van Heidelberg Hoër Volkskool met 11-3 geklop het. Ofskoon 'n besering die Gimmies sedert rustyd met slegs veertien spelers op die veld gelaat het, was dit veral hulle besondere agterlynspel wat die knoop deurgehaak het.[88]

Hierdie prestasie is ongeëwenaard en sedertdien is daar slegs weer in 1978 deurgedring tot die eindstryd om die Administrateursbeker.[89] Die eer wat Hugo Slabbert in 1980 te beurt geval het om tot die Suid-Afrikaanse Skolerugbyspan verkies te word, is ook 'n unieke prestasie.[90] Die eerste rugbyspan is gedurende die jare 1966 tot 1982 afgerig deur J Henning, F Visser, D Cilliers, H Venter, A Myburgh, B Fourie, O Nel, J Robbertse, M Malan, M Postma, N van Rensburg en J Malan.

Op atletiekgebied het 'n groot aantal leerlinge hulle onderskei met hulle deelname aan die Suid-Afrikaanse Junior Atletiekkampioenskappe. Die volgende leerlinge het tussen die jare 1966 en 1982 hierdie hoë vlak van presta-

---

85 Potchefstroom Herald, 21.9.1982, p. 1

86 Potchefstroom Herald, 8.9.1967, p. 12

87 Potchefstroom Herald, 15.9.1967, p. 10

88 Potchefstroom Herald, 15.9.1967, p. 17

89 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1978, p. 24

90 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1980, p. 27

sie bereik:[91] R van den Berg, R Jacobs, B Malherbe, J Strydom (1967), R van den Berg, R Jacobs, S Kotzé, S van der Walt (1968), R Jacobs, M Erasmus, M Somers, M Haasbroek, F Schutte (1969), A van der Westhuizen, H Badenhorst, A van Rooyen, M Haasbroek (1971), J Lubbe, A van Rooyen, I van der Linde, S van Rooyen, A Potgieter, S Coetzee, D Robinson (1972), M Groenewald, I van der Linde, G du Plessis, D Robinson, G Malan (1973), E Strydom, M Rosslee, M Vorster, M Munnik, A van der Walt, C Pellisier (1974), M Munnik, C Pellisier, A van der Walt, M Vorster, M Rosslee, T van der Merwe (1975), J Eloff, M Vorster, H Prinsloo, A Marais, A Claassen, L Theron, A Schutte (1976), A Marais, J van der Walt, M Liebenberg, A Schutte, B Claassen (1977), J van der Walt, C Rautenbach, M Liebenberg, L Jansen, A Schutte (1978), B Badenhorst, P Marx (1979), M Liebenberg (1980), L van der Bank (1981), G Scholtz en C Diedericks (1982).

In netbal is slegs enkele uitstaande prestasies behaal. Die enigste deelnemers aan die Suid-Afrikaanse Junior Netbalkampioenskappe was Elsa en Stina Niemann in 1970.[92] In 1980 het die eerste netbalspan tot die finale Administrateursbekerwedstryd deurgedring.[93]

Leerlinge wat hulle in tennis onderskei het deur deelname aan die Suid-Afrikaanse Junior Tenniskampioenskappe is J de Jager, J Malan (1967), J Malan, I Fourie, J de Jager, J Marais (1968), J Marais, S van Zyl (1969), M Nagtegaal, H Hattingh (1973), M Nagtegaal (1974) en C van der Walt (1974-1976). In 1974 het die eerste seunspan gevorder tot in die semi-finaal vir die Administrateursbeker.[94]

In ander kleiner sportsoorte is daar ook verskeie prestasies opgelewer. Die eerste hokkiespan het in 1981 as medewenner van die Administrateursbeker saam met die Hoërskool Lydenburg uit die stryd getree.[95] Leerlinge wat die skool verteenwoordig het by die Suid-Afrikaanse Junior Swemkampioenskappe is D du Preez (1978), M Breitenbach (1979, 1981), A Geyser (1980),

---

91 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1966-1982

92 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1970, p. 81

93 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1980, p. 8

94 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1974, p. 75

95 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1981, p. 75

H Rheeders (1981) en S van der Wateren (1982). Deelnemers aan die Suid-Afrikaanse Junior Gimnastiekkampioenskappe is A Brewis, wat in 1972 ook 'n goue medalje verower het, W Roos (1979), M van Tonder (1979), Z van Eeden (1980), A Snyman (1981), H Lourens (1981), Marina Burger (1982) en Meiring Burger (1982). In 1980 is ook Junior Springbokkleure in gimnastiek aan Z van Eeden, J Smit en W Roos toegeken. 'n Minder bekende sportsoort is die mini-trampolien waarin S Geyser in 1977 Springbokkleure, en W Roos (1978) en T Smit (1979) Junior Springbokkleure verwerf het. Prestasies in stoei was seldsaam en slegs E van Baalen (1981-1982) en H van Baalen (1982) het aan die Suid-Afrikaanse Junior Stoeikampioenskappe deelgeneem.[96)]

## 5.5 TEN SLOTTE

Ofskoon die hoofde van Potchefstroom Gimnasium mekaar gedurende die jare 1966 tot 1982 vinnig opgevolg het, is elkeen se bydrae tot die skool onmiskenbaar. Die stempel wat elk van hierdie hoofde op die skool afgedruk het was egter nie so persoonlikgekleurd soos dié van die eerste twee hoofde nie. Daarvoor was hulle onderskeie termyne as hoofde waarskynlik van 'n te korte duur.

As hoof het AJ Combrink hom deeglik in die skool laat geld, veral met betrekking tot die projekstelsel wat hy suksesvol deurgevoer het.[97)] Hy het ook goed daarin geslaag om sy personeel te motiveer ten opsigte van hulle onderwysstandaard. In sy gesagsuitoefening het hy aan sterk optrede geglo en is hy ook allerweë as 'n streng hoof beskou, hoewel altyd billik en regverdig. Die buite-kurrikulêre musieksentrum kan vandag sekerlik beskou word as Combrink se blywendste nalatenskap aan die skool. Daardeur het hy gesorg dat die aansien van die skool se musiekdepartement nie alleen in Potchefstroom bekendheid verwerf het nie, maar oor die hele Wes-Transvaal.[98)]

Sy opvolger het 'n gebalanseerde onderwysprogram gevolg en, ofskoon hy 'n groot voorliefde vir sport gehad het, was die bevordering van kulturele ak-

---

96 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, 1966-1982

97 JSM Henning en JJ Hatting, "AJ Combrink" in Gedenkalbum : Potchefstroom Gimnasium 1907-1982, pp. 133-134

98 PP de Bruyn, persoonlike onderhoud : SCW Duvenage, 10.9.1987

tiwiteite aan die skool vir hom ook van besondere belang.[99] ABJ Kruger was die hoof terwyl die aanbouprogram, waarvoor sy voorgangers hulle onvermoeid beywer het, met groot ontwrigting op die skoolprogram uitgevoer is. Die skool het akademies egter steeds goed gevaar, gemeet aan die aantal leerlinge wat ses of sewe onderskeidings in hierdie tyd behaal het.[100]

LA Dreyer het na Kruger veral nadruk gelê op die skool se gevestigde tradisies en sy Christelik-nasionale gees en rigting. Hy het hom van meet af aan vereenselwig met die skool en sy eie-aard, wat hyself met groot geesdrif verwoord het:[101]

> "Dit is heerlik om die polsslag van die Gimmies te kan voel en wanneer 'n mens eers die ritme daarvan gekry het, word jy onwillekeurig saamgesleur die toekoms in."

Met hierdie benadering het hy die personeel en leerlinge dan ook aangespoor om die eie identiteit van die skool daadwerklik uit te leef. Sy persoonlike betrokkenheid by die stigting van 'n oud-skolierebond met die oog op die herdenking van die skool se vyf-en-sewentigste bestaansjaar in 1982, spreek byna vanself.

Besonder baie tyd en aandag is ook gegee aan die opknapping van die skoolterrein deur deeglike terreinbeplanning.[102]

Op akademiese gebied is daar besondere resultate behaal, wat veral blyk uit die groot aantal vakonderskeidings wat gedurende die matriekeindeksamens van 1979 en 1980 behaal is (kyk Tabel 2).

Dit sou nie billik of selfs moontlik wees om AN Grobler se bydrae tot die skool te beoordeel nie, aangesien slegs die eerste jaar van sy hoofskap deur

---

99 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 49, 1974, p. 5

100 LA Dreyer, <u>Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel</u>, pp. 215-216

101 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, 1979, p. 8

102 Potchefstroom Gimnasium, <u>Gedenkalbum : Potchefstroom Gimnasium 1907-1982</u>, p. 79

hierdie studie gedek word.

Die jaar 1982 plaas die kroon op 75 bestaansjare van Potchefstroom Gimnasium - 'n skool met 'n beskeie oorsprong, maar wat oor die jare heen uitgebou is tot 'n sekondêre skool van statuur.

Laastens word die eiesoortige simbole van Potchefstroom Gimnasium van nader beskou.

## 6. DIE SIMBOLE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1907 - 1982

Die simbole van Potchefstroom Gimnasium het reeds op 'n vroeë stadium in die skool se geskiedenis hulle beslag gekry. Die skool het ook oor die jare heen tradisies opgebou wat uitdrukking vind in hierdie simbole.

Die vernaamste simbole is die skoolleuse, -embleem, -kleure en -lied. Die leuse, "Fac et Spera", is waarskynlik afkomstig uit negentiende eeuse Nederland. Hierdie spreuk word aangetref in die Nederlandse Statebybel wat gedurende die vorige eeu algemeen in gebruik was in Suid-Afrika (kyk Illustrasie 1). Vanweë die skool se noue verbondenheid aan die Teologiese Skool en die Gereformeerde Kerk, is die skoolleuse klaarblyklik uit hierdie Bybel ontleen. Die spreuk het trouens al in 1898 op 'n medalje verskyn wat aan die beste studentedigter aan die Teologiese Skool te Burgersdorp toegeken is. Dis sekerlik van betekenis dat JD du Toit, een van die latere oprigters van Potchefstroom Gimnasium, die heel eerste ontvanger van die medalje was.[1] Die naam van "Het Studenteblad", 'n publikasie van die teologiese studente, is in 1905 self verander na "Fac et Spera." Met die oprigting van die Voorbereidende Skool in 1907 was "Fac et Spera" dus reeds 'n alombekende spreuk en is dit ook as leuse aanvaar. Later het die skooljaarblad van Potchefstroom Gimnasium, wat vanaf 1916 gereeld verskyn het, dieselfde naam gedra.

"Fac et Spera" is die Latynse vertaling vir "werk en hoop." Dit staan in die gebiedende vorm met die appèl om te werk of te "delf," soos dit in Nederlands vertaal word. Die betekenis van die woord is dus daarin geleë dat arbeid met volgehoue inspanning gepaard moet gaan, soos die delwer wat toegewyd werk om die skatte diep onder die oppervlakte van die aarde te vind. Volgens die Bybel is die hoop ook geen onsekere verwagting nie, maar wel 'n vaste sekerheid van dit waarop gehoop word.[2]

Die eerste skoolembleem vir die Voorbereidende Skool is tussen die jare

---


1 Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Notule van Studente Letterkundige Vereniging, 19.8.1898

2 VE D'Assonville, "Ons bring hulde : Totius en die Hoërskool Gimnasium" in Fac et Spera, 1977, p. 6

ILLUSTRASIE 1 - EMBLEEM IN DIE NEDERLANDSE STATEBYBEL



ILLUSTRASIE 2 - DIE EERSTE SKOOLEMBLEEM VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL



1905 en 1907 ontwerp, en is saamgestel uit 'n prominente weergawe van die Transvaalse Vierkleurvlag met 'n goudgeel agtergrond as basis.[3] Dit was skildvormig en omboor met fyn spiraalagtige koperdraadjies.[4] Die Vierkleurvlag op die embleem is heel waarskynlik kensketsend van die Afrikaner se vryheidstrewe wat duidelik op die voorgrond was met die skool se ontstaan. Onderwys is in daardie jare aangegryp as die enigste middel waardeur die Afrikaner sy verlore vryheid kon herwin. Hierdie strewe was baie sterk, veral in Transvaal waar dit ook uiting gevind het in die oprigting van die CNO-skole. Gedurende die jare 1914 en 1915 is hierdie vryheidsentiment opnuut gevoed deur politieke verwikkelinge in die land. Die studente en leerlinge van Potchefstroom was ook sterk onder die indruk van hierdie sentiment.[5] Die bewoording "Fac et Spera" het onderaan hierdie eerste skoolembleem van die Voorbereidende Skool voorgekom.

Die skool se kleure was aanvanklik groen, geel en wit. Hierdie kleure was ook deel van die effekleurige groen skoolbaadjie wat met 'n goudgeel koord omsoom is.[6]

In 1916 het die *Potchefstroom Gymnasium Korps* as kultuurvereniging sy eie embleem aanvaar.[7] Hierdie embleem het ook op die titelblad van die skool se eerste jaarblad in dieselfde jaar verskyn.[8] Die onderskrif van dié embleem was "In hope delf ik," wat die Nederlandse vertaling van die Latynse spreuk "Fac et Spera" was. Synde afkomstig uit die Nederlandse Statebybel was dié embleem waarskynlik die uitgewersmerk van òf die *Bybel-Compagnie* òf die firma *Joh. Enschedé en Zoonen* te Haarlem in Nederland.[9]

Hierdie embleem word volgens die basiese wapenkundige beginsels bestempel as "landskapsheraldiek" met 'n allegoriese inslag en wesentlik is dit dus

---

3 Kyk Illustrasie 2

4 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 28, Nov. 1952, p. 33

5 JV Coetzee, bandopname-transkripsie : mnr. Frikkie Robbertse

6 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 28, Nov. 1952, p. 33

7 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 1, Nov. 1916, p. 3

8 Kyk Illustrasie 3

9 C Pama, Korrespondensie : PP de Bruyn, 28.9.1981 ; Tj. Bijlsma, Korrespondensie : PP de Bruyn, 17.3.1982

ILLUSTRASIE 3 - EMBLEEM VAN DIE *POTCHEFSTROOM GYMNASIUM KORPS*




IN HOPE DELF IK

ILLUSTRASIE 4. - EMBLEEM VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WAT IN 1921 AANVAAR IS



ook onheraldies.[10] Die betrokke embleem is inderdaad ook nie as skoolembleem vir Potchefstroom Gimnasium aanvaar nie.

Gedurende die jare 1917 tot 1919 is verskeie pogings aangewend om 'n nuwe embleem vir die skool te ontwerp. Leerlinge wat hulle doelbewus vir 'n nuwe ontwerp beywer het, was H Groenewald, ene Jackson en John Davey. Groenewald en Jackson het volgens getuienis selfs vir Pierneef by hulle poging betrek, maar interessant genoeg, hierdie beroemde skilder se ontwerp onaanvaarbaar gevind.[11]

Dit was egter John Davey wat beslag gegee het aan 'n nuwe embleem vir die skool ná verskeie onsuksesvolle pogings deur die drie leerlinge gesamentlik. Hy het later beweer dat hy "iewers in 1919... in Kerkstraat gestap (het) toe 'n dame van voor aankom. Sy het 'n goue hangertjie gedra met 'n graaf en 'n pik wat mekaar kruis. Reg onder die kruis het 'n goue hartjie gehang. Onmiddellik het ek 'n idee gekry: Waar die goue hartjie hang, moet net 'n anker geplaas word. Siedaar, die graaf en die pik is mos simbole van arbeid en die anker die hoop. Ek het terug gehaas koshuis toe en die ontwerp probeer teken. Met die voorlegging daarvan was almal daarmee eens dat dit 'n uitstekende plan was".[12]

Hierdie embleem[13] is in 1921 aanvaar en was, aan heraldiese vereistes gemeet, beslis 'n verbetering op sowel die Korpsembleem as die oorspronklike skoolembleem. Volgens die Staatsheraldikus het die "persoon wat die latere skoolwapen ontwerp het, 'n goeie insig in die wese van die wapenkunde aan die dag gelê, want daar is op 'n klassieke wyse heraldiese gestalte gegee aan die spreuk FAC ET SPERA, gelees saam met die onderskrif IN HOPE DELF IK... Die slaggate van die sogenaamde landskapsheraldiek wat in die oorspronklike voorstellings verskyn, is dus vermy deur die aanwending van eenvoudige, maklik herkenbare en tewens sprekende figure".[14]

---

10 Staatsargiefdiens, Korrespondensie: NF Hartman/PP de Bruyn, 8.10.1981

11 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 24, Nov. 1948, p. 61

12 PJP Henning, "Gimnasium en ... ons taal", in <u>Fac et Spera</u>, 1975, p. 4

13 Kyk Illustrasie 4

14 Staatsargiefdiens, Korrespondensie : NF Hartman/PP de Bruyn, 8.10.1981

ILLUSTRASIE 5 - EMBLEEM VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM SOOS AANGEPAS IN 1980



Die skoolkleure is ook nou verander na blou, die hoofkleur wat trou simboliseer,[15] silwer (grys) en swart.[16] Hierdie kleure het deur die skool se geskiedenis onveranderd gebly.

In 1980 is geringe wysiginge aan die embleem aangebring waarna dit by die Buro vir Heraldiek as heraldies korrek geregistreer is. Die skool se naam is tegelyk gewysig om aan te pas by die oorspronklike benaming, "Potchefstroom Gimnasium".[17] Die simboliek asook die figure op die embleem is egter onveranderd gelaat.[18]

Daar was met die oprigting van die skool nog geen sprake van 'n eie skoollied nie. In 1922 het 'n leerling die "Gimnasium Lied"[19] geskryf, maar dit is nie bekend of die lied al 'n melodie gehad het nie.

GIMNASIUM LIED

"Gimnasiaste is ons allemaal;
Opregte seuns en dogters van Transvaal,
Uit egte Afrikaanse bloed,
Met nog dieselfde Trekkersmoed.
In Hope Delf Ons, ja, o ja,
En sal die vaandel altyd dra
Hou dit vas, Gimnasiaste,
Hou dit vas Gimnasium-skool.

Gimnasiaste, al maar wat ons is,
Maar tog ons doel en strewe is gewis,
Net hart, en siel, en hand aan hand,
Geen stap terug, steeds voorwaarts, want
In hope Delf Ons, ja, o ja,
En sal die vaandel dwarsdeur dra
Hou dit vas, Gimnasiaste,
Hou dit vas, Gimnasium-skool.

Gimnasiaste wees getrou en toon
Dat jul die naam uit roem en eer beloon;
Dra "Fac et Spera" altyd hoog,
Jul sal die naam dan steeds verhoog,

---

15 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 6, Junie 1922, p. 6

16 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 5, Junie 1921, p. 5

17 Potchefstroom Gimnasium, Bewys van registrasie deur Buro vir Heraldiek: skoolnaam en -wapen, 16.1.1981; Potchefstroom Herald, 21.3.1980

18 Kyk Illustrasie 5

19 Potchefstroom Gimnasium, Fac et Spera, No. 6, Junie 1922, p. 45

ILLUSTRASIE 6 - DIE SKOOLLIED MET DIE HUIDIGE MELODIE

**SKOOLLIED.**



En delf in Hoop, dis nie vergeefs,
Ja hoop en delf, dis nie vergeefs.
Hou dit dan vas Gimnasiaste,
Hou dit vas, Gimnasium-skool."

In 1926 is 'n lied, bekend as "Ons Skoollied," deur 'n tydelike onderwyser, H Hubscher geskryf. Die lied het op daardie tydstip "nogal taamlik byval (ge-)vind".[20] Sedertdien het die gewildheid daarvan toegeneem en in 1982 was dit steeds die skoollied van Potchefstroom Gimnasium. Die lied het klaarblyklik meer as een melodie gehad maar geen besonderhede is daaroor beskikbaar nie (kyk Illustrasie 6).

<u>ONS SKOOLLIED</u>

"In Transvaal se oue hoofstad
Aan die soom van Mooi-rivier,
Waar die groene wilgerbome
aan die landskap gee hul sier,
Daar's die plek waar ons gestreef het
In die vuur van onse jeug,
Waar ons harte bly geklop het
Van oorwinnings skone vreug.
Gimnasium Hoër! Gimnasium Hoër!
Ons sal jou steeds eer
Fac et Spera! Fac et Spera!
Werk en hoop steeds weer."

Leerlinge het ook dikwels gedigte ter ere van die skool geskryf en vir interessantheid word twee van hierdie gedigte aangehaal. In 1929 het P Jordaan 'n gedig geskryf wat só lui:[21]

<u>DIE GIMNASIUM HOëRSKOOL</u>

"Wit op die bultjie staan hy daar,
Deur môreson beskyn;
En rondom hom 'n kinderskaar,
Al is dit ook maar klein.

***

Gimnasium! Jou werk is groot,
Jou doel 'n ideaal:
Jy leer hul om hul lewensbrood
Deur eie werk te haal.

---

20 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 8, Nov. 1926, pp. 3-4, 7

21 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 10, Des. 1929, p. 5

Jou leuse is net hoop en werk,
Laat tog die moed nooit faal!
Maar stry met krag en wees ook sterk.
Behou jou ideaal!

***

Jy sien hul jaar vir jaar daar kom,
Jy sien ook dat hul gaan.
Elk op die baan nou oop vir hom:
Die weg het jy gebaan.
Gimnasium jou moet ons eer,
Want jy het ons gehelp.
Jy't ons die kans gegee vir leer,
Ons moet ook jou voorthelp.

***

Daar't ander skole opgerys,
Veel groter, mooier as jy,
Maar hier moet ek jou ook weer prys,
Standvastig 't jy gebly.
Al meer as twintig jaar geleë
Is jy vir ons gestig.
'n Volk met smart en sware weë
Het jy ook help rig.

***

Aan jou sal ons nog bly gedink,
Al staan jy daar nie meer,
En hoe jou ruite het geblink
Soos sonskyn op 'n meer.
Want in die toekoms wag vir jou
'n Plaasvervanger nog.
Al word 'n nuwe daar gebou,
Die naam beërf hy tog."

'n Ander gedig het in 1947 uit die pen van Erhardt Enslin verskyn:[22)]

<u>GIMNASIUM</u>

"Hier waar die wilgerbome,
langs die strate druipend staan;
hier het ek baie strome,
by my verby sien gaan!

Die een was skoon en helder,
die ander troebel vaal;
Maar almal het iets beter,
van Gimnasium weg gehaal!

---

22 Potchefstroom Gimnasium, <u>Fac et Spera</u>, No. 23, Okt. 1947, p. 71

'n Klompie sou vergeet het,
maar die meeste sal onthou;
En hulle is diegene,
Wat op die rotssteen bou!

Die rots van Fac et Spera,
eers Werk en dan kom Hoop;
Eers word die kind gebore;
en dan, daarna gedoop!

Baie het ook ietsie,
van hul eie hier laat bly;
Miskien 'n bietjie liefde,
of dalk 'n stil geskrei!

Die tydjie word al korter,
en ander sal moet gaan;
Miskien ook, ou Gimnasium,
rol oor hul wange 'n traan!"

Die skool se leuse, soos dit na vore kom in die embleem en die skoollied, gee uitdrukking aan twee belangrike beginsels van die Christelike geloof - *werk* en *hoop*. Hierdie is beginsels waarmee die skool hom sedert sy oprigting ten volle kon vereenselwig, en wat tewens die mees opvallende karaktertrek van Potchefstroom Gimnasium geword het.

## 8. SAMEVATTING

Die Gereformeerde Kerke in die Kaapkolonie het sedert die oprigting van die Teologiese Skool in 1869 te Burgersdorp, aktief by die onderwys betrokke geraak. Hierdie bemoeienis met die onderwys het nie alleen die opleiding van onderwysers behels nie, maar ook die oprigting van kerkskole. Die Gereformeerde Kerk van Burgersdorp self het in 1886 die Vrye Christelike Skool opgerig, wat gedien het as 'n voorbereidende skool vir voornemende predikante en onderwysers ter voorbereiding vir latere studie aan die Teologiese Skool. Sommige leerlinge wat voorbereidende onderwys in Burgersdorp ontvang het, het terselfdertyd die verhuising van die Teologiese Skool na Potchefstroom in 1905 meegemaak.

In Potchefstroom en omgewing was daar teen 1905 verskeie staatsondersteunde skole. Die sekondêre skole in Potchefstroom was uitsluitlik Engelsmedium skole waarin die taal en kultuur van die Hollands-Afrikaanse gemeenskap geen erkenning geniet het nie. Ofskoon die CNO-gedagte gedurende die jare 1901 en 1904 ook in Potchefstroom inslag gevind het, was die reikwydte daarvan hoofsaaklik tot primêre skole beperk.

Die Teologiese Skool het die voorbereidende onderwys wat sedert 1894 deur die skool self voorsien is, vanaf 1905 in Potchefstroom hervat. Hierdie onderwys was Christelik-nasionaal en het dus beantwoord aan die godsdienstige en kulturele behoeftes van die Hollands-Afrikaanse gemeenskap van Potchefstroom.

Vanweë die toename in die leerlingtal het die Kuratore van die Teologiese Skool in 1907 'n selfstandige skool, die Voorbereidende Skool, opgerig. Die leerlinge is aanvanklik in die biblioteek van die Teologiese Skool gehuisves maar in 1910 is 'n afsonderlike gebou vir die leerlinge opgerig. In 1917 is 'n tweede gebou opgerig om die steeds groeiende leerlingtal te kon akkommodeer.

In 1915 is die skool van 'n kerklik-beheerde na 'n staatsondersteunde inrigting verander. Die Voorbereidende Skool het tegelyk van naam verander en voortaan as Potchefstroom Gimnasium bekend gestaan. Verdere groei in die skool se leerlingtal het meegebring dat die skool in 1918 afgeskei het van die primêre afdeling, en verderaan as 'n volwaardige sekondêre skool ontwikkel het.

Die skool het reeds sedert die oprigting daarvan in 1907 'n eie embleem, leuse en kleure gehad. Hierdie simbole gee uitdrukking aan die eie-aard van die skool en hoewel dit tussen 1916 en 1921 aangepas is, het die leuse "Fac et Spera" onveranderd gebly. Saam met die skoollied, wat in 1926 aanvaar is, het hierdie simbole sedertdien onveranderd gebly.

Die noue verbintenis tussen Potchefstroom Gimnasium en sowel die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk as die Potchefstroomse Universiteit, het afgeneem nadat die skool sekondêre skoolstatus verkry het. Die betrekkinge met en die afhanklikheid van die Potchefstroomse Universiteit vir GHO op veral sportgebied, het egter voortbestaan tot in die laat twintigerjare. Daarna het die skool op hierdie terrein tot algehele selfstandigheid ontwikkel.

Gedurende die 75 jaar van die skool se bestaan het altesaam ses hoofde aan die stuur van die skool gestaan. Die eerste twee hoofde, JJA Coetsee en W de K Kruger, het 'n tradisie gevestig deurdat albei die skool oor 'n besonder lang periode in hierdie hoedanigheid gedien het. Daarna het AJ Combrink, ABJ Kruger, LA Dreyer en AN Grobler die hoofskap van die skool vir korter tydperke behartig. Dit het sedertdien geblyk dat hierdie vinnige verwisseling van hoofde tog ook 'n nadelige effek op die skool gehad het. Die skool het ongetwyfeld gedurende hierdie jare 'n insinking beleef betreffende algemene administrasie en beheer, en veral ook wat die dissipline oor die leerlinge en die personeel betref.

Die beheer oor die skoolgeboue wat deur die Kuratore van die Teologiese Skool behartig is, is reeds vanaf 1908 in die hande van 'n skoolkommissie geplaas. In 1921 is die Skoolkommissie vervang deur 'n Beheerraad vir Potchefstroom Gimnasium. Die skool- en koshuisgeboue is daarna onder die gesamentlike beheer van die Beheerraad en die Kuratore geplaas en tot 1927 op hierdie wyse onderhou. Met die oorname van die geboue deur die Provinsiale Regering is die koshuise voortaan alleenlik deur die Beheerraad beheer. Hierdie seggenskap oor die koshuise is in 1967 deur die Beheerraad prysgegee waarna dit deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie oorgeneem is.

Die skoolgeboue en -terreine het verskeie veranderings ondergaan. Na voltooiing van die eerste skoolgebou in 1910 is 'n meer doelmatige gebou in

1917 in gebruik geneem. Ofskoon hierdie gebou in 1935 opgeknap en vergroot is, het die gebou daarna strukturele swakhede vertoon wat die verdere modernisering daarvan onwenslik gemaak het. Gedurende die vroeë veertigerjare is 'n veel groter gebou op 'n meer geskikte terrein opgerig. Die skoolgebou is daarna verskeie kere gemoderniseer om uiteindelik vir sowat 750 tot 1000 leerlinge voorsiening te maak. Die terrein is ook ontwikkel om vir die nodige sportfasiliteite voorsiening te maak. Nuwe koshuise is gedurende die vyftigerjare opgerig wat meegebring het dat meer leerlinge geakkommodeer kon word.

Op akademiese gebied het die skool homself reeds op 'n baie vroeë stadium van die taalontwikkeling as een van die voorste Afrikaanse skole in die land bewys. Ofskoon die onderwysstandaard gedurende die twintigerjare nie van hoogstaande gehalte was nie, het dit daarna tot besondere hoogtes ontwikkel. Die onderwyspersoneel was toegewyd aan hulle taak, hoewel dit bemoeilik is deur 'n besonder uitgebreide kurrikulum. Dit het egter nie verhoed dat die skool mettertyd ook op akademiese gebied uitgestyg het nie. Die skool is trouens in die huidige tyd bekend vir sy hoogstaande akademiese resultate, soos bewys word deur die talle vakonderskeidings wat in die eksterne matriekeksamens behaal word.

Die skool se onderwyspersoneel was egter nie slegs bekend vir hulle toewyding op akademiese gebied nie, maar veral ook vir hulle opvoedingsfunksie. Gedurende die vroeë jare van die skool se bestaan het hulle hulle letterlik afgesloof in belang van die kind se opvoeding. Die groot taak wat die skool in hierdie verband verrig het, is telkens in skoolinspeksieverslae te berde gebring. Dit het ook duidelik geword dat die skool se hoofde geen geringe rol hierin gespeel het nie.

Kultuur en sport is oorspronklik deur sowel onderwyser as leerling slegs as opvoedingsmiddele beskou. Ofskoon die kompetisie-idee altyd daarin aanwesig was, het die wenmotief nie 'n oorheersende rol gespeel nie. Gedurende die latere jare in die skool se bestaan is besondere kulturele en sportprestasies wel behaal. Dit is veral op kulturele terrein waar die skool mettertyd 'n besonder sterk tradisie gevestig het. Hierdie gevolgtrekking is veral waar ten opsigte van ontwikkelinge op die gebied van musiek. Op sportgebied word in onlangse jare veral in krieket, atletiek en rugby presteer.

Die skool het sedert sy ontstaan 'n tuiste gebied vir leerlinge wat onderwys volgens die Christelik-Gereformeerde tradisie wou ontvang. Dit was terselfdertyd 'n toevlugsoord vir 'n Afrikanergemeenskap wat besondere waarde aan moedertaalonderrig geheg het. Hierdie eie-aard is oor die 75 jare in die skool se bestaan verdiep en uitgebou tot 'n ryke tradisie.

Potchefstroom Gimnasium is 'n skool met 'n tradisieryke en trotse verlede. Dis 'n skool met 'n veelbewoë geskiedenis van stryd en oorwinning. En vandag staan hierdie skool as 'n monument van die "oorwinnings skone vreug" van duisende leerlinge en onderwysers se toewyding aan sy leuse: werk en hoop - Fac et Spera!

## BYLAES

## BYLAE 1

### DIE SKEMA VIR VOORBEREIDENDE ONDERWYS

1. 'n Toelatingseksamen word elke jaar in Desember by die professore afgelê om tot die Teologiese Skool toegelaat te word.
2. Elke kandidaat sal 'n sekere bedrag daarvoor betaal.
3. Die toelatingseksamen vereis die volgende:

   "Lezen. Net vloeiend en verstaanbaar lezen van een klein stukje gemaklijk Nederlandsch en Engelsch proza, waarbij enkele vragen over de taalvormen en het zinsverband zullen worden gedaan.

   Schrijven - zal naar schriftelijk werk worden geoordeeld.

   Rekenen - de eerste beginselen van rekenkunde met breuken, sommen, vaardigheid in het oplossing van eenvoudige toepasselijke vraagstukken.

   Nederlandsche Taal. Kennis van de hoofdregels der Spraakkunst, welke mocht blijken uit een dictee.

   Engelsche Taal. Kennis van de hoofdregels der Spraakkunst, welke mocht blijken uit een dictee.

   Geschiedenis. Kennis van de voornaamste feiten en jaartallen uit die geschiedenis des Vaderlands Aardrijkskunde. De Aardrijkskunde van Afrika, voornamelijk Zuid-Afrika. Een overzicht van de algemeene Aardrijkskunde."
4. Die klasse aan die Teologiese Skool word soos volg ingedeel:

   "Eerste Klasse" (Een jaar)

   Latyn, Nederlands, Duits, Engels, Vaderlandse geskiedenis, Ou geskiedenis, Bybelgeskiedenis, Aardrykskunde, Algebra, Meetkunde, Rekenkunde, Natuurkunde en Fisiologie.

   "Tweede Klasse" (Een jaar)

   Dieselfde vakke, net meer uitgebreid met Algemene geskiedenis daarby.

   "Derde Klasse" (Een jaar)

   Dieselfde vakke as in die eerste twee jare met die byvoeging van Grieks.

   "Vierde Klasse" (Een jaar)

   "Matriculasie-werk" sowel as die volgende vakke:

   Duits, Vaderlandse geskiedenis, Ou geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurkunde, Fisiologie, Algemene geskiedenis, Kerkgeskiedenis.

   "Vyfde Klasse" (Twee jaar)

   a) "De vakke van het Literarisch Examen"
   b) "Intermediate werk"

   "Zesde Klasse" (Twee jaar)

   "B.A.-werk"

BYLAE 2

ONDERWYSPERSONEEL VERBONDE AAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1908-1965

| ONDERWYSER | JAAR VAN AANSTELLING |
|---|---|
| JJA Coetsee (hoof) | 1908 |
| DJ van Rooy | 1915 |
| FJ le Roux | 1917 |
| JC Coetzee | 1917 |
| JV Coetzee | 1917 |
| JL Zerwick | 1918 |
| JM Weston (Mej) | 1918 |
| JB Janse van Ryssen | 1919 |
| CG Gedat | 1920 |
| HA Steyn | 1921 |
| FL Scheepers | 1921 |
| P Kruger | 1921 |
| AF Snyman (Mej) | 1922 |
| DJ du Plessis | 1923 |
| J Aucamp | 1923 |
| K Geertsema | 1924 |
| J de Ruiter | 1924 |
| PJ Strydom | 1924 |
| PF van Schouwenburg | 1924 |
| WF Dekker | 1927 |
| M Jankelson (Mej) | 1933 |
| S Postma (Mej) | 1934 |
| BC Schutte | 1936 |
| G van Duyn | 1937 |
| PJ du Plessis | 1938 |
| Dr PA Brandt | 1938 |
| PE van Coller | 1939 |
| PJ du Plessis | 1939 |
| E Tönsing | 1939 |
| AM du Plessis (Mej) | 1940 |
| Crossby (Mej) | 1940 |
| JS du Plessis | 1940 |
| HJ O'Neil | 1940 |
| AP Grové | 1941 |

| | |
|---|---|
| V Harries (Mej) | 1941 |
| J Viviers (Mej) | 1942 |
| H Venter (Mej) | 1943 |
| A Troskie (Mej) | 1943 |
| PW Havenga | 1943 |
| NJ van der Westhuizen | 1944 |
| NBK Roothman | 1944 |
| J Scholtz | 1944 |
| J Erasmus | 1944 |
| A Lohann (Mej) | 1945 |
| Van Biljon (Mej) | 1945 |
| PW Bingle | 1945 |
| DC Uys | 1946 |
| H Kruger (Mej) | 1947 |
| M du Toit (Mej) | 1947 |
| Dr AG Coetzee | 1947 |
| DJ de Lang | 1947 |
| JC Coetzee | 1947 |
| JJ Coetzee | 1948 |
| J Spoelstra | 1948 |
| S Beytell | 1948 |
| Z Naudé | 1948 |
| J Esterhuizen | 1948 |
| DP Erasmus | 1949 |
| BJ Keet | 1949 |
| HJ Preller (Mev) | 1949 |
| Potgieter (Mej) | 1949 |
| G Botha (Mej) | 1950 |
| H Boon (Mej) | 1950 |
| A le Roux | 1950 |
| FJC Visser | 1950 |
| E Rautenbach (Mev) | 1950 |
| AC van der Merwe (Mej) | 1951 |
| Z van der Walt (Mej) | 1951 |
| CJ Bekker | 1951 |
| JJP Steyn | 1951 |
| LJ Nelson | 1951 |

| | |
|---|---|
| S Murray | 1951 |
| AM Dirker (Mej) | 1952 |
| S Solowitz (Mej) | 1952 |
| WM Conradie (Mej) | 1952 |
| AB van Vuuren | 1952 |
| FWGM Karberg | 1952 |
| WJ James | 1952 |
| A Pienaar | 1952 |
| SF Bloem | 1953 |
| E Meyer | 1953 |
| GS Coetzee | 1953 |
| WJ Venter | 1953 |
| AS Pretorius (Mej) | 1953 |
| J Boon (Mej) | 1953 |
| J Dippenaar | 1954 |
| PR de Lange | 1954 |
| JH van Heerden | 1954 |
| S van der Westhuizen (Mej) | 1954 |
| H Norvall (Mej) | 1954 |
| EM Botha | 1955 |
| AC van der Westhuizen | 1955 |
| MJ Esterhuizen | 1955 |
| J van der Walt | 1955 |
| BD van der Westhuizen | 1956 |
| T van Wyk | 1956 |
| NJ Pienaar | 1956 |
| M Leuschner (Mev) | 1956 |
| PP Schutte | 1957 |
| MHS Brits (Mev) | 1957 |
| MM Coetzee (Mev) | 1957 |
| AE van Rensburg (Mev) | 1957 |
| IS Pretorius | 1958 |
| JS Bezuidenhout | 1958 |
| JSM Henning | 1958 |
| JJ Hattingh | 1959 |
| WP van Niekerk | 1959 |
| I Kempen | 1959 |

| | |
|---|---|
| E Pelissier (Mev) | 1959 |
| CJ Pretorius (Mej) | 1959 |
| A Piso (Mej) | 1959 |
| AA Jacobs | 1960 |
| LJR Kritzinger | 1960 |
| HP van der Westhuizen | 1960 |
| GPJ du Toit | 1960 |
| E Brink (Mej) | 1960 |
| JS van der Walt | 1961 |
| PJ Aucamp | 1961 |
| WV Liebenberg | 1961 |
| MC Buys | 1962 |
| MJJ Erasmus | 1962 |
| EM Kruger (Mej) | 1962 |
| VL Venter (Mej) | 1962 |
| A Viljoen (Mej) | 1962 |
| AF Arnoldi | 1963 |
| HA Prins | 1963 |
| Dr FD du Plooy | 1963 |
| HJ Weber | 1963 |
| ME Kilian (Mej) | 1963 |
| HM Oosthuizen (Mej) | 1963 |
| A Jacobs | 1963 |
| AF Doman (Mev) | 1963 |
| J du Plessis | 1963 |
| JG Brewis | 1964 |
| LN Viljoen | 1964 |
| JL Marais | 1964 |
| JB Espach | 1964 |
| PC Schutte | 1964 |
| JC Snyman | 1964 |
| AM Korb (Mej) | 1964 |
| CS Steyn (Mej) | 1964 |
| BJ Geertsema (Mej) | 1964 |
| JCF Fourie | 1964 |
| AJ Pienaar | 1965 |
| IJ Henning | 1965 |

| | |
|---|---|
| DA Cilliers | 1965 |
| JJ Botha | 1965 |
| A Smit | 1965 |
| MI Pieters (Mej) | 1965 |
| JA Smuts | 1965 |
| JA Ranwell (Mev) | 1965 |
| EE van Schouwenburg (Mev) | 1965 |
| SC Henning (Mev) | 1965 |

BYLAE 3

DIE DUX-LEERLINGE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1915-1982

| JAARTAL | NAAM VAN LEERLING(E) |
|---|---|
| 1915 | - |
| 1916 | M Lugtenburg |
| 1917 | - |
| 1918 | - |
| 1919 | - |
| 1920 | JA Coetzee |
| 1921 | AP de Villiers |
| 1922 | S du Toit |
| 1923 | P Stoker |
| 1924 | IJ van der Walt |
| 1925 | LCF Klopper |
| 1926 | JL Vorster |
| 1927 | Johan van Ryssen |
| 1928 | Matthys Lourens |
| 1929 | Henri van Rooy |
| 1930 | J Spoelstra |
| 1931 | JA du Plessis |
| 1932 | Jan Hers |
| 1933 | Polly Steenkamp |
| 1934 | Sarel Pretorius |
| 1935 | Lasea le Roux |
| 1936 | Theunis Pretorius |
| 1937 | Charl Viljoen |
| 1938 | Hettie Venter |
| 1939 | Jan de Waal |
| 1940 | Helena Olivier |
| 1941 | Gudrun Eiselen |
| 1942 | Dirk du Toit |
| 1943 | Reneé du Plessis |
| 1944 | Bennie van der Merwe |
| 1945 | David Stoker |
| 1946 | Laura Heese |
| 1947 | Renata Coetzee |
| 1948 | Leonora Thiel |
| 1949 | Chris Lessing |

| | |
|---|---|
| 1950 | Quintus de Kock |
| 1951 | Therese van der Merwe |
| 1952 | Pieter van der Dussen |
| 1953 | Stephanus du Toit |
| 1954 | Heila Naudé |
| 1955 | Bauke Spoelstra |
| 1956 | Ernest Wepener |
| 1957 | Dewald Roode |
| 1958 | Christo Combrinck |
| 1959 | Johanna de Villiers |
| 1960 | Marie Pienaar en Theo Jooste |
| 1961 | Marita Brink |
| 1962 | Margaretha Hattingh |
| 1963 | Casper Willemse |
| 1964 | Hester Combrinck |
| 1965 | Adriaan Goosen |
| 1966 | Vorster Combrink en Marie Coetzee |
| 1967 | Gerrit Pienaar |
| 1968 | Izak Fourie |
| 1969 | Gerhard Fick |
| 1970 | Susanna Venter |
| 1971 | Roelof Goosen |
| 1972 | Getruida van Biljon |
| 1973 | K Riekert |
| 1974 | Hendrik du Plessis |
| 1975 | Ilse-Marie Karberg |
| 1976 | Gerrit Schoonhoven |
| 1977 | E du Preez |
| 1978 | Detlev Tönsing |
| 1979 | Hendrika Coetzee en Berna Claassen |
| 1980 | Helena Oosthuizen |
| 1981 | Marina van Heyningen |
| 1982 | Johannes Steenekamp |

BYLAE 4

DIE HOOFSEUNS EN HOOFMEISIES VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 1916-1982

| JAARTAL | HOOFSEUN | HOOFMEISIE |
|---|---|---|
| 1916 | D Gilliland | |
| 1917 | J Broekman | |
| 1918 | W Labuschagne | |
| 1919 | J Davey | |
| 1920 | HP Malan | |
| 1921 | AL Labuschagne | |
| 1922 | J de Klerk | |
| 1923 | C du Toit | |
| 1924 | G König | |
| 1925 | HJ Potgieter | |
| 1926 | CE Schutte | |
| 1927 | Jerry van Graan | |
| 1928 | J Havinga | |
| 1929 | J Malan | |
| 1930 | P Jordaan | |
| 1931 | GP Schoeman | |
| 1932 | JM de Wet | |
| 1933 | N Viljoen | |
| 1934 | Sarel Pretorius | |
| 1935 | J Hamman | |
| 1936 | A Kotzé | Maria van Bruggen |
| 1937 | P Malan | M Venter |
| 1938 | A Kruger | Hettie Venter |
| 1939 | T Smal | Anna Botha |
| 1940 | Johannes Malan | Helena Olivier |
| 1941 | Dirk van Rooy | Gudrun Eiselen |
| 1942 | H de Bruyn | A Stander |
| 1943 | Kobie van Wyk | Johanna Postma |
| 1944 | Anton Heyns | Clara du Plessis |
| 1945 | Japie Kruger | Marthie du Toit |
| 1946 | Marthinus Coetzee | Helena Scheepers |
| 1947 | Koos Jooste | Renata Coetzee |
| 1948 | Fanie Bothma | Sophia Labuschagne |
| 1949 | Michael Terreblanche | Marietjie Coetsee |

| | | |
|---|---|---|
| 1950 | Quintus de Kock | Marike Postma |
| 1951 | Erasmus Smit | Edna Kruger |
| 1952 | Pieter Thiel | Silvia Mulder |
| 1953 | Hennie van der Walt | Mercia du Toit |
| 1954 | Jan van der Schyff | Hermina van der Dussen |
| 1955 | Edgar Engelbrecht | Magdalena Strydom |
| 1956 | Jan Brink | Marilena Spoelstra |
| 1957 | Izak Lessing | Anette Scholtz |
| 1958 | Dirk van den Berg | Rina Bierman |
| 1959 | Johann van der Schyff | Hermine le Roux |
| 1960 | Cornelis J van Rensburg | Rita Steyn |
| 1961 | Andries Cuyler | Mercia Venter |
| 1962 | Gawie Yssel | Ina Prinsloo |
| 1963 | Jan Schutte | Ansie Bierman |
| 1964 | Fanie Coetzee | Mariëtte Leuschner |
| 1965 | Jan Venter | Andre de Wet |
| 1966 | A Coetzee | M Coetzee |
| 1967 | JS Lessing | EM Hattingh |
| 1968 | JY Stofberg | RA Pienaar |
| 1969 | GH Fick | GC Marais |
| 1970 | E van der Walt | AS Venter |
| 1971 | HJC Haasbroek | E Dreyer |
| 1972 | TF Breedt | SE Coetzee |
| 1973 | B Hattingh | R Riekert |
| 1974 | H du Plessis | S Badenhorst |
| 1975 | T Riekert | M Kruger |
| 1976 | T Joubert | M Kritzinger |
| 1977 | T de Plessis | M Rosslee |
| 1978 | G Grové | M D'Assonville |
| 1979 | T Marais | B Claassen |
| 1980 | T Maree | L Gouws |
| 1981 | V D'Assonville | D van Lutterveld |
| 1982 | M Ferreira | D Botha |

## BRONNE

### 1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALIA

#### 1.1 ARGIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK, POTCHEFSTROOM

Notules van die Algemene Vergadering van Transvaal, 1904-1917

Notules van die Kuratore van die (Gereformeerde) Teologiese Skool, 1902-1919

#### 1.2 ARGIEF VAN DIE SKOOLRAAD, POTCHEFSTROOM

Potchefstroom Gimnasium:

1/33/8 Gimnasium Hoërskool, Koshuise, Januarie 1964-1967

1/33/8 Gimnasium Hoër, Koshuise, volume 2

6/720 Gimnasium Hoër, Rapporte, 1950-1978

1/720 Gimnasium Hoërskool, Geboue en terreine, volume 2, 1971-1976

XIV/720/4 Organisasie Skoolinspekteur en Inspekteursrapporte, Februarie 1953-April 1964

#### 1.3 ARGIEF VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

Aanstellingsbrief van SG Yssel as PII hoof, 13.7.1918

Beheerraadsnotules, 1921-1935; 1935-1949; 1950-1951; 1965-1979; 1979-1982

Bewys van registrasie deur die Buro vir Heraldiek: skoolnaam en -wapen, 16.1.1981

Ererol

Matriekuitslae, 1966-1982

Notules van die Debatsvereniging, 18.2.1927-18.11.1938

Notules van Koshuiskomitee, 1922-1948

Notules van Ouer-Onderwysersvereniging, 8.6.1970-13.10.1982

Notules van die Skoolkommissie, 1914-1919

Skooljoernaal I (1915-1918) ; Skooljoernaal II (1918-1959) ; Skooljoernaal III (1960-1982)

Skoolinspeksieverslae, 8.10.1915-15.9.1958

#### 1.4 ARGIEF VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO

Notules van die Studente Letterkundige Vereniging, Burgersdorp, 1898

## 1.5 ARGIEF PP DE BRUYN

Brief van Staatsheraldikus (NF Hartman) aan PP de Bruyn, 8.10.1981

Brief van C Pama aan PP de Bruyn, 28.9.1981

Brief van Tj. Bijlsma, Direkteur van die Bÿbels Museum en Bÿbelwerkplaats te Amsterdam, Nederland, aan PP de Bruyn, 17.3.1982

## 2. REGERINGSPUBLIKASIES

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT *Jaarverslae*, 1918-1938. Pretoria, Staatsdrukker.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT *Plaaslike bestuur van Onderwysinrigtings*. Pretoria, Staatsdrukker.

## 3. MANUSKRIPTE

COETZEE JV, "Die laaste CNO-skool word 'n staatskool"
"Die oudste Afrikaans-medium skool"
"Hoër Gimnasium"
"Ontstaan en ontwikkeling van die Gimnasium", Februarie 1973[1]
"Oom Ad en tant Kitty Coetsee"

DEPARTEMENT BODEMKUNDE, "Resultate van 'n ondersoek na die oorsake van die probleme van Gimnasium sportvelde en voorstelle vir die oplossing van die probleem." PU vir CHO, 1978

## 4. BANDOPNAME-TRANSKRIPSIES

COETZEE JV, Transkripsie van onderhoud met JJA Coetsee (sonder datum)

COETZEE JV, Transkripsie van 'n onderhoud met J Chris. Coetzee (sonder datum)

COETZEE JV, Transkripsie van 'n onderhoud met mnr. Frikkie Robbertse (sonder datum)

## 5. ONDERHOUDE

DE BRUYN PP, Onderhoud met FWGM Karberg, 1984

DE BRUYN PP, Onderhoud met SCW Duvenage, 10.9.1987

DE BRUYN PP, Onderhoud met HB Kruger, 21.9.1987

DE BRUYN PP, Onderhoud met SP van der Walt, 6.10.1987

## 6. PROEFSKRIFTE/VERHANDELINGE

BARNARD A, *Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys in Transvaal, 1836-1934.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, UP, 1935

BINGLE PW, *Die Gereformeerde Kerk en die onderwys in Suid-Afrika, 1850-1959.* Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, PU vir CHO, 1960

CILLIERS DH, *Die geskiedenis van Christelik-nasionale onderwys in Kaapland tot 1900.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1940

DREYER LA, *Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO, 1982

HAASBROEK DJP, *Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881.* Ongepubliseerde MA-verhandeling, PU vir CHO, 1955

## 7. KOERANTE EN PERIODIEKE PUBLIKASIES

### 7.1 KOERANTE

*De Westelike Stem,* 1920-1938

*Die Weste,* 1918-1932

*Potchefstroom Herald,* 1915-1982

### 7.2 PERIODIEKE PUBLIKASIES

*Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,* 1904-1911

*Fac et Spera* (Gereformeerde Kerk), 1907-1908

*Fac et Spera* (Potchefstroom Gimnasium), 1916-1982

*Het Studentenblad* (Gereformeerde Kerk), 27.4.1904

*Jaarblad* (Potchefstroom Hoër Volkskool), 1966-1982

## 8. TYDSKRIFARTIKELS

COETZEE J Chris., "Voorbereidende Skool te Potchefstroom," *Koers no. 25,* Oktober 1957

OUD-LEERLING (PSEUD.), "Oudste Afrikaanse hoërskool," *Die Ruiter no. 1,* 28.11.1947

## 9. ANDER GEPUBLISEERDE WERKE


BARNARD SS en COETZEE AG, *Blanke-onderwys van Kaapland tot Transvaal.* Potchefstroom, Pro Rege, 1976

COETZEE J Chris., *Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in die Transvaal 1859-1937.* Bloemfontein, Nasionale Pers, 1939

COETZEE J Chris., *Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1956.* Pretoria, Van Schaik, 1958

COETZEE JV en COETZEE J Chris., *Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom 1863-1938.* Potchefstroom, Westelike Stem, s.j.

ELOFF T, *Die Gereformeerde Kerk en die Voorbereidende Skool 1905-1914.* Potchefstroom, Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1980

ENGELBRECHT SP, *Thomas Francois Burgers.* Pretoria, De Bussy, 1933

GEREFORMEERDE KERK, *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959.* (Eeufeesgedenkboek), Potchefstroom, Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1959

JENKINS G, *A century of history: the story of Potchefstroom.* Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1939

LUGTENBURG AH, *Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900.* Pretoria, Van Schaik, 1925

MULLER CFJ, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Pretoria, Academica, 1975

PAMA C, *Die groot Afrikaanse familienaamboek.* Kaapstad, Human en Rousseau, 1983

PAMA C, *Heraldiek in Suid-Afrika.* Kaapstad, AA Balkema, 1956

POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, *Gedenkalbum : Potchefstroom Gimnasium 1907-1982.* Pretoria, Oud-Gimmiebond, 1982

VAN DER VYVER GCP, *My erfenis is vir my mooi, 1869-1969.* Potchefstroom, Kalvyn Jubeleum Boekefonds, 1969

VAN DER WALT AJH, BADENHORST WJ, COETZEE J Chris. en JENKINS EH, *Potchefstroom 1838-1938.* Potchefstroom, Potchefstroomse Stadsraad, 1938